

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA**

INKARNASIE DEUR APOSTOLIESE LEIERSKAP

**‘n Missionale Inkarnasiemodel vir Nederduitse Gereformeerde
gemeentes in voorstedelike gemeenskappe, met spesiale
verwysing na die apostoliese leierskap van Paulus.**

deur

CORNELIS JOHANNES LINDEQUE

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MEESTER IN TEOLOGIE
GODSDIENS- EN SENDINGWETENSKAP**

FAKULTEIT TEOLOGIE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF CJP (NELUS) NIEMANDT

Augustus 2017



VERKLARING

Ek verklaar dat die verhandeling wat ek hiermee vir die graad MTh (Fakulteit Teologie) aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan hierdie of 'n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

Handtekening

Datum

OPSOMMING.

In kerklike sowel as teologiese kringe wêreldwyd word die afgelope dekades ernstige aandag aan die ontwikkeling van missionale gemeentes gegee. In 2013 het die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika hierby aangesluit deur die aanvaarding van 'n beleidsdokument om gemeentes aan te moedig en te bemaatig om as missionale gemeentes te ontwikkel. In die tesis word die pogings van 'n voorstedelike gemeente in Centurion - Doornkloof Familiekerk - om te ontdek wat dit behels om 'n missionale gemeente, wat in die gemeenskap van Doringkloof geïnkarnear is, te wees - beoordeel.

In die inleidende *Hoofstuk 1* word die navorsingsvoorstel aan die orde gestel. In die daaropvolgende *Hoofstuk 2* word die teologiese begrippe wat as basis vir die ontwikkeling van 'n missionale teologie en praktyk - die begrippe *missio Dei* en *missio ecclesiae* – dien, omskryf.

Ten diepste gaan dit in die ontwikkeling van 'n missionale gemeente om *inkarnasie*, om op die voetspoor van Christus te ontdek wat dit beteken om in hierdie wêreld - en in die plaaslike gemeenskap - geïnkarnear te word. *Hoofstuk 3* gee hieraan aandag, onder meer deur die belangrikheid van kontekstualisering en inkulturasie vir die plaaslike gemeente te omskryf.

In *Hoofstuk 4* word die eise van apostoliese leierskap aan die hand van die voorbeeld van die apostel Paulus bespreek. Heelwat aandag word aan moderne navorsing op die gebied gegee, onder andere ten opsigte van die sg. chaos-teorie, en hoe Paulus se voorbeeld dit reflekteer.

Hoofstuk 5 word aan die gemeente Doornkloof Familiekerk gewy, en aan die rol wat die gemeente in die gemeenskap van Doringkloof speel. Die rolle van die leraars van die gemeente, tesame met dié van die ander leiers, word geanaliseer. Ook die makro-, meso- en mikro-kontekste waarbinne die gemeente funksioneer word onder die vergrootglas geplaas.

In die voorlaaste *Hoofstuk 6* word 'n missionale strategie vir die gemeente beskryf en word pogings om dit te implementeer beoordeel. Praktiese pogings soos die Straatgeloof-projek, word bespreek. In die laaste *Hoofstuk 7*, word die nodige gevolgtrekkings gemaak, ten opsigte van die bereiking van die navorsingsdoelwitte. Enkele voorstelle vir toekomstige navorsing word aangedui.

SUMMARY

In both church as well as theological circles much attention has been paid, during the past decades, to the development of missional congregations. The General Synod of the Dutch Reformed Church in South Africa adopted a policy document in 2013, to encourage and empower local congregations on their way to becoming truly missional churches. This thesis analyses and evaluates one congregation's attempt to discover the meaning of being a missional congregation in a local setting: Doornkloof Family Church within the Doringkloof community, Centurion.

In the Introductory chapter, *Chapter 1*, the research proposal is presented. The following *Chapter 2* is devoted to a discussion of the theological concepts underpinning the development of a missional theology and practice, namely the concepts of *missio Dei* and *missio ecclesiae*.

At the heart of the development of a missional church lies the concept of incarnation. The church needs to follow in the footsteps of Christ, committing itself to be incarnated in the world, as well as in the local community. This is attended to in *Chapter 3*, by discussing inter alia the importance of contextualisation and inculturation in the local setting.

In *Chapter 4* the demands of apostolic leadership are discussed, by analysing the leadership model of the apostle Paul. Attention is given to modern research on Paul's leadership example, making use –inter alia – of the so called chaos-theory.

Chapter 5 is devoted to the DRC Family Church Doornkloof and its endeavours on the road to becoming a missional church. The role of the clergy as well as other leaders are analysed. After that, the context in which the church operates, on macro-meso- and micro-levels, comes under the lens.

In *Chapter 6* the development of a missional strategy for the DRC Family Church Doornkloof is discussed and evaluated. Local projects, inter alia the Straatgeloof ("Faith on the street") initiative, are scrutinised. In the final chapter, *Chapter 7*, the results of the research are discussed, together with a brief note on areas for future research on the subject.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1 Inleiding

1.1	Inleiding	8
1.2	Aktualiteit van die navorsing	8
1.3	Navorsingsgaping	10
1.4	Navorsingsdoelwit	12
1.5	Afgrensing	14
1.6	Metodologie	15
1.7	Kernbegrippe	17
1.7.1	<i>Missio Dei</i> en <i>missio ecclesiae</i>	17
1.7.2	Inkarnasie	18
1.7.3	Missionale leier/leierskap	18
1.7.4	Predikant	18
1.7.5	Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika	19
1.7.6	Doornkloof Familiekerk	19
1.8	Navorsingsvrae	20
1.9	Hoofstukindeling	20

Hoofstuk 2 Die *Missio Dei* en die *missio ecclesiae*

2.1	Inleiding	21
2.2	Hoekom het ons die missionale gesprek nou in Suid-Afrika?	21
2.3	Die basiese inhoud van die 2013 Algemene Sinode raamwerkdokument oor missionale aard en roeping van die NG Kerk	23
2.4	'n Boom in 'n oerwoud	26
2.5	Ons verstaan van die kerk	26
2.6	<i>Missio Dei</i> , missie en missionaal	30
2.7	Slot	31

Hoofstuk 3 Inkarnasie

3.1	Definisie van inkarnasie	33
3.2	Kerk het mense nodig wat doen	34
3.3	'n Nuwe manier van lewe	35
3.4	Plaaslike konteks	37
3.5	Inkarnasie en Triniteit	38
3.6	'n Onderhoud met Patrick Kiefert	42
3.7	Kontekstualisering en inkulturasie	44
3.8	Inkulturasie en transformerende ontmoetings teen die agtergrond van veranderende kontekste	46
3.9	Die pad vorentoe	47
3.10	Onderskeiding	48
3.11	Onderskeiding as sleutel om kerke se gesig missionaal te draai	51
3.12	Gesprek in Dialoog	52
3.13	Slot	54

Hoofstuk 4 Apostoliese leierskap – Die voorbeeld van Paulus

4.1	Inleiding	55
4.2	Paulus se agtergrond	55
4.3	Waardes in Paulus se Leierskapstyl	57
4.4	Paulus se missionale spanwerk	58
4.5	Chaos-teorie en Paulus se organisatoriese leierskapstyl	59
4.6	Wat behels die chaos-teorie?	60
4.7	Organisatoriese leierskap	62
4.8	Paulus se benadering tot plaaslike leierskap	65
4.9	Nie meer hiërargiese leiers nie	71
4.10	Implikasies	72
4.11	Om die evangelie te word	74
4.12	Slot	77

Hoofstuk 5 Die Doornkloof Familiekerk en die Doringkloof gemeenskap

5.1	Inleiding	77
5.2	Metodiek	78
5.3	Die agent (“agency”)	80
5.3.1	’n Kort geskiedenis van die gemeente	80
5.3.2	Doornkloof Familiekerk: Statistiese gegewens (2016)	82
5.3.3	Wie word deur Doornkloof Familiekerk bedien?	83
5.4	Beoordeling van bedieninge (“Reflexivity”)	84
5.5	Spiritualiteit (“Spirituality”)	85
5.5.1	Armour en Browning-analise	86
5.5.2	Watter waardes is teenwoordig?	87
5.5.3	Godsbeeld: Wie is God vir Doornkloof Familiekerk	87
5.5.4	Mensbeeld: Wie is mense van Doornkloof Familiekerk	88
5.6	Besigheidsprofiel van leraars: StrengthsFinder-Gallup	88
5.7	Die konteks waarbinne die gemeente werk (“Contextual understanding”)	90
5.7.1	Die makro-konteks: die wêreld waarin ons woon en werk	90
5.7.2	Die meso-konteks: Doringkloof binne die Centurion-gemeenskap	94
5.7.3	Die mikro-konteks van Doringkloof: die onmiddellike omgewing	95
5.8	Organisatoriese ekologie: ’n Roetekaart vir die toekoms	96
5.9	Slot	98

Hoofstuk 6 ‘n Missionale strategie in die Doringkloof gemeenskap

6.1	Inleiding	99
6.2	Leierskap	99
6.3	Nie meer hiërargiese leiers in Doornkloof Familiekerk nie	100
6.4	Verandering van ’n institusionele gemeente na ’n missionaal gerigte model van kerk wees	101
6.5	Apostoliese leierskap	105
6.6	Chaos-teorie en Paulus se organisatoriese leierskapstyl	107
6.6.1	Wat behels die chaos-teorie?	108
6.6.2	Paulus se missionale spanwerk	108
6.6.3	Paulus se benadering tot plaaslike leierskap	108
6.7	Om die evangelie te word	110

6.8	Inkarnasiemodel: Straatgeloof – ‘n Doornkloof Familiekerk-Inisiatief	111
Hoofstuk 7	Gevolgtrekking	
7.1	Wat was die navorsingsvoorstel?	117
7.2	Verloop van studie	117
7.3	Terreine vir toekomstige navorsing	119
	Literatuurlys	120
	Kernbegrippe	124

HOOFSTUK 1: INLEIDING

The classical doctrine on the Missio Dei as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement: Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world' (Bosch 1991: 390).

1.1 Inleiding

Hierdie studie word gedoen om 'n voorlopige platvorm en beginpunt daar te stel vir verdere gesprek en studie in leierskap wat benodig word om 'n tradisionele Nederduitse Gereformeerde Gemeente in sy gemeenskap te inkarneer. Die manier en aard van kerkwees word bepaal in verhouding met die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind. Daar is 'n wisselwerking: die gemeenskap inkarneer die kerk – en die kerk inkarneer die gemeenskap. Hierdie studie is 'n beginpunt vir verdere navorsing, daarom word daar net gefokus op een gemeente, Doornkloof Familiekerk.

Daar gaan gepoog word om aan die hand van die voorbeeld van die apostel Paulus 'n *Missionale Inkarnasiemodel* te identifiseer wat Doornkloof Familiekerk kan help om die missionale aard en roeping van die NG Kerk, soos die Algemene Sinode van 2013 voorstel, werklik uit te leef na buite deur te identifiseer met die gemeenskap wat dit bedien.

Sommige gemeentes het reeds ver gevorder om God se sending na die wêreld uit te leef, maar ander is nog vasgeval in konserwatiewe bedieningsstrukture.

Leiers en predikante van Doornkloof Familiekerk het vaardighede nodig om lidmate te lei en toe te rus om geestelik te groei as 'n missionale gemeente. Leiers het daarby ook vaardighede nodig om die organisasie, of te wel dan die gemeente, te ontwikkel wat die bestuur van komplekse prosesse behels (Darrell 1998: 209).

1.2 Aktualiteit van die navorsing

Dwarsoor die wêreld in talle teologiese en kerklike kringe word oor die missionale roeping van die kerk gepraat, boeke geskryf en konferensies gehou. Daar is 'n saak voor uit te maak dat die herontdekking van die missionale aard van die kerk – gebou op 'n nuwe verstaan van die *missio Dei* – een van die mees dinamiese ontwikkelings die afgelope dekades uitmaak.

Dit geld ook van die NG Kerk, waar talle gesprekke en navorsingsinisiatiewe oor die saak uiteindelik daartoe gelei het dat 'n omvattende verslag oor die die missionale aard en roeping van die kerk voor die Algemene Sinode van 2013 gelê is. Die verslag met sy talle aanbevelings is met akklamasie aanvaar. In baie gemeentes, ook in die Doornkloof Familiekerk, het dit nuwe visie en nuwe bedieningspatrone tot gevolg gehad.

Volgens die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode 2013 Verslag A. 12.7 *Raamwerkdokument oor die Missionale aard en roeping van die NG Kerk* het inkarnasie te doen met Christus se menswording.

Die menswording van Jesus Christus verduidelik op 'n besondere manier God se sending en die wyse waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om met mense te wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap, maar dan as 'n kontrasgemeenskap ('n kruisgemeenskap!) wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205)

Die inkarnasie van Christus leer vir ons hoeveel intimiteit, warmte en diepte van vriendskap Hy met ons het in ons gebrokenheid. Ons het 'n kerk nodig wat die implikasies van die inkarnasie verstaan en dit uitleef sodat ander in ons gemeenskap kan beseef dat hulle passievol en onvoorwaardelik liefgehef word sônder dat hulle verander – en hulle dán verander omdat hulle wil verander.

Dit beteken onder meer dat die kerk eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die kerk(gebou) toe te bring. Christene se lewens is die boodskap! Dit onderstreep die belang van verhoudings met mense (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205).

Die kerk word nie net uitgedaag om teenwoordig te wees waar mense is nie, maar om dit op so 'n manier te doen dat mense dienend vir mekaar beskikbaar is. Nabyheid is om empatie te hê en om in die skoene van ander te staan en die situasie vanuit hulle perspektief te kan verstaan (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205).

Die kerk wat Jesus gevestig het, is 'n beweging en nie 'n godsdienstige instelling nie. As dit nie die geval is nie, is daar geen manier om te verstaan waarom Jesus sy strengste kritiek nie op die sogenaamde sondaars gemik het nie, maar eerder op die godsdienstige mense van sy dag. Dit verklaar ook waarom hy doodgewone mense verkies het bo die godsdienstige elite van die dag om die evangelie aan die wêreld te verkondig (Hirsch 2011: 40).

In hierdie studie gaan daar gebruik gemaak word van apostoliese leierseienskappe van Paulus as model vir leiers in sulke gemeenskappe. 'n Apostoliese leier is in wese 'n transformerende leier wat die vermoë het om grense tussen kulture en in kulture oor te steek. Daar ontstaan 'n nuwe gemeenskap wat die individuele kultuur van die individu eer.

In hierdie studie word na apostels verwys as leiers wat altyd dink aan die toekoms en brêe oorsteek sodat die kerk in 'n nuwe konteks tot stand kan kom. 'n Apostel,

soos Paulus, ontwikkel ook nuwe leiers vir die nuwe verstaan van gemeente wees. Apostoliese leierskap word gemeet aan die effek wat dit het op die gemeenskap.

1.3 Navorsingsgaping

Daar is 'n leierskapvakuum besig om te ontwikkel in die NG Kerk. Die tradisionele verstaan van die leierskap van 'n leraar is die van "herder" wat omsien na 'n spesifieke groep mense. In missionale verstaan van gemeentewees is elke lidmaat egter veronderstel om 'n "herder" te wees vir 'n groep mense.

Die NG Kerk moet haarself weggee, moet haarself in die samelewing wat sy wil dien, inkarneer. Dit is die strekking van die verslag oor missionale kerkwees wat in 2013 deur die Algemene Sinode bespreek en goedgekeur is. Met "weggee" word bedoel dat dit nie vir die kerk om haarself gaan nie, maar dat die kerk verstaan sy is deur God na die wêreld gestuur om lewens te help verander.

Kenosis, soos Filippense 2:5-11 dit uitbeeld, beteken selfprysgawe en opoffering. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun en gee daarmee die Seun prys ter wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en gee sy lewe prys om sodoende versoening en heling te bring (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205).

Kenosis - om jouself leeg te maak - is 'n ingesteldheid of 'n houding, selfs 'n soeke. Dit kan ook beskryf word as om jou doelbewus ter wille van ander kwesbaar te stel (NG Kerk, Algemene Sinode 2013:205).

'n Christelike gemeenskap kan nooit 'n geslote gemeenskap wees nie. Die Bybel leer ons dat Christene in die wêreld is en moet daar bly. Christene word uit die wêreld geroep en saamgebring deur die Gees as liggaam van Christus. Die liggaam van Christus, ons sy kerk, word weer teruggestuur na die wêreld om deel te neem aan God se sending (Niemandt 2013:34).

Die kerk word weggegee aan die gemeenskap. In die proses moet die kerk en sy lidmate bereid wees om hul gemaksones prys te gee en te volg waar God lei. Die kerk is produk van God se missie, en dan daarna die lig in die wêreld en die sout van die aarde. In praktyk kan dit byvoorbeeld beteken dat die kerk deur sy lidmate betrokke raak op plekke en by mense wat nie tradisioneel deel van hul eie lidmate was nie. "The incarnation informs this engagement and the way we interact with the complex, ever-changing, global world around us" (Niemandt 2014:41.)

Dit is 'n baie aktuele gesprek in NG Kerk. Die kerk gaan nie net oor haarself nie, die missionêre verstaan van die kerk beteken juis om uit die wêreld geroep te wees en dan saamgebring as liggaam van Christus. Hierdie liggaam van Christus word gestuur na die wêreld om God se plan vir 'n spesifieke woonbuurt uit te leef.

Jaco Strydom skryf in 'n artikel in Beeld van 16 April 2014:

Dalk moet kerkgeboue ook bekeer word? Deur byvoorbeeld oop (en weerloos) te wees gedurende die week. Jesus het gesê: "Kom na my

toe almal wat moeg en oorlaai is". Die meeste kerkgeboue het deesdae vurkieheinings wat eintlik sê: "Bly weg - tot Sondag 09h00".

Ons kan preek wat ons wil op Sondag, maar as ons strukture die res van die week iets anders sê, maak dit die wêreld net meer skepties oor ons boodskap.

Eintlik moet elke kerk 'n groot bord na die straat hê wat sê: "Dwelmverslaafdes, prostitute, misdadigers, gomsnuivers, losbandiges, rassiste, dobbelaars, haweloses, daggarokers, vlugtlinge, kwaadpraters, skynheiliges, ateïste, materialiste, straatkinders, werkloses, moeilikheidmakers, moedeloses . . . sondaars, eensames, siekes, verdruktes Welkom!"

Kerkstrukture mag nie selfsugtig wees en net gaan oor kerkmense nie. Dit moet eerder uitstuur as bewaar, eerder die wêreld innooi as probeer uithou.

(Strydom: 2014)

'n Praktiese voorbeeld hiervan het te make met die gemeente Doornkloof Famaliekkerk. Dié gemeente het die afgelope tien jaar 'n baie suksesvolle sendingweek in Pinkstertyd waarna daar op Pinkstersondag 'n geloofsoffer-beloofte ingestel word. Die geld word dan die wêreld ingestuur: Namibië, Mosambiek, Transkei, Midde- en Oos-Afrika, Oman en Jemen. Doornkloof Famaliekkerk is gelukkig: "Ons het ons deel vir sending gedoen". "Ek het my tien rand gegee".

Maar Doornkloof Famaliekkerk het ook 'n voedingskema op die kerkterrein. Die voedingskema veroorsaak geweldige tweespalt en twis in gemeente. Van sekerheidsprobleme tot die slytasie van kombuis word vergadering na vergadering op die agenda geplaas en bespreek. Daar is individue wat baie geld gee vir die voedingskema, maar hulle is nie bereid om self verantwoordelikheid vir die voedingskema te neem nie. Doornkloof Famaliekkerk betaal dan arbeiders van buite om die voedingskema te bestuur, vanaf brood te smeer, brood uit te deel en tot selfs die skoonmaak van die kombuis. Die plasing van die voedingskema op die kerkterrein is ook problematies. Daar bestaan 'n beduidende sekerheidsrisiko. Daar was al voorvalle waar 'n sekuriteitsmaatskappy uitgeroep moes word om dreigende haweloses vanaf die terrein te verwyder. Die risiko het nie net met dreigende haweloses te make nie, maar ook met die "werkers" wat alleengelaat word in die kombuis en saal (soms met toegang tot sleutels en ook tot die alarmkodes).

Die probleme kan direk herlei word na die gebrek aan hulp vanuit die gemeente en die aandrang om die skema op die kerkterrein te behou. Daar is nog 'n skema van die gemeente wat glad en goed verloop, weg van die kerk by die munisipale biblioteek in Lyttelton, Centurion en die gevoel was dat daar gekyk moet word na die moontlikheid om hierdie (die langste lopende voedingskema van die gemeente) uit te brei en die een by die kerk daarby in te lyf. Sending word dikwels gesien as iets wat daar vër gebeur. Naby en deel wees, inkarnasie, is problematies.

Daar is baie uitdagings vir elke organisasie. Die kerkraad het besluit om die voedingskema te hersien, maar daar is besluit dat dit deel is van die lewe van die

gemeente en dat dit so moet bly. Tydens die kerkraadvergadering (Junie 2016) is daar besluit dat die voedingskema wel op die kerkterrein behou word, maar ook uitgebrei word en dat missionale transformasie van uiterste belang is. Die huidige lidmate betrokke by voedingskema en ander wat die afgelope 12 jaar gehelp het, kom bymekaar en beplan opnuut oor nuwe maniere om nood in ons gemeenskap te verlig.

In die reeds veranderde en ook nog steeds veranderende voorstedelike gemeenskappe in die nuwe Suid-Afrika het die NG Kerk en die sending van die kerk die geleentheid om ook nuut en vars na te dink oor ons roeping.

Uit die aard van die historiese ontwikkeling van Suid-Afrika weerspieël en bedien die NG Kerk vandag 'n vervloë gemeenskap wat demografies middelklas, Afrikaans en gereformeerd was. Niemandt sê: "Die Christelike verhaal het (in die verlede) alles bepaal: die kerk en staat en selfs alle sosiale strukture" (Niemandt 2007:13). Die algemene kultuur van die tyd en die Christelike kultuur het een en dieselfde geword. Die historiese ontwikkeling van Suid-Afrika het ook tot gevolg dat die meeste van NG Kerk lidmate nog nooit vantevore gekonfronteer is met die feit dat "ons" en "hulle" vandag 'n gemeenskap moet deel nie.

Die dominansie van die geïnstusionaliseerde NG Kerk in Suid-Afrika is finaal verby. Om 'n weg te vind deur hierdie ontluikende missionale landskap vereis dat baie aspekte van ons verstaan van wat dit beteken om vandag kerk te wees, sal moet verander (Niemandt 2007: 9). Maar dit hoef nie vir die kerk 'n bedreiging te wees nie.

It should not bother us that [during different epochs] the Christian faith was perceived and experienced in new and different ways. The Christian faith is intrinsically incarnational; therefore unless the church chooses to remain a foreign entity, it will always enter into the context in which it happens to find itself.

(Bosch 1991: 190-191)

1.4 Navorsingsdoelwit

Die fokus van hierdie navorsing word gevind in die nuwe beleidsdokument van die Wêreldraad van Kerke (WRK), *Together Towards Life, Mission and Evangelism in Changing and Landscapes – with a Practical Guide* (CWME 2013) :

"The changing landscape of church and mission provides an opportunity for fresh thinking and new forms of action. Gone are the days when Christianity was numerically centred in Europe and North America and mission was understood as taking the gospel to unreached continents. With a growing majority of the world's Christians originating from Asia, Africa and South America, it is time to think of the meaning and direction of mission in new and relevant ways. At a time of change we rediscover that mission is not primarily a human enterprise but a movement that arises from the love of God" (*Together Towards Life*, CWME 2013: 43).

Hierdie navorsing fokus op inkarnasie en hoe die bedieningsmodel van Paulus ons met inkarnasie kan help.

Inkarnasie het te doene met Christus se menswording. Die menswording van Jesus Christus verduidelik op 'n besondere manier God se sending en die wyse waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om *met* mense te wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is.

(Algemene Sinode 2013: 205).

Suksesvolle inkarnasie van die tradisionele plaaslike gemeente in 'n nuwe Suid-Afrika konteks 'n model van leierskap nodig wat beide verskillende kulture en verstaan van gemeente-wees saamsnoer in een taal en een etos in Christus.

Sending word gekenmerk deur die erns om brûe te bou tussen verskillende gemeenskappe – godsdiensstige, kulturele en politieke verskille. Dit is die taak van sending as missionale aksie, om situasies van misverstand tussen kerk en gemeenskap te vertaal en interpreteer (Kritzinger 2012: 7).

Eensyds, binne hierdie verstaan word mense vir wie en wat hulle regtig is ernstig opgeneem maar andersyds is die kerk deel van die gemeenskap, maar as 'n kruisgemeenskap wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Die plaaslike gemeente moet geken word aan haar lidmate se gasvryheid en liefde wat buitestaanders uitnooi om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

Die model van leierskap wat hierdie navorsing voorstel, is die Apostoliese leierskap van Paulus.

In every manifestation of Apostolic Genius there is a powerful form of catalytic influence that weaves its way through the seemingly chaotic network of churches and believers. There is no substantial word for this catalytic social power other than, to reinvolve biblical language, *apostolic*.

(Hirch 2006: 150)

Aan die hand van beskikbare literatuur gaan gepoog word om te wys dat Paulus grense oorgesteek het en dinamies (nuut) gedink het oor kerkwees. Hy is die gestuurde wat geloof, liefde en hoop van Christus oorplant van een konteks na 'n ander (Blauw 1962: 95).

Apostels dink altyd aan die toekoms en steek brûe oor sodat die kerk in 'n nuwe konteks tot stand kan kom. 'n Apostel soos Paulus ontwikkel ook nuwe leiers vir die nuwe verstaan van gemeentewees.

1.5 Afgrensing

Hierdie navorsing maak veral gebruik van die verslag wat voor die Algemene Sinode gedien het, *Raamwerkdokument oor die Missionale aard en roeping van die NG Kerk*. Die verslag gaan die volgende paar jaar die fokus van die NG Kerk wees en die hoop van Algemene Sinode is dat dit inslag vind in gemeentes, maar die regte leierskapseienskappe is nodig by leiers in die gemeentes om hul gemeentes op die wêreld te rig en werklik 'n gebroke wêreld te help herstel volgens God se plan vir sy skepping.

The executive of the DRC decided, at the very first meeting of their term, to prioritise the continued missional transformation of the DRC as its most important strategic goal. It also decided to prioritize a revision of the church order of the DRC, in order to align the church order with the policy decisions made by the General Synod. The chairperson of the executive, Nelis Janse van Rensburg, promised a new “missional church order” in an opinion piece in the official mouthpiece of the DRC.

(Niemandt 2015: www.hts.org.za/index.php/HTS/article/download/2951/pdf_1)

Die Moderamen bepaal die volgende prioriteite n.a.v. die gesprek oor Artikel 43 en Missionale Teologie:

- Missionale Transformasie
- Kerkverband
- Onderlinge Verbondenheid

Dissipline	Missiologie
Fokus	Missionêre leierskap in 'n Suid-Afrikaanse gemeente
Navorsings tema	Inkarnasie deur apostoliese leierskap
Titel	'n Missionale Inkarnasiemodel vir Nederduitse Gereformeerde Gemeentes in voorstedelike gemeenskappe, met spesiale verwysing na die apostoliese leierskap van Paulus.

Niemandt se voorstel om missionale leierskap te omskryf is: “Missionale leierskap gaan oor die veranderings van mense en instellings, onder die leiding van die Heilige Gees, om deur betekenisvolle verhoudings deel te word van God se sending in die wêreld.” (Niemandt 2013: 57)

Vir die doeleindes van hierdie navorsing verwys “Missionale Leierskap” (slegs) na die waardes, style en strukture wat 'n leier gebruik om sosio-kulturele brûe te bou. Sosiale grense word oorgesteek en ander word aangemoedig om dieselfde te doen. 'n Missionale leier inisieer en lei verandering van 'n ou paradigma van individuele kulture wat daaruit voortvloei na 'n nuwe paradigma van samewerking van versillende dinge, middele sodat die geheel-effek groter is as die som van twee effekte afsonderlik.

Sending word gekarakteriseer deur erns om brûe te bou tussen verskillende gemeenskappe – godsdienstige, kulturele en politieke verskille. Missiologie (as refleksie van sending) is konstant besig om te vertaal en dan te interpreteer wat gelowiges reg of verkeerd doen om gemeenskappe by mekaar uit te bring. Sending gaan oor die ontmoetings tussen mense terwyl missiologie die kritiese-kreatiewe studie is van die ontmoetings tussen mense. Missiologie probeer dus altyd om interkulturele en inter-religieuse verbintenisse te maak. (Kritzinger 2012)

Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap, maar as 'n kruisgemeenskap wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Die plaaslike gemeente moet geken word aan haar lidmate se gasvryheid en liefde wat buitestaanders uitnooi om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

Die term “koinonia” word in hierdie navorsing gebruik om die diepte in gemeenskap 'n Christelike gemeenskap te beskryf. Die term is 'n samevatting van sorgsaamheid, mededeelsaamheid en naasteliefde. Basies is dit 'n doodgewone Bybelse beginsel wat so min of meer "menslikheid teenoor ander" beteken. Koinonia dui op die bepaalde manier waarop mense in Christelike gemeenskappe met mekaar in verhouding van liefde staan (Gaum 2008: 375). Dit beteken dat jou pyn my pyn is; dat my rykdom jou rykdom is en dat jou redding my redding is. 'n Gepaste Suid-Afrikaanse definisie van koinonia sal die term *ubuntu* wees.

The life of the church arises from the love of the Triune God. “God is love” (1 Jn. 4:8). Mission is a response to God’s urging love shown in creation and redemption. “God’s love invites us” (Caritas Christi urget nos). This communion (koinonia) opens our hearts and lives to our brothers and sisters in the same movement of sharing God’s love (2 Cor. 5:18-21). Living in that love of God, the church is called to become good news for all. The Triune God’s overflowing sharing of love is the source of all mission and evangelism.

(Keum 2013: 21)

1.6 Metodologie

Die tipe navorsing wat gedoen gaan word, is literatuurstudie asook 'n gevallestudie. Die studie gebruik boeke, joernaalartikels en internetwebblaaie as bronne. Die navorsingsmetodes is analise en vergelyking van verskillende bronne beskikbaar oor die onderwerp, asook onderhoude met lede van gemeenskap en kerk.

When used either as a mobilising or as an analytical instrument, this praxis matrix is a set of *questions* that helps you achieve an in-depth understanding and appreciation of what we should do (or of what they have been doing). These question are explained as follows by Kritzinger (2011: 51):

Dimension	Mobilising framework (improving <i>our</i> mission)	Analytical framework (studying <i>their</i> mission)
Agency	Who are we? How are we related to (inserted into) the community? Who are the other key actors and interlocutors? What kind of encounter(s) is taking place?	Who are they? How are they related to (inserted into) the community? Who are the other key actors? Who are their interlocutors? What kind of encounter(s) is taking place?
Spirituality	What are the underlying spiritualities of our group? How do our inner motivations, religious visions and worldview guide our actions in relation to the community?	What are the underlying spiritualities of their group? How do their inner motivations, religious visions and worldview guide their actions in relation to the community?
Contextual understanding	What is going on around us? What is good or bad about our community? What are the problems we need to address?	How do they understand their community? What do they see as good and bad around them? What are the problems that they seek to address?
Ecclesial scrutiny	What have churches/religions been doing in this situation? How does that affect our present encounter(s) in the community?	How do they view the prior role of churches/religions in that community? How does that affect their present encounters?
Interpreting the tradition	How do we interpret our own religious tradition, read the Bible, and reflect theologically on our situation?	How do they interpret their own religious tradition, read the Bible, and reflect theologically on their situation?
Discernment for action	How do we plan, strategise and make decisions for action that could be transformative in our context?	How do they plan, strategise and make decisions for action that could be transformative in their context?
Reflexivity	Do we reflect on our actions, learn from our experiences, and grow in maturity or wholeness? Are we being transformed by the encounters?	Do they reflect on their actions, learn from their experiences, and grow in maturity or wholeness? Are they being transformed by the encounters?

(Kritzinger, J.N.J. “*Tutorial Letter Research proposal module for the DTh in Missiology.*”)

Die navorser is sedert Oktober 2002 leraar van die gemeente Doornkloof en ook deelnemer aan die lewe van die Doornkloof-gemeenskap. Die navorser neem in 'n groot mate deel aan die aktiwiteite van sy navorsingsonderwerp.

Volgens Hendriks (1992: 129) is 'n gemeente-analise:

“'n Proses waarin 'n gemeente op 'n redelike, sistematiese en kontroleerbare wyse verskillende aspekte van sy situasie, funksionering, strukturering, identiteit en effektiwiteit ontleed, om daarmee opnuut in die lig van die Woord en onder leiding van die Gees oor sy wese en roeping te besin.”

Die doel van die gemeente-analise in Hoofstuk 5 is om sekere gegewens oor die gemeente, of oor 'n sake wat vir die gemeente belangrik is te bekom. Die navorser wil bepaal of Doornkloof Fameliekerk 'n missionale gemeente is en of dit geïnkarnear is in die gemeenskap.

Binne die raamwerk van die kwalitatiewe navorsingsparadigma, is daar in hierdie navorsing etnografies te werk gegaan. Kwalitatiewe navorsing is 'n soeke na kontekstuele “verstaan” van die gemeente en woonbuurt – só lyk Doornkloof Fameliekerk en só lyk die gemeenskap. Die navorsingsvrae word in die vorm van 'n algemene navorsingsdoel gestel.

Etnografiese metodes is 'n navorsingsbenadering wat kyk na:

Mense in hul kulturele omgewing;

Hulle dade sowel as hul woorde;

Die implisiete sowel as die eksplisiete;

Die manier waarop lidmate met mekaar en met hul sosiale en kulturele omgewing omgaan.

Etnografiese navorsing maak meestal gebruik van deelnemende waarneming. Die navorser is deel van die konteks van gemeenste en gemeenskap. Deelnemende waarneming is 'n soort navorsingstrategie. Die doel daarvan is om 'n noue en intieme vertrouetheid met 'n gegewe groep individue (soos 'n godsdienstige, beroeps- of subkulturele groep of 'n bepaalde gemeenskap) te verkry, asook met hul praktyke, deur intensiewe betrokkenheid by mense in hul natuurlike omgewing, gewoonlik oor 'n verlengde tydperk. Dit neem waar, noteer, beskryf, ontleed en interpreteer mense en hul interaksies en verwante gebeurtenisse met die doel om 'n sistematiese verslag van gedrags- en ideestelsels van 'n gegewe gemeenskap, organisasie of instelling te verkry. Die voordeel van deelname vir hierdie navorsing is dat die navorser ten volle deel van die groep is, en dat hy ook direk kan ervaar wat die navorsingssubjek ervaar. Dit is veral handig om die werkspraktyke of werksrolle van leiers in die gemeente te verstaan.

1.7 Kernbegrippe

Die kernbegrippe wat in die studie hanteer word, is:

1. *Missio Dei* en *missio ecclesiae*

Die kerk en die kerk se sending word vanuit die wese van God self verstaan. Sending is nie een of ander menslike prestasie nie, maar is 'n geskenk van God self. Ons leer God in die Bybel ken as 'n sturende God. Daarom word daar van die *missio Dei* gepraat. Die lewe van God is 'n proses van gestuurdheid: die Vader het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun stuur om nuwe lewe te bring. Die Seun stuur die Heilige Gees. Vader, Seun en Heilige Gees stuur die kerk in die wêreld in (*missio ecclesiae*). Dit is nie net 'n geval dat God sending doen nie, God is in wese 'n sturende God. Net soos wat ons sê "God is liefde", kan ons sê "God is 'n sturende God". Die NG Kerk se Sendingreglement stel dit só: "Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader".

(Alg. Sinode 2013: 202)

2. Inkarnasie

Inkarnasie het te doene met Christus se menswording. Die menswording van Jesus Christus verduidelik op 'n besondere manier God se sending en die wyse waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om met mense te wees waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap, maar dan as 'n kontrasgemeenskap ('n kruisgemeenskap!) wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

(Alg. Sinode 2013: 205)

3. Missionale leier/leierskap

Die term "missionale leier" verwys na kerklike en gemeentelike leiers wat hulle eie identiteit en rol binne die geloofsgemeenskap verstaan in die lig van die *missio ecclesiae* as uitdrukking van die *missio Dei*. Missionale leiers fokus op die vorming van geloofsgemeenskappe wat in hulle aard en aktiwiteite God se karakter en bedoeling met die wêreld demonstreer, en op die vorming van gelowiges as voltydse deelnemers aan God se sending op elke plek waar hulle hulleself bevind.

(Cordier 2014:22)

4. Predikant

Predikant" verwys na 'n persoon wat in die amp van leraar bevestig is in 'n gemeente van een van die hoofstroomkerke in Suid-Afrika. Alhoewel die predikant nie die enigste leier in 'n geloofsgemeenskap is nie, vervul hy/sy, in die lig van die tradisionele rol en gesag wat in die gemeentelike bediening aan hom/haar toegeken word, 'n sleutelfunksie ten opsigte van die suksesvolle transformasie en

vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk. Hierdie navorsing fokus spesifiek op dié leraars wat hulle eie roeping in die lig van die *missio Dei* verstaan en daarom fokus op die vorming van die gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap.

(Cordier 2014:2)

5. Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika

As 'n organisasie bestaan die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) uit tien sinodes, waarvan nege in Suid-Afrika is. Die tiende is in die buurland van Namibië. Die grense van die sinodes lyk baie soos dié van die verskillende provinsies van Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe en Zambië.

Elke sinode het sy eie streekstruktuur, met 'n hoofkantoor in die hoofstad/stad van daardie provinsie. Elke sinode het ook volle jurisdiksie oor sy eie sake. In totaal is daar 1158 gemeentes, geografies georganiseer in 144 ringe. Totale lidmaatskap is 1.074.765. Op plaaslike vlak (gemeente) is die kerkraad, met die plaaslike predikante (daar is 1.602 geordende predikante in die NG Kerk), verantwoordelik vir pastorale sorg en bediening.

Elke twee tot vier jaar (afhangende van die besluite wat by die vorige Algemene Sinode geneem is) kom die verskillende sinodes saam as die Algemene Sinode van die NG Kerk, wat in 1962 gestig is. Die kantoor van die Algemene Sinode is in Pretoria (Gauteng Provinsie).

Die NG Kerk se identiteit word deur haar Gereformeerde karakter en geskiedenis bepaal. Tydens die Sinode van 2007 is hierdie aard en karakter van die kerk so beskryf:

In die Gereformeerde teologie is daar telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie om die kernsake in die leer en lewe van die kerk opnuut te interpreteer. 'n Tweede bousteen van die Reformasie is 'n gewilligheid en 'n openheid om telkens nuut te dink. 'n Gereformeerde kerk moet altyd weer reformeer (*ecclesia reformata semper reformanda*). Ten diepste is die identiteit van die NG Kerk ingebed in ons verstaan van God self. Ons Gereformeerde identiteit plaas die NG Kerk in die "lewe van die Drie-enige God".

(Alg. Sinode 2013: 201)

6. Doornkloof Familiekerk

Doornkloof Familiekerk is 'n voorstedelike Nederduitse Gereformeerde gemeente, voorheen bekend as NG Kerk Doornkloof. Met 'n strategiese beplanning in 2003 is daar besluit die gemeente gaan meer op families fokus en is die naam van gemeente verander na Doornkloof Familiekerk. Die gemeente is geleë in die woonbuurt Doringkloof in Centurion. Let op die naamsverskil tussen die gemeente, *Doornkloof* Familiekerk, en woonbuurt *Doringkloof*. Die plaas waarop die woonbuurt en gemeente ontwikkel het se naam was "Doornkloof" en die gemeente is na die plaas vernoem. Die

gemeente het 2845 lidmate en word deur 3 voltydse leraars en 1 deeltydse leraar bedien.

1.8 Navorsingsvrae

Die navorsingsvrae wat in die studie aan die orde gestel word is die volgende:

- 8.1 Wat is die kerk? Hoe is die kerk veronderstel om in gemeenskap geïntegreer te wees?
- 8.2 Wat word bedoel met inkarnasie? Wie is veronderstel om te inkarneer?
- 8.3 Wat is apostoliese leierskap? Is die leierskapsmodel van die apostel Paulus vandag nog van toepassing?
- 8.4 Wie is Doornkloof Familiekerk? Hoe is Doornkloof Familiekerk reeds in gemeenskap geïntegreer?
- 8.5 Wat is die kenmerke van die Doringkloof gemeenskap? Waar woon die inwoners? Waar werk hulle?
- 8.6 Watter gesindheid en optrede word gevind by apostoliese leiers wat 'n gemeente lei om deel te word van die gemeenskap? Watter strategie en plan vir aksie kan ontwerp word wat transformasie sal bring in ons konteks?

1.9 Hoofstukindeling:

Hoofstuk 1	Inleiding
Hoofstuk 2	Die <i>Missio Dei</i> en die <i>missio ecclesiae</i>
Hoofstuk 3	Inkarnasie
Hoofstuk 4	Apostoliese leierskap – Die voorbeeld van Paulus
Hoofstuk 5	Die Doornkloof Familiekerk en die Doringkloof gemeenskap
Hoofstuk 6	'n Missionale strategie vir die Doringkloof gemeenskap
Hoofstuk 7	Gevolgtrekking
Literatuurlys	
Kernbegrippe	

HOOFSTUK 2: DIE *MISSIO DEI* EN DIE *MISSIO ECCLESIAE*

2.1 Inleiding

Die teologiese dissipline wat die mees direkte invloed het op die model vir 'n missionale gemeente is dié van ekklesiologie. Dit is daarom dat hierdie navorsing 'n hele hoofstuk daaraan afstaan. Die doel van hierdie hoofstuk is om weer oor ons verstaan van die kerk na te dink (eklesiologie) in die lig van ons geloof in die Trinitariese God en sy missie in die wêreld.

Die hoofstroomkerke se krisis is ten diepste 'n identiteitskrisis. Die feit dat die kerk kultureel irrelevant geword het en sy outentisiteit verloor het, is simptome van 'n dieper liggende probleem, naamlik dat gelowiges nie weet wie hulle as kerk is nie. In plaas daarvan om te soek na oplossings en strategieë om lidmate te behou of te bekom, moet die kerke eerder opnuut besig raak met 'n teologiese vraag wat 'n teologiese antwoord vereis, naamlik: Wat is die kerk?

Die selfverstaan van die kerk is vandag in die brandpunt. Is dit bloot 'n instelling, 'n groot menslike organisasie, herkenbaar aan geboue, besittings, gesagsfigure, vergaderings en strukture? Baie mense sien die kerk so. Ander sien dit as 'n *liefdesgemeenskap*. As daar nie omgee in die gemeente is nie, voel die kerk koud en afsydig. Onderlinge liefde (Engels: "sharing, fellowship") maak kerk, kerk. Vir baie is die Kerk 'n *boodskapper*. Dit moet die evangelie in die wêreld verkondig. Die eredienste draai om die verkondiging en getuienislewering van die lidmate. In dié kerke staan daar bokant die deur na buite: "Nou betree jy die sendingveld. Jy is nou God se sendeling in die wêreld". Nog ander sien die kerk as 'n *dienskneg*. Die kerk is kerk waar mense in nood gehelp word, waar die kerk die nood van die wêreld aanspreek. Die nood van vigs, weeskinders, armoede – dít is waar die kerk moet wees. Wat 'n mens se idee en voorstelling van die kerk is, bepaal hoe jy die wese en taak van die kerk sien.

2.2 Hoekom het ons die missionale gesprek nou in Suid-Afrika?

In hierdie gedeelte gaan die belangrikheid van die 2013 Algemene Sinode raamwerk dokument oor missionale aard en roeping van die NG Kerk bespreek word.

Die woord "missionaal" het in 1998 begin ontwikkel in die woordeskat van die kerk. Dit was die jaar wat die boek van Guder *Missional church* publiseer is. In Afrikaans is "missional" met "missionaal" vertaal. Hierdie begrip het met 'n hele paar mense in die NG Kerk geresoneer. Een van die redes hiervoor was, en is nog steeds, daar daar 'n hele paar gemeentes en predikante voel hulle kerk en bediening slaag nie in die Suid-Afrikaanse 21ste eeuse konteks nie. Christendom het plek gemaak vir 'n kultuur wat homself as post-Christelik, en selfs as post-religieus, definieer. Newbigin het die laaste jare van sy bediening en akademiese loopbaan daaraan gewy om die kerk op te roep tot 'n herontdekking van sy missionale roeping in die moderne Westerse kultuur (Conradie 2014: 12). Daar moet wegbeweeg word van

instandhouding na missie. Die begrip “sending” wat tradisioneel as sending daar vër in Afrika en onbereikte lande verstaan is, moet ook plaaslike betekenis kry.

Ek is in 2002 in Doornkloof Familiekerk, toe nog NG Kerk Doornkloof, bevestig. Dit was die oorheersende, indien nie die enigste, verstaan van sending in die gemeente gewees. Met die stig van die fokusgroep “Gesig na die wêreld” het ons stelselmatig die gedagte dat sending hoofsaaklik ‘n aksie onder swartmense is, begin verander. Die instandhouding van die institusionele NG Kerk/ Doornkloof Familiekerk moet beweeg na ‘n kerk waar die selfverstaan is dat die plaaslike gemeente bestaan om die plaaslike gemeenskap te dien (Burger 2017: 21).

Die boek *Transforming mission* van David Bosch het ‘n wyer verstaan van missie/sending as regverdigheid, sosiale besorgdheid en getroue getuies bevorder (Burger 2017: 21). Bosch wys daarop dat sending toenemend verstaan word as deelname aan die *missio Dei*. “Mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God. God is a missionary God (Bosch 1991:389,390).” Bosch se begroding van die *missio ecclesiae* in die *missio Dei* vorm wêreldwyd die teologiese raamwerk waarbinne die gesprek oor die missionale karakter van die kerk gevoer word (Cordier 2014: 11).

Met tyd het daar konsensus tussen die leiers van die NG Kerk ontstaan oor die missionale aard van die kerk. Niemandt (2010: 5; 2013: 20) noem dit ‘n “globale missionale renaissance.” Dreyer (2011: 16) gee drie redes hiervoor: 1. Die internasionale ekumeniese beweging; 2. Die groei van inheemse kerke in die Derde Wêreld; en 3. Nuwe benaderings tot kerkwees wêreldwyd. Hierdie twee beweginge is in werklikheid intens verweef. Die ontdekking van die missionale aard en wese van die kerk stimuleer wêreldwyd die besinning oor die ekklesiologie.

Cordier (2014: 12) verwys na Hendriks (2004: 20) en Niemandt (2010b: 1 – 6) as hy in sy proefskrif skryf dat daar in Suid-Afrika, sedert die demokratiseringsproses in 1994 begin het, ‘n nuwe landskap gevorm het waarbinne geloofsgemeenskappe funksioneer. Een van die gevolge hiervan is ‘n toenemende marginalisering van die kerk. Hendriks noem dit die “disestablishment of the church”. Hierdie veranderende konteks, ingebed in die globale missionale renaissance, lei ook in Suid-Afrika tot ‘n herontdekking van die missionale aard van die plaaslike gemeente. Die *missio Dei* word ook hier die oorkoepelende paradigma in die lig waarvan al meer gemeentes hulleself verstaan. Niemandt (2010: 6) vat saam: “Dit is duidelik dat daar ‘n groeiende konsensus oor die missionêre aard van die kerk is – ‘n verskuiwing van ‘n kerkgesentreerde sending na ‘n sendingefokusde kerk.”

Die gebruik van die woord “missionaal” as aanwyser vir wie die kerk moet wees, en wat sy roeping behels, het la hoe meer algemeen geword en dit het gelei tot die merkwaardige besluit van die Algemene Sinode in 2013 in Port-Elizabeth. Die idee agter hierdie besluit was nie om ‘n groot organisatoriese proses te begin wat deur die kerk gedryf word nie. Dit dien eerder as ‘n geartikuleerde “raamwerk” vir ‘n missionale kerk. Die hoop was dat hierdie raamwerk die kerk en gemeentes kan ondersteun in missionale verandering (Burger 2017: 22).

2.3 Die basiese inhoud van die 2013 Algemene Sinode raamwerkdokument oor missionale aard en roeping van die NG Kerk

In *Cultivating missional change – The future of missional churches and missional theology*, dui Coenie Burger aan wat volgens hom die betekenisvolste tendense in die verklaring was (Burger 2017: 22; 23):

- Die NG Kerk is geanker in sy gereformeerde tradisie en geskiedenis. Om meer missionaal te raak beteken glad nie dat die kerk wegbeweeg van sy teologiese wortels nie. Daar is 'n konstante keuse tussen, wat Burger noem, “ecumenically reformed” teenoor 'n meer arrogante seksistiese gereformeerde wees. Dit reflekteer in paragraaf 3.3 en paragraaf 4, wat gaan oor die lewe en werk van die Drie-eenheid:

3.3 'N LEWE IN DIE DRIE- EENHEID

Ten diepste is die identiteit van die NG Kerk ingebed in ons verstaan van God self. Ons Gereformeerde identiteit plaas die NG Kerk in die “lewe van die Drie-enige God”. Nadenke oor die identiteit van die kerk begin dus by nadenke oor wat dit beteken om in verhouding met die God te lewe. Hieraan gee ons in die volgende paragrawe aandag.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 201)

- Die grootste gedeelte van die verslag gaan oor die kerk (paragraaf 5 en verder). Volgens Burger (2017: 23) is die intensies helder en duidelik. Die skrywers trek vanuit die tradisionele verstaan van die kerk, maar droom daarvan om die kerk te beliggaam in 'n nuwe vars manier van kerkwees. Daar word 'n eksplisiete konneksie gemaak tot die *missio Dei* as die bron van die kerk se lewe en die sentrale rol wat die eenheid van die kerk speel.

5.1 DIE KERK SE MISSIE (*MISSIO ECCLESIAE*) IS INGEBED IN GOD SE MISSIE Hoe pas die kerk by die *missio Dei* in? Waartoe bestaan die kerk en waartoe is sy gestuur? Die kerk is eerstens die resultaat van God se missie, en dan daarna deelnemer daaraan. Die kerk is dus nie die primêre agent in die uitvoering van haar missie nie. Dat God die kerk in die uitvoering van die *missio Dei* betrek, beteken nie dat daardie missie in die kerk se hande geplaas en van haar gehoorsaamheid, toewyding, vermoëns, insig en trou afhanklik word nie. God is besig met sy werk op aarde! Ook 'n ontroue kerk kan nie God se missie verrydel nie.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 202)

5.6 BINNE DIE EENHEID VAN DIE KERK IS DAAR OOK RUIIMTE VIR DIVERSITEIT.

Die eenheid van die kerk is nie staties nie, maar dinamies. As beelddraers van die Drie-enige God word die gelowiges opgeroep om mekaar vas te hou en te respekteer – én om ruimte te laat vir

diversiteit in hul midde, om die verskillende talente en gawes, asook die onderskeie spiritualiteite en kulture wat binne die gemeenskap van die heiliges aangetref word, te erken en te vier.

Die eenheid in die gemeente en in die kerk word nie hierdeur geskaad nie. Inteendeel, tesame met die diversiteit word die eenheid en die sterk band van onderlinge gemeenskap (koinonia) as die ander kant van dieselfde munt gevier en waardeer. Dit gebeur veral wanneer mense in liefde na mekaar begin luister en wanneer hulle in vertroue na mekaar toe begin groei.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 204)

- Volgens Burger (2017: 23) is paragraaf 6 baie betekenisvol, alhoewel nie nuut vir die NG Kerk nie, reflekteer dit die verbintenis tot 'n nuwe manier van kerkwees. Dit begin met die belangrikheid van die koninkryk van God in die Bybel en die feit dat die koninkryk van God groter as die kerk is. Daarom mag die kerk nie die kerk dien nie, maar die koninkryk van God.

6. NUWE NADENKE OOR DIE KONINKRYK VAN GOD

'n Gemeentelike ekklesiologie word verduidelik deur dit te verstaan binne die raamwerk van die koninkryk van God. Gereformeerdes het altyd 'n oog gehad daarvoor dat die koninkryk groter is as die kerk. God is nie 'n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om op alle lewensterreine, oral waar hulle leef en werk, tekens van die koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 204)

- Die koninkryk van God word gekombineer met 'n uitgebreide paragraaf oor "Nuwe nadeke oor inkarnasie". Dit is volgens Burger nie die tipiese Christologiese konneksie wat gereformeerde kerke sal maak nie (Burger 2017: 23). Hierdie studie staan 'n hele hoofstuk af aan die tema van inkarnasie (Hoofstuk 3). Die rasioneel hieragter was die begeerte vir 'n "Christ-like" (Burger 2017: 23) verstaan van missionaal wees. Net soos Jesus, kan ons (die kerk) nie maar wag dat mense na ons toe sal kom nie; ons sal uit ons gemaksones moet kom om teenwoordig en betrokke te wees by die mense en plekke waarna toe God ons roep om Jesus te volg. Die raamwerk dokument verwys eksplisiet na Filipense 2: 1 – 11 as die model om te volg.

7.3 DIMENSIES VAN INKARNASIE

In navolging van Christus bepaal hierdie vier dimensies ook die sending van die kerk:

*Teenwoordigheid – Dit beteken onder meer dat die kerk eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die kerk(gebou) toe te bring. Christene se lewens is die boodskap! Dit onderstreep die belang van verhoudings met mense.

* Nabyheid – die kerk word nie net uitgedaag om teenwoordig te wees waar mense is nie, maar om dit op so 'n manier te doen dat mense dienend vir mekaar beskikbaar is. Nabyheid is om empatie te hê en om in die skoene van ander te staan en die situasie vanuit hulle perspektief te kan verstaan.

* Weerloosheid – die normale magspolitiese werk nie in sending nie. Die antwoord lê eerder by nederigheid en diensbaarheid. Kenosis dui op 'n bewuste keuse om vrywillig prys te gee ter wille van die ander.

* Verkondiging – die Goeie Nuus is nog steeds relevant en betekenisvol vir mense. 'n Inkarnasie-lewenstyl beteken juis dat gelowiges altyd gewillig sal wees om die Goeie Nuus met ander mense te deel.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 405 – 206)

Wat wil die NG Kerk met hierdie verklaring sê?

Volgens Burger (2017: 24) moet ons drie duidelike boodskappe in hierdie verklaring hoor: Die verslag sê eerstens dat die kerk gemeenskappe buite die kerk moet dien as hulle 'n kerk wil wees wat nie net na hulleself, hulle lewe en hulle gemeente lede wil omsien nie. Tweedens, om 'n missionale kerk te wees sluit tradisionele sending en evangelisasie in, maar dit vra ook om by plaaslike gemeenskappe en brandpunte soos rasisme, arm mense te help, die maak van vrede en sosiale geregtigheid, teenwoordig en betrokke te wees. In die verlede was sending daar ver weg maar nou vra missionaliteit om die kerk se fokus te draai, in die eerste plek na die onmiddellike konteks en omgewing. Al die probleme van Suid-Afrika is ook ons as kerk, ons as plaaslike gemeente se probleem. Derdens, om 'n missionale kerk te wees is nie net iets vir sendingorganisasies en die breë kerk nie, maar missionaal wees is primêr vir die plaaslike gemeente.

Missionaal wees beteken dat daar aan elke gemeentelid verduidelik moet word wat en hoe hulle taak in die gemeenskap is waar God hulle geplaas/geroep het om te bly en te werk. Later, in Hoofstuk 6, meer oor hoe Doornkloof Familiekerk dit doen (Straatgeloof) deur apostoliese leierskap.

Hierdie missionale gesprek en raamwerkdokument kan Doornkloof Familiekerk op verskeie maniere help om missionaliteit deel van ons identiteit en waardes te maak:

- Die missionale beweging daag ons uit om die fokus van die gemeente en gemeentelike aktiwiteite te skuif na diens aan die lewe buite die gemeente. (Burger 2017: 25)
- Die missionale beweging en spesifiek die raamwerkdokument kan ons help om ons verstaan van sending, missie en bediening meer inklusief as in die verlede te wees. Sending is nie net evangelisasie om mense se siele te red nie, maar ook om hulle lewe te red. Die evangelie het 'n dubbele fokus op die individu en die gemeenskap, privaat en publiek. Burger ondersteun Gary Simson se voorstel dat ons van 'n “two-fold *missio Dei*” (in die kerk en in die wêreld) moet praat om die dubbele fokus van die evangelie in balans te hou. (Burger 2017: 26).

- Die gewortelheid van die missionale beweging in die *missio Dei* het ons gehelp om die realiteit van 'n lewende God in ons midde te ontdek. Die missionale beweging gaan nie net oor hoe ons dink oor die gemeente nie maar hoe ons oor God dink. Burger (2017: 27) sê dat dit 'n sentrale tesis was in David Bosch in *Transforming Mission*. David Bosch het sending/missie verstaan as ons deelname aan God se werk hier op aarde: The classical doctrine on the *Missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement: Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world". (Bosch 1991: 390)
- Die fokus om *missio Dei* van die missionale beweging forseer ons om meer aandag te skenk aan ons belydenis van God as die ware God van Jesus Christus. As missie verstaan word as ons wat aansluit by God se missie op aarde beteken dit dat ons dan meer aandag skenk aan die God waaraan ons glo. Saam met die NG Kerk se klem om 'n missionale kerk te wees het ook 'n nuwe belangstelling gekom in een van die vroeë kerk se belydenisse oor die Triniteit. (Burger 2017: 28)
- Die missionale beweging oortuig ons dat ons weer oor ons verstaan van die kerk moet dink (ekkesiologie) in die lig van ons geloof in die Trinitariese God en sy missie in die wêreld. Een van die groot uitdagings vir Doornkloof Famaliekkerk is om 'n ekkesiologie te ontwikkel wat die hoë aspirasies van die missionale beweging voldoende te akkommodeer. Die enigste plek waar dit kan begin is by 'n indiepte her-lees van die Ou Testament en die Nuwe Testament en wat ons hoor oor die beliggaming van die evangelie en ons deelname in die lewe van die Drie-enige God.

2.4 'n Boom in 'n oerwoud

Ek wil begin met 'n voorbeeld van 'n oerwoud. Ons leef in 'n oerwoud met baie gevare en ook baie ander bewoners van die bos. Doornkloof Famaliekkerk is een groot boom wat deur God in die bos geplant is om skuiling aan die bewoners van die bos in die onmiddelijke omgewing te verskaf. Dit is die leiers van die gemeente se funksie om sekere voedingstowwe en suursof aan die boom te verskaf sodat sy takke kan uitstoot waaronder en waarin bewoners van die bos kan kom skuiling vind, en van die vrugte van die boom kan eet as voeding, om weer na hulle onderskeie wonings, gevoed en versadig en uitgerus, terug te gaan.

Met bogenoemde vergelyking met die kerk as 'n boom geplant in die gemeenskap wil ek nie insinueer dat Doornkloof Famaliekkerk 'n gebou is nie, negatief gesproke. Die kerk kan nie net met 'n gebou vergelyk word nie. Positief gestel: die kerk is *mense*. Mense van God. Koninkryk mense omdat mense se geloof in Jesus Christus hulle 'n eie soortige gemeenskap laat vorm.

2.5 Ons verstaan van die kerk

Te veel mense se eerste assosiasie met die woord 'kerk' is met kerkgeboue; nie met diegene in daardie geboue nie. Paulus skryf drie keer in die Korintiër-briewe dat

God nie in statiese geboue van klip en steen woon nie, maar in menslike tempels. Volgelinge van Christus is nou Sy aardse adres. God is nie staties en gebougebonde nie, maar dinamies. Hy is aan die beweeg. Daarom is mense wat Jesus volg, sy healtydse adres.

Die meetinstrument vir egte lewe in die kerk is nie geleë in die getal programme of aksies wat gemeentes aanbied om nog meer mense op hul perseel te kry nie, maar eerder in die vraag of diegene wat al hierdie aktiwiteite bywoon, eie bedienings het.

Hiermee word bedoel: Hoeveel kerkgangers is deurlopend betrokke by verhoudingsgedrewe aksies (wat nie noodwendig deur 'n leraar of kerkraad beheer word nie!), byvoorbeeld die versorging van armes en die ondersteuning van eensames, siekes, straatkinders, jongmense, bejaardes en soekendes?

Gert Cordier omskryf 'n missionale kerk as volg:

'n Missionale kerk vind sy identiteit in die *missio Dei*. Kerkbegrip begin by Godsbegrip (Niemandt 2010b: 8). God is die sturende God en die kerk word uitgenooi om deel te neem aan hierdie sending van God. "Die *missio Dei* bepaal die *missio ecclesiae*." (Niemandt 2010b:10). Sending word dus nie gesien as 'n taak van die kerk nie, maar as 'n eienskap van God. Só verstaan is sending nie iets wat die kerk doen nie, maar wie die kerk is. "Die kerk se roeping is nie om te stuur nie, maar om opgeneem te word in en deelhebber te wees aan God se sending na die wêreld."

(Cordier 2014: 22)

Die basis van die woord "gemeenskap" is verhoudings, oftewel konkrete "konneksies". Konneksies op gereelde basis met ander gelowiges staan sentraal. Ben Edson van Brittanje skryf dat die kerk gelyk gestel kan word aan: "the assembly of those who are finding their relationships, their lives transfigured by the presence of Jesus" (Edson 2006: 30).

Konnektiwiteit en verhoudings het met die wese van die kerk te maak: Verhoudings met mekaar en verhouding met die Drie-enige God, wat die perfekte eenheid in verhouding voorstel.

'n Kerk wie se fokus gerig is op verhoudings as fokus, is gerig op die Drie-enige God en die wete dat God ons oneindig liefhet. Die kerk ken God en het God lief as Vader, Seun en Heilige Gees. "Dit beteken dat ook die kerk se lewe verstaan word as 'n lewe binne die triniteit van God – met ander woorde in die diepste gemeenskap denkbaar met God wat sy kinders liefhet. Daarom kan die kerk ook beskryf word as die "liggaam van Christus" (Niemandt 2013: 30).

Daar is 'n verbintenis in missionale kerke tussen die horisontale verhouding met die Drie-enige God en die verhoudings vertikaal met ander mense wat ons paaie kruis. Volgens Stanley Grenz is die kerk, "essentially a community characterized by love, a people who reflect in relation to one another and to all creation the character of the Creator...The community we share is our participation, or participation together, in the perichoretic community of trinitarian persons." (Grenz & Franke 2001: 228).

Kerke soos hierdie lê groot klem op netwerke en doen afstand van beheer en individuele verlossing.

Lesslie Newbigin begin sy hoofstuk oor die kerk (*The Congregation as Hermeneutic of the Gospel*) met die stelling dat 'n kerk nie net horisontaal met God 'n verhouding kan hê nie, maar ook vertikaal met mekaar moet verbind.

The church cannot accept as its role simply the winning of individuals to a kind of Christian discipleship which concerns only the private and domestic aspects of life. To be faithful to a message which concerns the kingdom of God, his rule over all things and all peoples, the Church has to claim the high ground of public truth.

(Newbigin 1989: 222)

Die gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees vind nie sy aardse weerkaatsing in 'n plaaslike kerk (vgl. die voorbeeld van boom geplant in 'n bos), of in 'n enkele outokratiese leier nie (leier leraar), of kerklike hiërargie van dominees en gemeenterade nie, maar in demokratiese gemeenskap van vry mense en 'n gelyke gemeenskapskerk (Moltmann 1991: 32). Die kerk is nie maar net 'n gemeenskap terwille van saamwees nie. Die kerk is gemeenskap ter wille van deelname aan die *missio Dei*. Die kerk sluit aan en neem deel daar waar God reeds sy koninkryk op aarde laat kom. "The *missio Dei* defines the essence and substance of the church. The *missio Dei* is at the core of being church." (Niemandt 2015: 4) Die kerk fokus op die wêreld en is gerig op die wêreld omdat die kerk 'n organisasie is wat nie net gerig is op sy lede self nie.

Die voorbeeld van die Doornkloof Familiekerk boom wat geplant is deur God in die bos van Centurion is nog nie volledig nie omdat daar 'n verbinding tussen die wese van die kerk en haar hooftaak of doel waarvoor God haar hier geplant het, moet bestaan. Ons kort gemeentes wat diep wortels in hulle gemeenskappe het en wat soos bome 'n ruim skaduwee gooi waar almal in die buurt rus en verkwikking kan vind. Waar dit gebeur, floreer geloof en lewe. Die kerk het 'n missie deur sy bestaan in 'n gemeenskap. Die mense in die plaaslike kerk word deur die Heilige Gees aangespoor en versterk deur hierdie doel waarvoor God die kerk geplant het in 'n gegewe deel van die bos. Ons glo God is alreeds besig om te werk in ons gemeenskap en ons moet net aansluit by God se sending hier.

Die kerk is altyd kontekstueel en moet kerk van Jesus Christus wees in veranderende woonbuurt en kontekste. Die wese van die kerk voorsien die raamwerk vir die karakter van die kerk. Die doel van die kerk en die rigting van bediening van 'n gemeente word bepaal deur die wese en karakter van die kerk (Niemandt 2015: 2).

Die evangelie se storie is nie ons storie nie. Bosch se begroning van die *missio ecclesiae* in die *missio Dei* vorm wêreldwyd die teologiese raamwerk waarbinne die gesprek oor die missionale karakter van die kerk gevoer word. In die klassieke teks van Transforming Mission, *Paradigm Shifts in Theology of Mission*, haal David Bosch vir Aagaard en Moltmann aan om die stelling te bevestig.

In the new image mission is not primary an activity of the church, but an attribute of God. God is a missionary God. "It is not the church that has a mission of salvation to fulfil in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church the church" (Moltmann 1977: 64). Mission is thereby seen as a movement from God to the world; the church is viewed as an instrument for that mission (Aagaard 1973: 13). There is a church because there is mission.
(Bosch 1991: 390)

Gestuurdeheid is nie 'n funksie van die kerk is nie, maar die rede is vir die bestaan van die kerk. Die definisie vir 'n missionale kerk is volgens Alan Hirsch, is "a community of God's people that defines itself, and organizes its life around its real purpose of being an agent of God's mission to the world" (Hirsch 2006: 82).

'n Missionale geïnkarnearde kerk word nie vasgepen in strategiese beplanning en missiestelling nie maar is altyd oop vir nuwe en innoverende idees, eksperimentering en kreatiwiteit (Niemandt 2013: 23). 'n Kerk wat geïnkarnear is in 'n gemeenskap reflekteer die plaaslike gemeenskap se gees, kleur en geur. Die kerk moet kultuur relevant wees. Terug by die voorbeeld van ons boom in die bos: die boom is deur God geplant in 'n spesifie omgewing van die oerwoud. Hierdie boom (mense/lidmate) moet skuiling bied en kos voorsien vir die diere in haar onmiddellike omgewing. Die boom is deel van die konteks (deur God gepant, met 'n rede). Met ander woorde, die missionale kerk moet kontekstueel wees in 'n spesifieke omgewing.

Frost en Hirsch definieer kontekstualisering as:

"(a) dynamic process whereby the constant message of the gospel interacts with specific, human situations. It involves an examination of the gospel in the light of the respondent's worldview and then adapting the message message, encoding it in such a way that it can become meaningful to the respondent."

(Frost & Hirsch 2003: 83)

Kontekstualisering van die kerk is 'n poging om kerk te wees op 'n manier wat getrou is aan Jesus en toepaslik vir die mense wat deur die kerk bedien word. Dit aanvaar dat die vorm van die kerk kan volgens die situasie verander. Nie een kerk sal lyk soos 'n ander nie omdat hulle verskillende mense bedien. As die kerk sy konteks moet dien, moet dit aan die konteks gekoppel wees. Dit gebeur deur kontekstualisering. Niemandt verwys na Andrew Walls wat na kontekstualisering verwys as 'n inheemse beginsel: "The impossibility of separating an individual from his social relationships and thus from his society leads to one unvarying feature in Christian history: the desire to 'indigenize,' to live as a Christian and yet as a member of one's own society" (Niemandt 2014: 42).

'n Gekontekstualiseerde kerk is getrou aan Jesus en toepaslik vir die mense wat die kerk bedien. Só 'n kerk neem aan dat die vorm van die kerk kan verander soos omstandighede en omgewing van die kerk mag verander. Verskillende NG Kerke moet verskillend lyk, want hulle neem verskillende mense op verskillende plekke in

ag. Die kerk moet getrou en verbind wees aan sy gemeenskap as sy dit werklik wil bedien. Dit gebeur deur kontekstualisering (Niemandt 2014: 42).

Die begrip missionale kerk het ongelukkig 'n modewoord geword, 'n nuwe taal wat gebruik word om postmoderne aantreklikhede 'n ander omslag te gee, maar die inhoud bly dieselfde. 'n Kerk wie se hoofsaak gesien word om mense te lok en vermaak te bied se sukses word bepaal deur getalle en geld. "Mense sien self die kerk as die verskaffer van godsdienstige produkte en soek oral rond na die produk wat hulle behoeftes die beste bevredig. Dit is verbruikerskerke vir 'n selfsugtige verbruikerskultuur" (Niemandt 2013: 25). 'n Missionale kerk, aan die ander kant is nie 'n kerk wat vermaak bied om mense aan te trek nie maar die teenoorgestelde. 'n Missionale kerk word gedryf deur dit wat die lidmate buite gaan doen. Hulle word gestuur, nie getrek nie.

Daar moet daarteen gewaak word om 'n missionale kerk 'n vaste definisie te gee met vaste karaktereienskappe wat dit die beste beskryf. Dit word dan maar net weer 'n verbruikerskerk wat visies, missies en programme rondom 'n ander kerk in 'n ander gemeenskap te ontwikkel wat glad nie die plaaslike konteks en kultuur van 'n ander kerk ken of inaggeneem het nie. Missionale denke en verbeelding oor kerkwees ontwikkel teologiese denke oor God se missie in 'n bepaalde konteks. Soos alreeds in hierdie hoofstuk gestel fokus 'n missionale kerk op die Drie-enige God. Die latynse begrip vir God se sending in die wêreld is *missio Dei*. "Missional leadership can be defined as the Spirit-led transformation of people and institutions, by means of meaningful relations, to participate in God's mission" (Niemandt 2013: 41).

Die werk van plaaslike leiers in missionale kerke is om hierdie teologiese verbeelding oor God se sending in 'n bepaalde gemeenskap se kultuur te ontwikkel. Die taak van die leiers is nie om visies, missies en programme te ontwikkel nie, maar "to cultivate listening conversations and dialogues around people's 'offstage' narratives and bring them into conversation with the biblical narratives" (Roxburgh 2010: 178).

2.6 *Missio Dei*, Missie en Missionaal

Die *missio Dei* is die reddende aktiwiteit van die Drie-enige missionêre God. Jesus Christus is geproklameer, deur die bloed van die kruis, die enigste redder van alle mense. Deur hierdie metode nooi God alle mense uit in die teenwoordigheid van sy koninkryk deur nuwe lewe in Jesus Christus. Hulle word deel van sy gemeenskap. God gee vir sy gemeenskap, wat die Heilige Gees volg wanneer en waar Hy lei, 'n voorskou van God se koninkryk (Franklin 2017: 40).

God se missie in die wêreld word deur die sending van Jesus Christus en die Gees uitgevoer. Die kerk en die kerk se sending word vanuit die wese van God self verstaan. Sending is 'n geskenk van die sturende God (*missio Dei*). Jesus bevestig dit met dié woorde aan sy dissipels: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21).

Die lewe van God is 'n proses van gestuurdheid: die Vader het die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun stuur om nuwe lewe te bring. Die Seun

stuur die Heilige Gees. Vader, Seun en Heilige Gees stuur die kerk in die wêreld in (*missio ecclesiae*). Dit is nie net 'n geval dat God sending doen nie, God is in wese 'n sturende God. Net soos wat ons sê “God is liefde”, kan ons sê “God is 'n sturende God”.


(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 202)

Terwyl missie nie sy oorsprong uit die kerk het of aan die kerk behoort nie, stuur die Drie-enige God die kerk van waar dit geleë is as sy primêre instrument – 'n gestuurde gemeenskap om sy missie om sy getuies te wees uit te voer dwars deur die wêreld deur is verskeidenheid van bedieninge. Die gevolg hiervan is dat sending/missie nie beperk tot die aktiwiteit van sendelinge wat deur die kerk of ander organisasies na verskeie plekke gestuur word om die boodskap van redding te bring nie (Franklin 2017: 40).

Die kerk is die teken en simbool van God se heerskappy as getuies van die krag van Christus deur die transformerende krag van die Heilige Gees. Die gevolg hiervan is dat missie holisties is omdat dit fokus op die hele lewe en skepping en mense oproep tot 'n oorvloedige lewe. 'n Gebroke wêreld, vernietig deur menslike sonde en die mag van die bose, word deur God se heerskappy getransformeer tot 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde van God se verlose skepping (Franklin 2017: 40).

Missionaal is 'n adjektief wat iets beskryf wat verband hou met missie of iets wat gekenmerk word deur die missie van God. Dit vereis dat die mens ten volle in lyn kom met die missie van die Drie-enige God.

Die missionale konteks: “Missionaal” beskryf goed soos verhoudings, doel en identiteit van kerke en hulle leiers– binne die *missio Dei*. Die term karakteriseer beide aktiwiteite en intensie langs 'n spektrum in die konteks van God se sending.



Skets: *Towards Global missional leadership* (Franklin 2017: 35)

2.7 Slot

Om saam te vat: Wat is die kerk? Die kerk is nie net 'n gebou waarheen 'n mens gaan nie, die kerk is volgelinge van Jesus, waar hulle hulle ook al bevind. Daar is 'n groep gelowiges wat hulle self bevind in die woonbuurt, Doringkloof, wat saam aanbid en saam gestuur is na die wêreld.

When we are truly seeking to know what it means to be God's people, we will want to know what God is up to in our neighbourhoods and communities and what it means for the gospel to be lived out and proclaimed in this time and place. The matter of getting someone to church is utterly secondary to these insights. Now we are in a place where ecclesiology isn't the issue. Missiology is.

(Roxburg 2011: 31)

Hoofstuk 3 gaan bepaal hoe hierdie groep gelowiges by hulle gemeenskap kan inkarneer.

HOOFSTUK 3: INKARNASIE

3.1 Definisie van inkarnasie

Hierdie hoofstuk ondersoek die begrip “Inkarnasie” om aan te sluit by die navorsingsvraag: Wie is veronderstel om te inkarneer? Hoofstuk 4 van hierdie navorsing sal bepaal wie die gelowiges is wat in Doringkloof-gemeenskap woon, dié wat deur God in die wêreld uitgestuur word.

Hirsch (2006) gee die volgende definisie vir inkarnasie, en van die rol wat inkarnasie in die sending speel. Hy sien Jesus se inkarnasie as die daad van God waardeur God:

(entered) into the created universe and realm of human affairs as the man Jesus of Nazareth. When we talk of incarnational in relation to mission it means similarly embodying the culture and life of a target group in order to meaningfully reach that group of people from within their culture. I also use the term to describe the missionary act of going to a target people group as opposed to the invitation to come to our cultural group in order to hear the gospel.

(Hirsch 2006: 281)

Die raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk (Alg Sinode 2013, A.12.7) vorm die basis van hierdie hoofstuk waarin die inkarnasie van die plaaslike kerk in die gemeenskap beskryf word.

Die doel van die verslag is om ’n taal te skep wat die onderskeidingsproses oor die wese, aard en gestuurdheid van die kerk sal dien. Die nuwe taal wat ons gebruik is ’n duidelike aanwyser dat diepliggende, organiese veranderinge besig is om plaas te vind. Dit is slegs wanneer ’n gemeenskap so ’n nuwe taal sáám ontdek en sáám gebruik dat nuwe gesprekke en veranderinge moontlik word. Nuwe woorde en gesprekke verander ons insig oor wat moontlik is en steek ons verbeelding aan die brand.

Die raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG kerk Kerk omskryf inkarnasie as volg:

Inkarnasie het te doene met Christus se menswording. Die menswording van Jesus Christus verduidelik op ’n besondere manier God se sending en die wyse waarop God met sy wêreld omgaan. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om ’n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om met mense te wees waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie. Die kerk is deel van die gemeenskap, maar dan as ’n kontrasgemeenskap (’n kruisgemeenskap!) wat volgens ander reëls funksioneer en ander

prioriteite het. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205)

Alhoewel die eenheid van die Gees in die een Kerk gekoester moet word is dit ook volgens die Wêreldraad van Kerke se boek *Together Towards Life* belangrik dat elke plaaslike gemeente, natuurlik gelei deur die Heilige Gees, maniere sal vind om te reageer op die plaaslike kontekstuele realiteite waarin sy haar bevind. Vandag se veranderde wêreld roep plaaslike gemeentes op om nuwe inisiatiewe te neem. Soos die vroeë kerk in die boek *Handelinge*, het plaaslike gemeentes die voorreg om 'n gemeenskap te vorm wat gekenmerk word deur die teenwoordigheid van die opgewekte Christus. 'n Plaaslike gemeente kan 'n stuikelblok vir baie mense wees omrede die aanvaarding of weiering om deel te word van God se sending is gekoppel aan hulle positiewe of negatiewe ervaring met die spesifieke plaaslike gemeente. Daarom is dit noodsaaklik dat plaaslike gemeentes voortdurend vernuwe en geïnspireer word deur die Gees van Sending. Plaaslike gemeentes is grense of primêre agente van God se Sending (*Together Towards Life*, CWME 2013: 27).

Daar het 'n belangrike verskuiwing plaasgevind waarop ons oor die kerk en wêreld dink. Dit gaan nie vir ons in die eerste plek oor kerkwees nie, maar om die koninkryk van God hier en nou te beliggaam (Niemandt 2007: 69). Dit gaan daarvoor om Christenskap so uit te leef dat die gemeenskap 'n plek word waar liefde gesien en hoop beleef kan word. Dit kan net gebeur as die kerk na die wêreld toe gaan en saam met die gemeenskap leef.

Die inkarnasie van Christus leer vir ons hoeveel intimiteit, warmte en diepte van vriendskap Hy met ons het in ons gebrokenheid. Ons het 'n kerk nodig wat die implikasies van die inkarnasie verstaan en dit uitleef sodat ander in ons gemeenskap kan besef dat hulle passievol en onvoorwaardelik liefgehê word sônder dat hulle verander – en hulle dán verander omdat hulle wil verander.

Dit beteken onder meer dat die kerk eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die kerk (gebou) toe te bring. Christene se lewens is die boodskap! Dit onderstreep die belang van verhoudings met mense (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205).

Die kerk word nie net uitgedaag om teenwoordig te wees waar mense is nie, maar om dit op so 'n manier te doen dat mense dienend vir mekaar beskikbaar is. Nabyheid is om empatie te hê en om in die skoene van ander te staan en die situasie vanuit hulle perspektief te kan verstaan (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205).

3.2 Die Kerk het mense nodig wat doen

In die Beeld van 12 Januarie 2016 verskyn 'n artikel deur Stephan Joubert met die opskrif "Die kerk het mense nodig wat doen".

Aan die begin word die vraag gevra: "Hoe is dit moontlik dat vrees, rassisme en haat in Suid-Afrika toeneem? Ten spyte van ons oormatige godsdienstigheid. Is dit ons verskuilde middelklas moraliteit wat maak dat ons vroom aanhou met vergader en

praat terwyl diegene wat honger ly nog 'n dag sonder kos sit en God se goedheid nie op straat voelbaar is nie?

Dan sê hy verder: “Ons kan dae, maande en jare lank oor probleme gesels sonder dat ons ooit die straat oorsteek na mense met regte name en adresse om ons hande vuil te maak met hul swaarkry en verloreheid. Ons vergader, preek en praat onself morsdood en irrelevant”.

Dan sê Joubert: “Om in Jesus te glo is om sy lewe van liefde en opoffering met 'n groot dringendheid agterna te leef”. Hy verwys na die Russiese skrywer, Leo Tolstoi, se bekende kortverhaal *Where love is God is* van 1885 wat die vraag vra of ons Jesus herken het toe Hy eendag weer vir ons kom kuier het.

Die verhaal lui kortliks soos volg:

Die man het 'n visioen gehad dat Jesus dié dag vir hom sou kom besoek. Hy het gewag, maar Jesus kom toe nooit nie. Later sien hy 'n vrou en haar dogtertjie wat in die sneeubedekte straat by die venster wat op straathoogte uitkyk met skamele kleertjies verbyloop. Hy roep haar en gee van sy oorlede vrou en sy kind se klere vir haar. Nog later kom 'n man wat die sneeu wegskoffel verby en hy bied hom iets te tee aan. Teen die aand sien hy die appelverkoper sit 'n seuntjie agterna wat 'n appel gesteel het en tree tussenbeide om te keer dat die man die kind tronk toe vat.

Die vraag aan ons is: Het ons Jesus kos geggee toe Hy honger was; klere geggee toe Hy kaal was; skuiling geggee toe Hy niks gehad het nie (Matteus 25)? Nee, ons het dit nie persoonlik vir Hom gedoen nie. Maar het ons dit vir ander mense gedoen? God is mos in elke mens! Ons moet Hom net raaksien! Of anders gestel, aldus Joubert, Jesus loop elke dag in Suid-Afrika rond, vermom as stukkendes, verlorene, verslaafdes, randfigure, armes, woedendes, gieriges, gewone mense.

Joubert (Joubert 2016) vertel dat 'n man na 'n kerkbyeenkoms vir hom gesê het hy was een Sondag nie in die kerk nie, maar saam met sy kinders in die speelparkie. Die man het hom gevra: “Hoe gaan ons daardie mense weer terugkry in die kerk?” Joubert wou van hom weet: “Hoe gaan ons weer die kerkmense in die wêreld terugkry om net die Here se hande en voete te wees?”

Ek wil byvoeg dat mense nie net honger is of dors met verflenterde klere langs die lewenspad sit of in 'n tronk is nie. Daar is mense wat honger en dors na die brood en water van die lewe; ander se siele is ontbloot aan die wrede werklikheid rondom hulle; nog ander is in hulle eie persoonlike tronk van sonde en verslawing.

3.3 'n Nuwe manier van lewe

So, wat moet ons doen - die kern van hierdie studie ?

Die kerk se krag in die samelewing gaan nie net oor geboue en amptelike prediking nie, maar alles te doen met die manier waarop die kerk sout vir die aarde tussen die mense van die aarde is. Niemandt is oortuig dat dit beteken 'n ganse nuwe manier van lewe – *life unformed, unthought, but now available* (Niemandt 2007: 69).

Die kerk is nie gelowiges wat vra: “Wat kan hierdie kerk vir my bied nie - maar dissipels van Jesus wat gedurig vra: “Hoekan ek dan help en hierdie geloofgemeenskap dien in sy roeping om na die wêreld te gaan?” (Niemandt 2007: 54).

Moet die kerk optree as ‘n liefdadigheids- of welsynsorganisasie? Doornkloof Familiakerk is betrokke by sulke aksies. Maar is dit nie hoofsaaklik om geld te gee vir sendelinge en kos vir werkloses nie? Of vir mense wat siek is te bid nie? Nog ‘n belangrike vraag: Wat doen individuele lede van die gemeente behalwe om by te dra tot die “Sewe Mandjies-projek” vir “Naastes in Nood”, geld te gee vir die “Geloof Offer-belofte” wat gaan aan verskillende verdienstelike sake? Of net bid?

Die feit is dat dit hoofsaaklik om *geld* gaan, wat verder niks van ons eis nie.

Wat doen ons as individue omtrent die ander behoeftes en probleme van mense, behalwe die materiële? Daar is bejaardes wat nie by die kerk of die winkel kan uitkom nie. Hier tussen ons elke Sondag is eensames wat smag na geselskap en siekes van die gemeente wat ‘n telefoonoproep sal waardeer.

Hierdie hulp gaan dan net vir mense in ons gemeente. Wat van die gemeenskap – die stukkendes, verslaafdes, randfigure, eensames en siekes? ‘n Christelike gemeenskap kan nooit ‘n geslote gemeenskap wees nie. Die Bybel leer ons dat Christene in die wêreld is en moet daar bly. Christene word uit die wêreld geroep en saamgebring deur die Gees as liggaam van Christus. Die liggaam van Christus, ons sy kerk, word weer teruggestuur na die wêreld om deel te neem aan God se sending (Niemandt 2013: 34).

Die lewe van die kerk spruit uit die Drie-enige God wat ons aanbid. “God is liefde” (1 Johannes 4:8). Die kerk se uitreik na die gemeenskap is ons respons op God se liefde, genade en redding vir ons. *Caritas Christi urget nos* – die liefde van Christus dring ons! Hierdie gemeenskap maak die deure van gelowiges se harte oop vir die gemeenskap met ons broers en susters wat dieselfde liefde van God deel. Om in die liefde van God te leef roep ons om die goeie nuus aan almal te vertel (2 Korintiërs 5:18-21). Die Drie-enige God se oorweldigende gee van liefde is die bron van alle sending en evangelisasie (*Together Towards Life*, CWME 2013: 21).

In *Missionalia*, April/Augustus 2014, publiseer Niemandt ‘n artikel met die tema: “Artisanal cheeses or artisanal Jesus – loving your postal code enough to reflect it in the life and theology of the church”. ‘n Poging om dit in Afrikaans te vertaal kan soos volg klink: Tradisionele handgemaakte kase of plaaslike Jesus - Wees lief genoeg vir die woonbuurt waar jy bly sodat dit in jou gemeente se lewe en teologie gesien kan word. Die kerk is nie ‘n massaprodusie fabriek nie.

Niemandt gebruik die stelling van Leonard Sweet, ‘n bekende teoloog uit Amerika, dat mense al hoe meer plaaslik vervaardigde produkte gebruik, byvoorbeeld plaaslike kaas. In Suid-Afrika is dit veral “craft beer” wat baie gewild is. “Food is turning towards “locavore” (local foods) and the world towards a celebration of particularity” (Sweet 2010: 192). Niemandt beklemtoon in sy artikel die belangrikheid van ‘n “plaaslike Jesus”. In meer formele teologiese terme bespreek die artikel die

inkarnasie van Jesus sowel as die belang van kontekstualisasie en inkulturasie (Niemandt 2014: 36).

3.4 Plaaslike Konteks

Die missionêre boodskap van die Christelike kerk word geïnkarnear in die lewe en in die leefwêreld van die gelowiges. Die probleem is dat baie kerke hulleself die reg toeëien om self te besluit wat die objektiewe tydlose waarheid van die Bybel is, wat hulle dan netso van toepassing maak op die alledaagse lewe van alle gelowiges, asof alle situasie, oral op aarde, altyd dieselfde is (Bosch 1991: 421). Maar Bevans (2002: 3) maak die punt dat teologie altyd kontekstueel is.

Solank as wat die teologie verband hou met die evangelie en konteks, en solank die onderlinge verband tussen evangelie en konteks voortduur, sal die teologie nie die kontekstuele kwessie kan ontsnap nie. As Christelike teologie en Christelike kerke die noodsaaklikheid van respek vir die omliggende konteks verstaan; as dit belangrik is om God aan die konteks te kommunikeer; en as die noodsaaklikheid om konteks in die koninkryk te bring verstaan word, dan sal daar 'n besondere klem op op inkarnasie, kontekstualisering en inkulturasie wees – wat 'n belangrike rol begin speel in gemeente wees (Niemandt 2014: 39).

Niemandt haal in sy artikel Roxburg aan:

When we are truly seeking to know what it means to be God's people, we will want to know what God is up to in our neighbourhoods and communities and what it means for the gospel to be lived out and proclaimed in this time and place. The matter of getting someone to church is utterly secondary to these insights. Now we are in a place where ecclesiology isn't the issue. Missiology is.

(Niemandt 2011: 31)

Ons leef in 'n tyd van belangrike historiese verandering wat beide opwindend en vreesaanjaend is. Dit word verder in Hoofstuk 5 bespreek. Volgens Niemandt (2007: 10) is daar drie groot verskuiwings wat almal tegelyk 'n geweldige invloed uitoefen op die kultuur en psige van mense, naamlik postmodernisme, post-Christelikheid en globalisering. Ook die Christendom word iets anders as wat dit was. Aangesien kontekste verander en veranderende ritmes van verskillende tye oor die wêreld klop sal 'n missiologie nodig wees wat gevoelig is vir konteks en die oorsteek van grense.

Om terug te keer na die metafoer van plaaslike voedsel - solank mense kos eet, en so lank as wat die spyskaart verander, sal die missiologie op die spyskaart van teologie wees. Voedsel, dus ook eet, verteenwoordig een van die primêre aspekte van die lewe self. Die deel van kos is die deel van die lewe. Niemandt stem in die artikel saam met die Wêreldraad van Kerke (2013: 75) wanneer dit sê: Kos en eet is 'n uitdrukking van die lewe en dus van kultuur. Moderne kultuur se fassinatie met kos, soos gesien word in die oorfloed van TV-programme oor kos en kookkuns (Masterchef, Kokkedoor, Nataniël tafel), herinner ons aan die noue verband tussen kos en geloof, teologie en eet en missie as "eet en drink wat hulle voorhande het" (Lukas 10: 7). Eet is 'n uitnodiging om by die nagmaal met mekaar te versoen, om te

gee en te ontvang. Eet is 'n tasbare praktyk van vrede en eenheid, en dit herinner ons aan die inkarnasie (Niemandt 2014: 36).

Om die “artisanal Jesus” te beklemtoon, sê Niemandt, beteken dat jy ernstig is oor die *missio Dei*, dus die inkarnasie van Christus. Om teologie te beoefen beteken om by die *Missio Dei* betrokke te raak. Die *Missio Dei* is gefokus op *hierdie* wêreld. Dis belangrik om te verstaan wat in die wêreld gebeur omdat Christene 'n lig moet vir die wêreld moet wees; Christene moet sout van die aarde wêreld wees (Hendriks 2013: 825-826). Christene wat sout en lig vir die wêreld is, is die noodsaaklike en formatiewe beginsel waarmee die kerk na die komplekse immerveranderende wêreld beweeg (Niemandt 2014: 37).

3.5 Inkarnasie en Triniteit

Die kerk vind sy oorsprong en diepste identiteit in die trinitariese, handelende God. (Peterson 1993: 192). Hendriks (2004: 19-34) sê: “We believe that theology is about discernment (Phil.1:9-10). Theology thus implies a discernment process that takes place when we obediently participate in transformative action and service at different levels: personal, ecclesial, societal, ecological and scientific.”

Hoe kan Doornkloof Familiekerk as tradisionele voorstedelike gemeente sout en lig vir die wêreld wees? Deur die nuwe lewe en hoop wat ons as gelowiges het daagliks prakties uit te leef. Om dit te doen is dit noodsaaklik om net weer die sentraliteit en fokus vanuit die Triniteit kortliks aan te roer. Die sturende, Drie-enige en sprekende God bepaal en definieer die wese, identiteit en kultuur van Doornkloof Familiekerk.

Zimmermann (2004: 318) kombineer trinitariese met inkarnasionele teologie:

“Complemented by the doctrine of Trinity, incarnational theology offers an ontology that places being-in-community at the heart of reality and gives ethical transcendence definite contours in the divine kenotic and redemptive events of cross and resurrection. By becoming human, utter transcendence becomes graspable to human preunderstanding, and yet the extraordinary revealed within these forms transcends them infinitely. Our subjective impressions are always challenged and even proven wrong by the figure of Christ. No age or culture, no intellectual or poet is privileged in his knowledge of God; this is so, however, not because God is without definite content but because meaning and knowledge radiate from Christ himself rather than originate with us.”

Dit kan alleen deur geloofsonderskeiding en 'n fyn luister na die Gees gebeur, wanneer jy met die Gees op reis gaan.

“Christians believe in a God who speaks. Ours is not a silent God, a God who sits, sphinx-like, looking out unblinking on a world in agony... He speaks because He loves. Love always seeks to communicate” (Coggan, 1987: 31). Die wese van kerkwees vind haar diepste begroning in die Drie-enige God. Bosch (1991: 392) stel dit duidelik: “The identity of the church is missional by its very nature”.

Die Triniteit verskaf die nodige struktuur en konteks. Ten diepste is die identiteit van die NG Kerk ingebed in ons verstaan van God self. Ons Gereformeerde identiteit plaas die NG Kerk binne-in die lewe van die Drie-enige God.

Nadenke oor die identiteit van die kerk begin dus by nadenke oor wat dit beteken om in verhouding met God te lewe (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 2001). 'n Trinitariese basis vir missionale denke beteken dat sending nie primêr 'n aktiwiteit van die kerk en gemeente is nie, maar 'n eienskap van die God wat stuur. Die klassieke leer van die *missio Dei* as God die Vader wat die Seun stuur, en God die Vader en die Seun wat die Heilige Gees stuur, word uitgebrei om ook 'n ander 'beweging' in te sluit: 'Father, Son, and Holy Spirit sending the church into the world ... Willingen's image of mission was mission as participating in the sending of God' (Bosch 1993: 390). *Missio Dei* beteken dat die 'en' tussen kerk en sending wegval. Die kerk se werk in die wêreld is niks anders as God se beweging na die wêreld (Van der Merwe 2014 :5).

Die Drie-enige God sit die *missio Dei* vandag nog voort en is daagliks daarby betrokke. Dit is ook God wat sy missie op sy tyd sal voltooi en afrond. Dit beteken gelowiges kan God persoonlik ervaar as die lewende en handelende God. God kan slegs deur verhoudings geken en beleef word. Die persoonlike aard van God se verhouding met ons en die kerk word bevestig deur die intieme gemeenskap met die Triniteit. Hierdie gemeenskap is gefundeer en word begrond in en deur liefde. Om dus in gemeenskap met die Trinitariese God te lewe, is 'n lewenslange oproep tot 'n verbintenis tot die lewe. Daar is altyd 'n Hand wat ons vasgryp en intrek in die Trinitariese aksies wat in die dampkring van die Triniteit geleef en beleef word.

Die konsep van die inkarnasie herinner ons aan die self-weggee van die Drie-enige God.

Kenosis is die teenoorgestelde as selfhandhawing en self-ervulling. Kenosis, soos Filippense 2:5-11 dit uitbeeld, beteken selfprysgawe en opoffering. Selfprysgawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun en gee daarmee die Seun prys ter wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en géé sy lewe prys om sodoende versoening en heling te bring. Die kruis herinner ons daaraan dat hierdie wêreld verlos moet word. Die Heilige Gees wys, kommunikeer en konkretiseer die opoffering van die Vader en die Seun. (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205)

Die wese van God bepaal die karakter van die Christelike lewe. As self-weggee die lewe van die Drie-eenheid tipeer, is dit nie verbasend dat self-weggee die kern van die goddelike sending na die wêreld is nie. Drie-eenheid is die grond, middel en doel van die sending. God se besluit om deel van die mensdom te wees, word weerspieël in die skepping van die natuurlike orde. God bly God maar terselfdertyd is die skepping 'n daad van goddelike selfpoging. God plaas homself in die skepping, net soos ons van musikante kan sê: Hulle het hulself in daardie stuk gesit. Hulle het spore van hulself in die musiek wat hulle gespeel het geplaas. Net so plaas God spore van homself in die skepping, nie in die minste nie, in die mensdom. Soos Wirzba (2011: 163) sê: "By being the incarnation of God the Father, Jesus is

showing humanity how to receive and love everything in this world with a divine point of view."

Die inkarnasie van God in Jesus Christus het onder meer die volgende vier dimensies:

- * Teenwoordigheid – in Jesus Christus is die ewige God lewend teenwoordig in sy skepping.
- * Nabyheid – in Jesus Christus het God so naby aan ons gekom dat God toeganklik geword het. Hy het die skeiding verwyder en sy kinders word selfs as tempels van die Heilige Gees beskryf.
- * Weerloosheid – Jesus Christus se vleeswording (Fil. 2:6 ev) beteken Hy het soos die nederigste van nederiges tussen ons kom woon. Hy keer alle vorme van mag om en wys dat weerlose diensbaarheid die krag het om die ganse wêreld te verander.
- * Verkondiging – Jesus Christus se menswording is die Evangelie. Daardeur kondig Hy aan dat God se nuwe bedeling aangebreek het en daarom roep Hy mense op tot bekering en geloof.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 205)

Niemandt maak die stelling dat dat die inkarnasie van God in Christus die middelpunt van die Christelike geloof is. Dit beteken dat die skepping die kern van die Christelike teologie is, en kontekstuele teologie beteken dat verskillende gemeenskappe die teologiese teorie oor die betekenis van die skepping in hul spesifieke kontekste moet reflekteer (Niemandt 2014: 39).

Die sendingboodskap van die Christelike kerk word deel van die die lewe en wêreld van diegene wat dit omhels. Paulus het 'n inkarnasiestrategie gebruik gebaseer op konteks, liefde en diens om gemeenskap te bou. Hy het besef dat daar verskillende maniere bestaan waarop individue tot geloof kan kom. Paulus se gemeentes was kultuurspesifiek met inheemse vorme van leierskap. Niemandt waardeer Hirsch se (2006: 37) beskrywing van "proximity space" - die missionêre ruimte waar kultuur op eie bodem ontmoet kan word. Dit is die ruimte waar die kerk na die mense geneem word (Niemandt 2014: 39).

A proximity space is not a church; rather, it involves the creation of places and/or events where Christians and not-yet-Christians can interact meaningfully with each other – effectively a missional space.

(Hirsch 2006: 37)

Die inkarnasie is dus 'n sleutelparadigma vir die kontekstualisering van die kerk. Jesus was deel van die Joodse kultuur en het Aramees gepraat. Hy het ook deelgeneem aan die gemeenskap se vieringe en tradisies. Sy gelykenisse sluit aan by die Joodse denkwysse en retoriese tradisies van die dag. Die Bybel is in sy wese kontekstueel. As die kerk verskillende vorme aanneem volgens die konteks waarin sy haar bevind, volg die kerk 'n bekende Bybelse patroon om haar by die omgewing aan te pas (Niemandt 2014: 39.) Die kerk inkarneer die evangelie. Die manier en aard van kerkwees word bepaal in verhouding met die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind (NG Kerk, Sinode 2013: 203).

God in Christ has approached us not only in a way we can understand, but in a way that we can access. He not only called people to repentance and proclaimed the direct presence of God (Mark 1:15, but befriended outcast people and lived life in proximity with the broken and “the lost” (Luke 19:10).

(Hirch 2006: 132)

Om inkarnasioneel te wees moet grense oorsteek en brûe gebou word. Dit skep die moontlikheid vir oop kommunikasie en interaksie. Die kerk moet inkarnasioneel wees in plaas daarvan om vermaak as aantrekkingskrag te gebruik. Jesus se inkarnasie het die gevolg gehad dat God teenwoordig was op gemarginaliseerde plekke waar God se teenwoordigheid nie verwag was nie. Die oorsteek van grense beteken om kerk te wees in die wêreld, meestal in gemarginaliseerde ruimtes waar gelowiges nie gewoonlik sal gaan nie. Maar dit vra ook dat die kerk hom in die gewone, alledaagse, sal tuismaak. Om by Sweet aan te sluit: “The doctrine of the incarnation requires a high doctrine of the everyday, the ordinary” (Sweet 2010: 103).

Die oplossing nie is om meer mense by die kerk uit te bring nie, maar om die kerk by die mense te kry. Die probleem is die vorm waarin die Doornkloof Familiekerk sy boodskap verpak. Nuwe maniere van kerk-wees, wat meer outentiek en relasioneel is, sal gevind moet word (McLaren 2000: 22–24).

In Hoofstuk 6 van hierdie studie gaan die navorsingsdoelwit juis by hierdie punt aansluit. Watter gesindheid en optrede word gevind by apostoliese leiers wat ‘n gemeente lei om deel te word van die gemeenskap? Wat is die spiritualiteit wat hulle apostoliese sending rig? Watter leiereienskappe sal so ‘n gemeente se leiers moet ontwikkel om die “weggee” van “ons kerk” te weeg te bring? Hoofstuk 4 gaan wys dat Paulus grense oorgesteek het en nuut gedink het oor kerkwees. Hy was die gestuurde wat die geloof, liefde en hoop van Christus oorplant van een konteks na ‘n ander.

In Nelus Niemandt se boek *Nuwe drome vir nuwe werklikhede* is daar ‘n hoofstuk wat gaan oor ou praktyke wat nuut geleef word (2007: 27vv). Hy stel as “Geloofpraktyk 2” voor dat die sekulêre lewe transformeer kan word deur afstand te doen van die skeiding tussen die geestelike en die fisiese. Daar word baie keer van die kerk teenoor die wêreld gepraat. Daar word skeiding gemaak tussen die heilige en die sekulêre. In die kerk word daar nie van geld gepraat nie, maar die markeconomie praat oor geld, ken ‘n waarde aan alles toe. Daar kan nie ‘n waarde toegeken word aan liefde, deernis en geloof nie, en daarom word dit uitgeskuif. Volgens Niemandt bestempel ontluikende kerke hierdie situasie as die erfenis van modernisme. Ons verwag dit nie werklik in Gereformeerde kerke nie, want Gereformeerdes gelowiges word nie uit die wêreld uitgeroep nie, maar juis in die wêreld ingestuur. Ons probleem is egter dat die Christendom die modernisme se idee van ‘n sekulêre ruimte – ‘n plek waar God nie teenwoordig is nie – net so oorneem oorgeneem. Geestelike sake word geskei van sekulêre sake en eersgenoemde hoort net in die ruimte van die kerk.

Niemandt gaan verder (2007: 28) en sê dat die kerk bittermin aandag gee aan mense se alledaagse lewe. Preke gaan oor groot teologiese gedagtes en geestelike vrae. Daar word nie genoeg aandag geggee mense se alledaagse lewe nie.

Niemandt gebruik die idioom van “die alledaagse klein jakkalsies wat die wingerd verniel”. Die jakkalse is KLEIN. Verkleinwoord: jakkalsies. Dit lyk of hulle onbelangrik is. Nietighede. Dalk verborge vir 'n lang tyd. Die alledaagse is onbelangrik in ons geestelike domein. Geen groot geweldige dinge nie! Maar, stadig maar seker ondermyn hulle die wingerd en hol hulle die grond uit. Hulle eet nie die druiwe nie, maar voor jy jou kom kry, is die druiwe aangetas. En wanneer dit eers só ver gevorder het, kan jy nie meer die oorspronklike probleem identifiseer nie! Dán is dit moeilik om te bepaal hoe alles ontwikkel het. Dit is net so belangrik om nie die alledaagse lewensprobleme oor die hoof te sien nie. Die rede waarom sulke klein nietighede soveel skade kan aanrig, is omdat hulle aandeel aan soos jakkalse. Hulle raak gou meer en groot!

Uiteindelik is dit nie net 'n skeiding tussen Sondag en Maandag, man en vrou, kuns en godsdiens nie – uiteindelik word alle godsdiens en geloof en alles wat met die kerk verbind word, ervaar as iets intiems en privaat wat niks met die wêreld te doen het nie .

(Niemandt 2007: 73)

Om weer hier soos bo by Sweet aan te sluit: “The doctrine of the incarnation requires a high doctrine of the everyday, the ordinary” (Sweet 2010: 103).

3.6 'n Onderhoud met Patrick Keifert

Die boek *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology* (Burger, Marais & Mouton (ed.) 2017) bevat die verrigtinge van 'n konferensie op “The Future of Missional Churches and Missional Theology” wat 19 tot 21 Januarie 2015 in Stellenbosch gehou is. Die vergadering het besef dat om missionaal te wees begin by die *missio Dei* en nie by die kerk nie daarom moet daar meer aandag geskenk word aan die klassieke leerstelling van die Drie-eenheid (Burger 2017: 17). In hoofstuk 18 van van *Cultivating Missional Change* beantwoord die senior sistematiese teoloog in die groep, Patrick Keifert, vrae van 'n groep Suid-Afrikaanse teoloë, Frederik Marais, Danie Mouton en Marius Nel (“Missional theology as Trinitary theology: A conversation with Patrick Keifert.” (Burger, Marais & Mouton (ed) 2017: 264)

Die hoofstuk begin met die belangrike stelling van Keifert. “The gospel is not only and not first and foremost information about Jesus; the gospel is Jesus (Keifert 2017: 264).” Hierdie stelling het geweldige teologiese implikasies. Keifert gee twee redes hiervoor. Hy sê eerstens beteken dit dat al die boeke in die Bybel, op een of ander manier aan Jesus verbind is. Ons weet dit is die Woord van God omdat dit Jesus beide nodig en teenwoordig maak. Maar die feit dat die evangelie nie net inligting oor Jesus nie is nie, maar Jesus self. Jesus, God wat mens geword het, het op 'n bepaalde tyd en op 'n bepaalde plek in die geskiedenis geleef. Ons begrip van die inkarnasie is diep ingebed in ons verstaan van die Triniteit, van God wat uitgereik het na en deel geword het van ons wêreld (Keifert 2017: 264).

Keifert sê hy het by die lees van Hegel se werk *Phänomenology des Geistes* besef dat die leer van die Drie-eenheid 'n verlengstuk is van ons poging om sin van die Bybelse narratief te maak. Jesus spreek God as Vader aan. God as Vader is nie die primêre beeld vir God in die Ou-Testament nie. Ons noem God Vader, want ons het

dit by Jesus geleer. Jesus het by sy hemelvaart aan die belofte van die Vader aan sy dissipels gemaak dat Hy die Heilige Gees gaan stuur. “En Ek sal die gawe wat my Vader beloop het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is (Lukas 24: 49).” En natuurlik stuur die Gees ons weer. Daar is ‘n geweldige ooreenkoms oor hierdie gebeure in die narratief van die verskillende evangelies en die enigste manier om sin hieruit te maak is deur ‘n leerstelling van die Drie-Eenheid. “The ‘sentness’, it seems to me, is about the very nature of God, this sending” (Keifert 2017: 265). Dit is *missio Dei*.

Keifert sê die wortel van die hele missionêre beweging is ons verstaan van God. Ons is die enigste groot godsdiens in die wêreld is wat ‘n begrip van God as gemeenskap het, van “God as being in communion” (Keifert 2017: 265).

Op ‘n vraag van die paneel wat hierop volg, gee Keifert ‘n insiggewende antwoord. Die vraag was: “Would it be the first time that the link between mission and the Trinity is so strongly connected?” (Keifert 2017: 266). Hy sê die lastige deel van die vraag is dat dit nie duidelik uitgespel word nie. Hy gebruik dan Athanasius se antwoord in die Ariaanse stryd ten opsigte van die vraag: “Does God need a Son?”

Arius says, of course God doesn't need a Son. What sort of god needs anything? I mean, it's simply against the very nature of God. No, God has a Son, therefore God needs one, says Athanasius. He does the sort of (what I call) reverse logic of the way Christians think.

(Keifert 2017: 266)

Ons is op baie verskillende maniere in 'n nuwe era in die lewe van die kerk - 'n missionêre era. Ons kan dus ook sê dat ons weer in die kinderskoene van die kerk is, na jare van die Christendom. Ons gaan voort met die missionêre era van die vroeë kerk.

Dit wil voorkom of daar in Protestante teologie ‘n sekere volgorde is van die Vader wat die Seun stuur en die Seun wat die Gees stuur - terwyl dit die Gees is wat die Seun na die woestyn toe uitdryf in die Bybelse verhaal. Dit wil voorkom dat, in die Ortodokse teologie, die Vader beide die Seun en die Gees stuur. Die paneel het aan Keifert gevra: “What is one to make of the sequence?” (Keifert 2017: 267). Keifert se antwoord was dat hy senuagtig word as ons begin dink dat daar iets soos “a divine substance” (Keifert 2017: 267) is, soort Goddelike besondere met eenvormige eienskappe wat eerstens in die Vader geleë is. Die Vader gee die substansie aan die Seun en die Gees. Keifert verkies die idee dat die wese van God in verhouding is. Hy verduidelik verder en stel voor dat God analoog is tot 'n retoriese gebeurtenis. God *praat* Homself in die wêreld in. En elke persoon van die Drie-eenheid is daar dele van hierdie gesprek. Hy sê die Bybel is duidelik hieroor. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar (wat dit ookal beteken), dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. Die Gees is daar. Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig. (Genesis 1: 3) Wat duidelik is dat die Woord van God alles orden. “There's something about the speaking of God that makes everything happen (Keifert 2017: 267)”. God is nie ‘n voorwerp wat Woord genoem word nie, God is ‘n werkwoord, *praat*. Die gesprekke in die Bybel betrek al drie Persone van die Drie-eenheid. Daar is geleenthede waar die Vader praat,

ander kere praat die Seun en ander kere weer die Gees. Deur die Gees word ons as gelowiges by die gesprek betrek. Ons mag sy Woord verder dra!

3.7 Kontekstualisering en inkulturasie.

Lesslie Newbigin begin sy hoofstuk oor kontekstualisering in sy boek *The Gospel in a pluralist society* so: "The gospel is addressed to human beings, to their minds and hearts and conscience, and calls for their response" (Newbigin 1989: 141).

Menslike bestaan is gewortel in 'n gemeenskap wat dieselfde gewoontes het en dieselfde taal praat. Eenersyds moet teologie hierdie konteks dien en andersyds gee konteks 'n noodsaaklike of formatiewe beginsel of kwaliteit aan teologie.

Niemandt (2014: 42) verwys na Dawid Bosch wat "*Mission as contextualization*" (Bosch 1991: 420-432) asook "*Mission as inculturation*" beskryf. Inkulturasie is 'n tweede belangrike model vir kontekstualisering (Bosch 1991: 447-456). Ons begin met die basiese feit dat daar nie iets is soos 'n "suiwer" evangelie is nie. Dit moet ingebed word in 'n spesifieke kultuur. (Newbigin 1989: 144).

Kontekstualisering van die kerk is 'n poging om kerk te wees op maniere wat beide getrou is aan Jesus en toepaslik vir die mense wat die kerk bedien. Dit veronderstel dat die vorm van die kerk kan verander volgens die situasie waarin sy haarself bevind. Verskillende kerke lyk anders omdat hulle betrokke is by verskillende mense. As die kerk sy konteks wil dien moet dit daaraan gekoppel word. Dit gebeur deur kontekstualisering.

Andrew Walls het hierna verwys as die 'indigenize' beginsel. "The impossibility of separating an individual from his social relationships and thus from his society leads to one unvarying feature in Christian history: the desire to 'indigenize,' to live as a Christian and yet as a member of one's own society" (Walls 1996: 7).

Volgens Niemandt (2014: 43) is die Nuwe- Testamentiese getuienis daarop ingestel dat mense vanuit alle kulture en agtergronde die verlossing in Christus moes hoor. Verinheemsing is nie net 'n moontlikheid nie, maar 'n belangrike vereiste vir volgelinge oor verskillende kulturele grense om outentieke dissipels van Jesus te wees. Die evangelie het 'n universele betekenis vir almal, die waarhede bly dieselfde - maar die boodskap kom na elkeen waar hy of sy is, deel van 'n spesifieke gemeenskap en 'n spesifieke kultuur. Die universaliteit of algemene inklusiwiteit van die kerk verhoed egter dat kulturele en ander verskille die kerk verdeel. Kontekstualisering bied (iemand/groepe) emosionele ondersteuning of aanmoediging en skep 'n veilige ruimte vir enige kultuur en groep binne die breër Christelike gemeenskap.

Inkulturasie is nou verwant aan kontekstualisering. Niemandt (2014: 43) haal Bosch aan: "inculturation is one of the patterns in which the pluriform character of contemporary Christianity manifests itself" (Bosch 1991: 447). Die veranderende kontekste waarin Christelike geloof en Christelike teologie hul bevind beteken dat die verhouding met elke kultuur heroorweeg en bedink word. "and this must be done in a vital way, in depth and right to the cultures' roots" (Bosch 1991: 452).

Inkulturasie is die kreatiewe en dapper reaksie op die kontekste waarin die kerk haarself bevind. Niemandt (2014: 43) vind die definisie van inkulturasie van Tennent baie behulpzaam: "formulating, presenting and practising the Christian faith in such a way that is relevant to the cultural context of the target group in terms of conceptualization, expression and application; yet maintaining theological coherence, biblical integrity and theoretical consistency"(Tennent 2010: Loc 3898-3900). Inkulturasie is 'n tweerigtingproses van interaksie tussen Christelike geloof en 'n kultuur wat transformasie van die kultuur en 'n herinterpretasie van geloof beïnvloed (Niemandt 2014: 43).

Bosch (1991: 447) stel dat "inculturation is one of the patterns in which the pluriform character of contemporary Christianity manifests itself" maar ons leef vandag in 'n ander wêreld, selfs gemeet aan die wêreld wat Bosch geken het. Daarom is dit belangrik om gereeld nuut oor inkulturasie na te dink.

Die nuwe waardering vir inkulturasie kan gesien word in die Wêreldraad van Kerke (2013) se verslag oor missie en evangelisasie: *Together towards life: mission and evangelism in changing landscapes*. Om die evangelie beter te ontvang is respek vir mense se kultuur en simbole nodig. Die Wêreldraad van Kerke (2013: 72) stel die aard van inkulturasie: "the embodiment which the Word assumes in a particular community or culture." Die Bybel se oorsprong en inspirasie is geleë in die misterie van inkarnasie.

Die konteks van die ontvangers en die konteks van die sendelinge (die agente van die sendingwerk) beïnvloed noodwendig die aard en karakter van sendingwerk. Daarom moet missie as kontekstueel verstaan word en die sosiale ligging van almal wat betrokke is by die sendingwerk in ag neem word (*Together Towards Life*, CWME 2013: 59). Oral waar hierdie evangelie in die hele wêreld verkondig word - oos, wes, noord of suid - is dit die verhaal van God se verhouding met 'n bepaalde volk in 'n bepaalde konteks en kom na ons toe in die historiese persoon van Jesus Christus (*Together Towards Life*, CWME 2013: 72).

Dit is noodsaaklik om die kontekstuele realiteite wat mense verhoed om die volheid van die lewe te beleef aan te spreek.

Mission from the margins seeks to counteract injustices in life, church, and mission. It seeks to be an alternative missional movement against the perception that mission can only be done by the powerful to the powerless, by the rich to the poor, or by the privileged to the marginalized.
(*Together Towards Life*, CWME 2013: 59)

Volgens Niemandt (2014: 44) is Kritzinger (2011: 49-52) se interpretasie van die praktykbenadering nuttig omdat hy klem lê op "kontekstuele begrip" sowel as sy beskrywing van transformerende ontmoetings: Missie as praktyk handel oor konkrete transformasie. Dit gaan spesifiek oor transformerende ontmoetings tussen mense, en transformerende ontmoetings tussen die lewende God en sy mense. Die gevolg hiervan is mense wat geroep, gestuur, genees en bemagtig word. Dit gaan oor die heerskappy van God wat in hierdie gebroke wêreld geïnkarnear is (Kritzinger 2011: 52). Hierdie begrip van missiologie herinner aan die metafoer van 'n vroedvrou. Aan die een kant is dit 'n rol wat nuwe realiteite moontlik maak. Aan die ander kant

skakel dit ook hindernisse uit wat gemeenskappe verhoed om die volheid van die lewe te ervaar.

Missiologie, met sy besondere klem op kontekstualisering, is ideaal geskik om die kerk te help en die teologie te verryk in sy wedersydse verhouding of verwantskap met 'n steeds veranderende wêreld. Dit beteken dat die fokus van 'n plaaslike kerk en sy leiers op twee dinge moet wees. Eerstens moet die fokus wees op die gewone lewens van die mense van 'n gemeenskap waardeur die Gees 'n nuwe toekoms vorm. Tweedens moet die fokus op die plaaslike konteks wees vir insig en begrip vir die toekoms (Niemandt 2014: 44).

3.8 Inkulturasie en transformerende ontmoetings teen die agtergrond van veranderende kontekste

Volgens Niemandt (2014: 45) is missiologie die kuns om grense oor te steek. Die kerk bevind haar in uitdagende tye, tye van 'n voortdurende veranderende wêreld en nuwe grense skep. Teologie as wetenskap kan baat vind by die intrinsieke vermoëns van missiologie om oor transformerende ontmoetings en die oorsteek van grense na te dink en reflekteer.

Ons leef in 'n voortdurende veranderende wêreld. Niemandt verwys na die stelling van die gerespekteerde sosioloog Manuel Castells (2004), dat alle verandering aangeblaas word deur 'n gekombineerde impak van globalisering en informasie-tegnologie.

Die feit van die saak is dat kontekste voortdurend verander. Globalisering lei tot sosiale en kulturele disintegrasie van tradisionele, plaaslike gemeenskappe. Terselfdertyd lei dit ook tot kulturele integrasie en die ontstaan van 'n nuwe wêreldkultuur.

Niemandt (2014: 45) haal die *Wêreldraad van Kerke* (2013: 72) aan:

"The contemporary context of evangelism is one of many cultures which overlap, interact and sometimes clash with each other. The gospel takes root in different contexts through engagement with specific cultural, political and religious realities."

Sosiale media het die vermoë om kulture, godsdiens en die politieke landskap te verander. Tegnologie speel so 'n belangrike rol in die lewens van veral voorstedelike gemeenskappe soos Doringkloof in Centurion dat die gebruik daarvan 'n eksistensiële verandering teweegbring en selfs die wyse van kerkwees uitdaag. Die eksistensiële verandering verwys na die invloed wat die gebruik van tegnologie het op alle aspekte van die gebruiker se bestaan, bv. die vorming van identiteit as Christen, interaksie met mense binne en buite hulle sosiale groep, binne en buite gemeentes en aanlyn en van lyn af, die manier waarop mense betrokke is by wêreldgebeure en die verbruik van goedere.

Chaplin (2003: 31) sê dat wêreldgebeure en globalisering nie net ekonomiese gevolge het nie:

Many analyses of globalization are construed too narrowly. They concentrate on one sphere of human society at the expense of others, and so fall into various forms of reductionism: they shrink the full complexity and diversity of human life down to only one of its dimensions. This is evident when globalisation is seen as an essentially economic process, at the cost of attention to the parallel transformations occurring in distinct social, cultural, intellectual, moral and indeed religious dimensions, and which are not mere effects of economic change.

Hierdie ekonomiese, sowel as sosiale, kulturele, intellektuele, morele en godsdienstige veranderinge soos Chaplin noem, word versnel deur globalisering.

Globalisering is die multi-dimensionele krag wat lei tot 'n wêreld van interkonnektiwiteit, kommunikasie, handel en interafhanklikheid, waar die ganse planeet een word. Menslike mobiliteit en migrasie word nou geassosieer met en wederkerige invloed van globalisering (Niemandt 2007: 45).

As die konnektiwiteit deur die toename in mobiele kommunikasie en sosiale media by globalisering gevoeg word, is die opkomende nuwe 'glocal'-kultuur duidelik (Niemandt 2007: 45).

Volgens Niemandt verwys 'glocal'-kultuur na 'n kultuur wat gekenmerk word deur beide globale en plaaslike oorwegings. Mense migreer nie net na nuwe plekke en gebiede nie, maar ook terselfdetyd na in 'n nuwe kultuur. Geloof en globalisering is twee van die sterkste kragte van ons tyd. Ons moet die kuns bemeester om hierdie nuwe grense oor te steek sodat die evangelie in hierdie nuwe konteks wortel kan skiet. Kultuur vloei soos 'n rivier en die kerk funksioneer as 'n brug wat mense wat sin soek in die lewe te verbind met die evangelie. Die missionêre uitdaging is om die evangelie te inkarneer in hierdie opkomende kultuur. Ons moet 'n pad vorentoe vind, en missiologie kan help om rigting te gee en 'n visie van wat nog moet kom (Niemandt 2007: 45).

Die kerk moet die geleentheid raaksien wat baie fasette van globalisering ons bied. Globalisering vestig ons aandag op 'n belangrike aspek van ons kerkwees: ontsluiting van die ruimtelike potensiaal in God se skepping. Christene en kerke het nou 'n geleentheid om ons missie wyer sal sien as slegs dié van die eie kerk, volk, land of kontinent. Globalisering vestig ons aandag op die wye wêreld nie én dit gee ons ook talle middele om die hele wêreld, ook geslote lande te bereik – en om so werklik Christus se opdrag in Matteus 28:18- 20 gehoorsaam te wees (Van der Walt 2004: 287).

3.9 Die pad vorentoe

Die refleksie oor missiologie as 'n teologiese dissipline is in die verlede gewortel en word in die hede beoefen, maar volgens Niemandt (2014: 46) word ons visie gevorm deur dit wat nog moet kom. Missiologie is kritiese refleksie en navorsing oor die teorie en praktyk van Christelike sending. Missiologie poog om die boodskap van die evangelie nie net in 'n taal te vertaal nie, maar ook in die evangelie te vertaal in die kultuur, stories en gedagtes van sy ontvangers.

Ons het 'n nuwe wêreld. Ons het 'n nuwe kerk. In die boek *Growing an engaged church* skryf Winseman (2009: 12) dat kerke moet ophou "doen" en begin "wees." Hy definieer 'n "doen" kerk as 'n eksklusiewe fokus op "institusionele bewaring" en 'n "wese" kerk as terugkeer na basiese beginsels waar gefokus word op gemeenskap en diens. Ons benodig 'n nuwe benadering tot teologie, ekklesiologie en missiologie. Die toekoms van missiologie as teologiese dissipline is op die spel. Miskien kan die volgende kontoere die vermoë van die missiologie verbeter om na te dink oor die inkarnasie van die evangelie in die opkomende globale kultuur. Die ou manier van doen gaan net nie meer vandag werk nie (Niemandt 2014: 46).

3.10 Onderskeiding

Die funksie van die kerk is om te wees daar waar God reeds teenwoordig is - die *missio Dei* van God se sending in die wêreld en in die skepping. Dit is belangrik vir 'n geloofsgemeenskap om deurlopend op God te fokus en om geloofsonderskeidend te vra hoe God teenwoordig is, waar God deur sy Gees in ons konteks aan die werk is, en hoe ons as geloofsgemeenskap in God se sending opgeneem kan word (Cordier 2014:80).

Die *Together towards life* dokument erken onderskeiding as 'n belangrike gawe van die Gees. Die inleidende paragraaf vra: "How and where do we discern God's life-giving work that enables us to participate in God's mission today?" (*Together Towards Life*, CWME 2013: 4)

Volgens die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk is dit ons opdrag om te onderskei waar God in elke konteks aan die werk is:

Die eerste stap op die pad van 'n missionale gemeente is om te onderskei. Die kerk kan sy roeping nie onderskei sonder om deurentyd bewus te wees van God wat in die wêreld en in elke konteks aan die werk is nie. Ons vreugde lê daarin om dit te ontdek. Dit beteken die wêreld is nie 'n probleem wat opgelos moet word nie, maar die misterie van God wat telkens ontdek moet word. Onderskeiding is eintlik die heel eerste daad van die sending van die kerk. Sending is om vas te stel waar die Drie-enige God aan die werk is en om daarby aan te sluit! Die klem is dus eerder op luister en onderskeiding en deelname aan God se liefdevolle teenwoordigheid as op voorskriftelike bedieningsmodelle.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 206)

In Osmer se gesaghebbende boek oor Praktiese Teologie (*Practical Theology. An introduction*) bespreek hy "Profetiese onderskeiding" as die hoofsaak van Praktiese Teologie. Dit behels beide die goddelike openbaring en die menslike verstaan van God se woord (Osmer 2008: 134). Verder behels "Profetiese onderskeiding" die luister na hierdie Woord en dit dan so te interpreteer dat dit spesifieke sosiale toestande, gebeure en besluite van 'n gemeente aanspreek (Osmer 2008: 135).

Niemandt (2014: 46) haal Osmer se definisie van "onderskeiding" aan: "Discernment is the activity of seeking God's guidance amid the circumstances, events, and decisions of life" (Osmer 2008: 137). Osmer bespreek ook die belangrikheid van 'n

spiritualiteit van profetiese onderskeiding. Om te onderskei beteken om te sif en uit te sorteer, om die bewyse te weeg voordat jy 'n besluit neem.

Riglyne vir sulke onderskeidings word in *Together Towards Life*, (CWME 2013: 73) se beleidsdokument oor sending en evangelisasie voorgestel: "We affirm that the purpose of God's mission is fullness of life (John 10:10) and this is the criterion for discernment in mission."

Om die "volheid van die lewe" te onderskei, onderskryf die belangrikheid van 'n gesprek oor die toekoms van missiologie as 'n teologiese dissipline. Die konsep is gekoppel aan die idee om aan God se sending deel te neem (Niemandt 2014: 43). In Niemandt se boek *Nuwe Leiers vir nuwe Werklikhede* sê hy dat "onderskeiding" een van die belangrikste kontoere van volgelingskap is. Om dit te verduidelik gee Niemandt 'n stukkie agtergrond: Missionale kerk is ten nouste verband aan die begrip *missio Dei* en die oortuiging dat sendig aansluit daar waar God reeds besig is in die wêreld. "Die wese en identiteit van die kerk is dat dit die gemeenskap van volgelinge is wat deur die Gees geroep is op 'n reis van geloofonderskeiding" (Niemandt 2013: 70). Die kerk is kinders van God wat altyd op 'n pelgrimstog is. Ons verstaan ons plek op hierdie reis saam met God deur "geloofonderskeiding".

Missie is om by die Gees aan te sluit. In die woorde van aartsbiskop Rowan Williams: "finding out where the Holy Spirit is at work and joining in" (Niemandt 2014: 47). *Together towards life* verklaar dat 'n lewe in die Heilige Gees die essensie van sending is (Keum 2013: 4). Hierdie bevestiging trek 'n duidelike verband tussen die oorhoofse vraagstuk van "life in fullness" en die werk en teenwoordigheid van die Heilige Gees in die skepping en die kerk: "The powerful presence of the Holy Spirit, revealed in Jesus Christ, the crucified and risen Lord, initiates us into the fullness of life that is God's gift to each one of us" (*Together Towards Life*, CWME 2013: 21).

'n Volledige afdeling word in *Together Towards Life* aan "Die Missie van die Gees" gewy (paragrafe 12-18):

- Die Gees is die bron van lewe en die asem van die mensdom. "... the universality of the Spirit's economy in creation"
- Die rol van die Gees in die lewe en bediening van Jesus Christus.
- Die Gees as gawe aan die kerk.
- Die besonderheid van die Gees se werk in verlossing.
- Die rol van die Gees in sending.

Die gedeelte kom tot die gevolgtrekking dat ons deur die Gees deelneem aan die sending van liefde wat die kern van die lewe van die Drie-eenheid is (*Together Towards Life*, CWME 2013: 9).

We affirm that mission begins with God's act of creation and continues in re-creation, by the enlivening power of the Holy Spirit.

(*Together Towards Life*, CWME 2013: 37).

Keum stel dit so:

New ecumenical affirmation focuses on the mission of the Holy Spirit (missio Spiritus) as its theological framework within the Trinitarian understanding of mission (*missio Dei*). This with the intention to embrace dynamism, transformation and diversity as the main concepts of mission in changing landscapes today.

(Keum 2012: 3)

Missiologie bou op die *missio Dei*, die aktiewe teenwoordigheid van die Drie-enige God in sy skepping en die lewensveranderende uitnodiging om aan hierdie sending van God deel te neem. 'n Sendingskerk is 'n gemeenskap van volgelinge wat deur die Gees op 'n reis van onderskeiding geroep word. Die kerk is die pelgrimsvolk van God. Missiologie erken gebruik van onderskeiding deur God se pelgrimsvolk.

Niemandt (2014: 47) haal Jurgens Hendriks (2004: 30) aan: "The solution to faith communities' questions about how to participate in God's missional praxis is a critical, constructive dialogue or correlation between their interpretations of the realities of the global and local context and the faith resources at their disposal." Onderskeiding is die eerste en belangrikste stap op hierdie sendingreis. Dit is die mees prominente eienskap van missionale leierskap en Christelike leierskap. Onderskeiding is die kuns om tye en tekens te lees. Dit is die grootste uitdaging waarmee geestelike leiers in die gesig staar in 'n wêreld waar kontekste en grense voortdurend verander (Niemandt 2014: 47).

Die nuwe beleidsdokument van die Wêreldraad van Kerke oor sending en evangelisasie stel die vraag: Hoe en waar onderskei ons God se lewensgewende werk wat ons in staat stel om aan God se sending deel te neem? (*Together towards life*, CWME 2013: 51). Dit lui:

The churches are called to discern the work of the life-giving Spirit sent into the world and to join with the Holy Spirit in bringing about God's reign of justice (Acts 1:6-8). When we have discerned the Holy Spirit's presence, we are called to respond, recognizing that God's Spirit is often subversive, leading us beyond boundaries and surprising us.

(*Together towards life*, CWME 2013: 56)

Die Evangelie skiet wortel in 'n gemeenskap deur betrokke te wees by die spesifieke gemeenskap se kulturele, politieke en godsdienstige realiteite. Om te onderskei hoe Christus reeds teenwoordig is en waar God se Gees reeds aan die werk is vereis betrokkenheid wees by en dialoog met die breër konteks. Die gawe van onderskeiding is die deur van transformasie, die vernuwing van persoonlike lewens, die begin van die vernuwing van geloofsgemeenskappe en die vernuwing van die wêreld. Onderskeiding gaan oor die bewuswording en dan die bewusmaking van waar die Heilige Gees reeds besig is om te werk en dan mense aan te spoor om so daarop te reageer dat dit aan nuwe realiteite geboorte gee (Niemandt 2014: 47).

Die spoed en oorweldigende intensiteit van verandering wat die kontemporêre Christelike verhaal kenmerk en die uitdaging wat die vinnig veranderende wêreld aan leierskap stel roep die kerk tot profetiese onderskeiding deur 'n dialoog tussen kerk, kultuur en Bybelse verhaal in te voer. Cray sê: "Discernment involves a faithful

stewardship of the gospel we have received, combined with attentiveness to its engagement with its current context” (Cray 2017: 410).

3.11 Onderskeiding as sleutel om kerke se gesig missionaal te draai

In Hoofstuk 27 van *Cultivating missional change – The future of missional churches and missional theology* skryf Graham Cray oor die belangrike tema van onderskeiding: “Discernment: The key to planting missional churches (Cray 2017: 407). Die tema van onderskeiding is heelwaarskynlik nie ‘n sentrale tema van navorsing oor missionale gemeente nie. Maar volgens Burger (2017: 19) was dit ‘n belangrike tema van al die mense wat die konferensie van “The Future of Missional Churches and Missional Theology” wat gedurende 19 tot 21 Januarie op Stellenbosch gehou is. Die hoofstuk handel oor die werk van die Heilige Gees wat die Liggaam van Christus lei in hulle soeke om getrou te wees aan Jesus Christus en Hom op nuwe maniere in nuwe kontekste te beliggaam. Cray help ons nie alleen om te sien hoekom openheid vir die Gees so belangrik is vir missie nie, maar die hoofstuk gee ook waardevolle raad oor hoe dit in die praktiese lewe van die kerk gedoen kan word.

Die primêre oortuiging wat die fondament van die missionale beweging is, is dat God die Heilige Drie-eenheid aktief in die wêreld betrokke is en dat die kerk beide die vrug van God se missie is en sy identiteit vind deur deel te neem aan God se missie. Die kerk se deelname aan God se missie in die wêreld is 'n gawe van die Heilige Gees. Dit verwag dat ons wag, luister, en reageer (onderskei) op die Heilige Gees se oortuiging. Dit maak onderskeidings die primêre kapasiteit wat nodig is vir missionale gemeentes.

Dit help ons om aan die Heilige Gees as 'n kunstenaar te dink wie se enigste objek wat geskilder word, Jesus is. Al waarin Hy belangstel, is om ontelbare portrette van die onderwerp (Jesus) op talle menslike doeke te verf deur die verf en kwaste wat deur talle menslike kulture en historiese situasies verskaf word te gebruik.

Dit beteken nie dat die Bybel, of die geskiedenis en tradisie van die kerk, of van 'n bepaalde tradisie of denominasie heeltemal verontagsaam word nie. Gelei deur die Woord van God weet pioniersleiers van die missionale beweging dat daar kern kenmerke is van enige kerk: gemeenskap, gebed, die Woord, doop, nagmaal, missie, ens.ens. Hulle vra watter vorm hierdie kerk kenmerke van die kerk moet aanneem in die konteks tot of waarin God hulle geroep het. Hoe moet die liggaam van Christus hier sigbaar wees? Die kerk moet voortdurend 'n proses van die onderskeiding ondergaan oor wat belangrik is of op die periferie van Christelike geloof en praktyk staan, soos die vroeë kerk dit gedoen het. Hulle moet voortdurend onderskei hoe die universele belofte in Jesus die beste in elke bepaalde teks kan wees kan manifesteer (Cray 2017: 408).

Die proses van onderskeiding is ‘n spanpoging. In hierdie spanpoging is daar baie leiers en individue betrokke, maar dit is belangrik dat almal in die span eienaarskap van die proses van onderskeiding sal neem. Eienaarskap kom gewoonlik deur deelname aan die proses. Daar is ook geen kortpad in die onderskeiding proses nie. Die gevaar is altyd daar om vorige gebeure en suksesse te kloon eerder as om die geduldige werk te doen om na die leiding van die Heilige Gees te luister in die

huidige konteks. Kloning gebeur wanneer deelnemers aan die onderskeiding proses probeer om vorige suksesverhale in 'n ander konteks te reproduseer sonder om aandag te skenk aan die huidige konteks en leiding van die Heilige Gees.

Onderskeiding behels 'n getroue rentmeesterskap van die evangelie, gekombineer met sensitiwiteit vir die huidige konteks. Dit kan lei tot ontdekkings van fasette, van ons gereformeerde tradisie wat ons nie voorheen verstaan of aangegryp het nie, waar ons betrokke raak wat nie vantevore aan ons bekend was nie: 'n verskynsel wat baie keer voorheen in die geskiedenis van Christelike sending plaasgevind het. Cray haal vir Guder aan: "They were not expanding the gospel as they follow the missional mandate of our Lord across all safe boundaries of their world. The gospel was expanding them. It still does" (Cray 2017: 410).

3.12 Gesprek in Trialoog

Die trialoog is die kritiese interaksie tussen kerk, kultuur en Bybelse verhaal. Die "Gospel in our Culture Network" (GOCN) het hierdie konsep ontwikkel en die belangrikheid van 'n trialoog tussen kerk, kultuur en die Evangelie beklemtoon.

Niemandt (2014: 48) voeg by dat Conn die konsep van "trialogue" in sy 1984 boek *Eternal word and changing worlds: Theology, anthropology, and mission in trialogue*. Roxburgh het die idee van 'n trialoog voorgestel as 'n ontsnapping uit die eksklusiewe fokus op die kerk van voor- en na-euro sentriese hervorming, omdat die "ecclesial element, the conversation about missional church, has subsumed the other two with its agenda, so we see gospel and culture through the lens of church" (Roxburgh 2011: 54).

Volgens Niemandt is dit baie soortgelyk aan Ott se beskrywing van teologiese triangulasie. Die Evangelie, kultuur en die kerk is in 'n driehoekverhouding met mekaar wat 'n kreatiewe spanning veroorsaak. Hy het die idee van 'n paraboliese koplug gekonseptualiseer om die verhouding tussen teks en konteks op 'n manier te bewerkstellig wat skriftelike gesag en prioriteit behou terwyl verskillende kontekste akkommodeer word. Openbaring is bepalend en kultuur is reflektief. Die trialoog tussen kerk, kultuur en evangelie help om te soek, te ontdek, te verstaan en te deel in wat die Heilige Gees besig is om te doen met die kerk en haar verhouding met die wereld. Waar werk God? Hoe kan ons aansluit by sy werk in die wêreld? Om God se wil te onderskei is om daarvan bewus te wees dat die Heilige Gees ook kan werk op snaakse plekke en deur vreemde mense. "Dit is duidelik dat die Heilige Gees die kerk op alle vlakke beweeg en vernuwe" (NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 200). Hierdie onderskeiding word in die kerk gedoen en op so manier dat leraars of individue dit nie kaap of wen-of-verloor situasie van 'n meerderheid maak nie. God se Gees is in kulture, organisasies en persone (Niemandt 2014: 48).

Brueggemann (2005: 496) probeer om die triangulasie tussen Bybelse teks, gemeente en gemeenskap op 'n manier in te rig waarin 'n gesonde verhoudingsnetwerk tot stand gebring word:

I suggest, then, let the pastor triangle with the congregation against the text, so that the text is the lone member of the triangle, and then see how the text lives as the odd one in such a triangle. I believe that the textual

conversation in the church could be very different if pastors were able to begin with the awareness that the text is too offensive for the people, but it is also too offensive for the pastor, because it is the living Word of God, and it pushes always beyond where we want to go or be. Such a posture honors the great authority of the text.

(Brueggemann 2005 :496)

Die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk verwys ook na 'n dialoog tussen die Evangelie, die kerk en die wêreld:

Die inkarnasie beklemtoon juis die feit dat die kerk altyd op die wêreld gerig is en op pad na die wêreld is, en dit onderstreep hoe belangrik dit is om die konteks te verstaan. Vir die kerk en sy boodskap was goeie eksegetiese van die Bybel nog altyd van lewensbelang. Daar is egter nog 'n eksegetiese vaardigheid wat net so belangrik is – die vaardigheid om die konteks (en kultuur) waarbinne die kerk is geloofsonderskeidend te verstaan.

(NG Kerk, Algemene Sinode 2013: 206)

Onderskeiding en die fokus van 'n dialoog gesprek tussen Evangelie, kerk en wêreld (kultuur) bring die noodzaak vir 'n herwaardering van die rol van die alledaagse en gewone na vore. Transformerende ontmoetings gebeur onverwags of toevallig met iemand in die gewone lewe. Missiologie poog om kerke wat missionaal en kontekstueel wil wees te help om kerk te wees in alledaagse van die lewe. Dit spreek die behoeftes van mense in hul gewone lewens aan. God se grensbrekkende toekoms begin by gewone kinders van die Here, die naamloses wat nooit op die verhoog staan of hul foto in die koerant kry nie. Die plaaslike en gewone is sleutels vir hoe kerke, teologie en missiologie hervorm sal word om weer by die sending van God in die wêreld aan te sluit (Niemandt 2014: 48).

Van Niekerk skryf oor hierdie verskuiwing op die missiologie:

It seems that the emphasis has shifted in the missional approach. Manifesting the glory of God remains paramount, but the planting of the churches and the conversion of people are now accommodated within the goal to call for the radical application of Christ's kingship over the whole of life and the goal of addressing people in their total environment, and not the other way round.

(Van Niekerk 2014: 3)

Een van die mees gewone, alledaagse gebeure is gewoon die eet van kos. Volgens Niemandt (2014:49) word daar diep teologiese betekenis daaraan toegedien word. Hy gebruik die voorbeeld van een van die belangrikste en beslissende sendingmomente in Handeling 10 toe Petrus honger geword en hy wou iets hê om te eet. Hy het in geesvervoering geraak en die hemel oop gesien en iets soos 'n groot doek gesien waarin van al die viervoetige en die kruipende diere van die aarde en van al die wilde voëls was. Petrus het geweier om na die stem te luister wat hom beveel om dit te eet. Die stem het 'n tweede keer vir hom gese: "Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie." Vir Jesus was dit nie simbolies om met sondaars en buitestaanders te eet nie. Dit was die uitleef van vrede, gelykheid en

eenheid wat Hy daarmee verkondig het. Trinitaries-geïnspireerde eet beteken dat ons eet om die lewe te deel en te koester. Om voedsel te deel is fundamenteel om die lewe te deel.

Niemandt (2014: 49) draai die bevestiging van die Wêreldraad van Kerke (*Together Towards Life*, CWME 2013:74) "We are challenged to appreciate the life affirming Spirit's presence in different cultures and to be in solidarity with all those who are involved in the mission of affirming and preserving life" - wat missie omskryf as bevestiging en bewaring van lewe - om. Niemand sê: "We will only be able to affirm, share and preserve life, if we are able to share food and sanctify ordinary eating".

Sweet sluit hierby aan. Hy se "food nudges" is van die sterkste openbarings van God se goedheid en glorie (Sweet 2010: 172). Volgens Niemandt moet missioloë baie meer aandag gee aan kos en eet in hul besinning oor missie en die toekoms van Missiologie as 'n teologiese dissipline.

3.13 Slot

In hierdie hoofstuk is kultuur, kontekstualisasie en inkulturasie belangrik en is die belangrikheid daarvan vir die missiologie aangetoon. Kultuur is 'n gegewe waarmee te alle tye rekening gehou moet word ten einde die mens aan wie die evangelie gebring word en sy leefwêreld en waardes te verstaan.

Vir Doornkloof Familiëkerk is die uitdaging tot kontekstualisering en inkulturasie groot. Dit sal die nodige gesindhede, 'n duidelike modus operandi, deeglike navorsing en 'n spanpoging deur al die rolspelers vereis. Dit mag dalk 'n wegkeer van vorige gesindhede met betrekking tot Doornkloof Familiëkerk se rol in die wêreld vra. Dit mag ons dalk voor groter en meer ingrypende besluitneming plaas as wat tot dusver die geval was.

HOOFSTUK 4: APOSTOLIESE LEIERSKAP – DIE VOORBEELD VAN PAULUS

4.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is 'n evaluering van Pauliniese kerkleierskap. Dis 'n poging om en aan die hand van Paulus se briewe, die verskillende elemente te identifiseer waaraan die vorm en leierskap van die Pauliniese kerke moontlik hulle gestalte te danke het.

Getrouheid aan die historiese evangelie en gepaste kontekstuele betrokkenheid is beide dimensies van die kerk se apostolisiteit. Soos Moltmann dit gestel het:

Where the retrospective bond with the apostles is concerned, the historical church will ask about continuity, and strive for continuity. But where the future of its apostolate serves is concerned, it will be open to leap forward to what is new and surprising (1977: 360).

Leierskap is een van die fundamentele kragte in enige antieke of moderne samelewing. Leierskap is fundamenteel bepalend vir individue, families, groepe en organisasies. Die kwaliteit van die leierskap van 'n spesifieke groep bepaal grootliks die rigting, effektiwiteit en eindbestemming daarvan. Oneffektiewe leierskap skep 'n oneffektiewe organisasie, terwyl effektiewe leierskap gewoonlik tot 'n effektiewe organisasie lei.

Een van die redes waarom Paulus in hierdie studie as apostoliese leier gekies word is dat Paulus nooit 'n betaalde predikant in 'n gemeente was nie. Hy was ook nooit 'n amptelike leier in enige gemeente nie. Die missionale roeping en identiteit van 'n gemeente het duidelike implikasies vir die struktuur van 'n gemeente en die vaardigheidsvlak van die leiers van so 'n gemeente. Leierontwikkeling is deel van die organisasiestruktuur van 'n missionale gemeente.

'n Tweede eeuse apokriewe skrywer beskryf die apostel Paulus as "a man with small stature, with a bald head and crooked legs, in a good state of body, with eyebrows meeting and nose somewhat hooked" (Drane 1976:14). Al was Paulus klein van statur met 'n krom neus was hy alles behalwe 'n klein Christen met krom waardes. Hy was iemand met wie leiers in NG Doornkloof kan identifiseer. Paulus, die Jood in die Griekse wêreld. Ek, die Afrikaner in Afrika.

4.2 Paulus se agtergrond

'n Ondersoek na Paulus se agtergrond dui daarop dat hy gevorm is as jong seun in 'n omgewing van ernstige akademiese studie en daardeur ontwikkel het tot 'n selfversekerde, kragtige evangelis.

Blaiklock beklemtoon dat Paulus deur drie wêrelde beïnvloed is: die Griekse, Romeinse en Joodse wêrelde (Blaiklock 1970: 54). Paulus is in die Joodse diaspora gebore as afstammeling van Benjamin. Hy is Griekssprekend en afkomstig van Tarsus. Paulus is beïnvloed deur die kultuurerfenis van Tarsus, iets waarop hy baie trots was.

Paulus is grootgemaak as 'n Jood wat Aramees gepraat het en het heelwaarskynlik Grieks leer praat deur met kinders buite sy streng ortodokse huis te speel. Hy is ook heel waarskynlik meer beïnvloed deur die sinagoges as Stoïsynse filosofiese denkwyses (Pollock 1985: 16). Paulus het deur sy lewe streng by die Joodse kultuur gehou. Hieruit kan ons leer dat dit nie nodig is vir apostoliese leiers om hulle wese te verander om ander kulture te bedien nie.

The culture itself was in tension with itself, characterised both by narrow ethnocentrism and universal monotheism. I thus contend that Paul's motivation and theory were genuinely theological, but that his practice and preaching were directed toward radical change in Jewish society. My fundamental idea (is) that what motivated Paul ultimately was a profound concern for the one-ness of humanity. This concern was motivated both by certain universalistic tendencies within biblical Israelite religion and even more by the reinterpretation of these tendencies in the light of Hellenistic notions of universalism. Paul was therefore, troubled by, critical of, the 'ethnocentrism' ... and particularly the way it implicitly and explicitly created hierarchies between nations, genders, social classes.

(Boyarin 1994: 52)

Volgens Handeling 22:3 het Paulus sy opleiding by 'n Rabbi in Jerusalem ontvang. Sy opleiding in Jerusalem het Paulus geskool. "Ek is 'n Jood wat in Tarsus in Silisië gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net so 'n kampvegter vir God soos julle almal vandag is" (Hand 22: 3). Dit pas goed by die prentjie wat Pollock van die tiener skets, wat grootgeword het in die Joodse tradisie en in 14 n.C. per skip na Palestina gereis het (1985: 17).

Volgens Charles Swindoll (2002: 9-10) het Paulus Petrus se toespraak gehoor en was hy ook vertrouwd met Gamaliël se argument dat Petrus en die ander apostels met rus gelaat moet word. "Laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie. Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie!" (Hand 5: 38b-39a). Charles Swindoll (2002: 11) gaan voort om te sê dat hierdie voorbeeld van kalm redenasie Paulus se latere verdediging van die evangelie beïnvloed het.

As 'n jong wetsgeleerde moes die beheerde styl van redenering van Petrus en Stefanus se toesprake 'n groot invloed op die toekomstige Paulus as apostel gehad het. Volgens Handeling 6:10 was die Sanhedrin nie opgewasse teen die wysheid wat Stefanus van die Gees ontvang het en die gesag waarmee hy gepraat het nie.

Tog maak die jong ywerige Paulus moordadige dreigemente teen die apostels en was die hoofaanhitser vir die vervolging van Christene, in sterk teenstelling met sy mentor Gamaliel: “Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan.” (Hand 9:1). Saulus se ontmoeting met die opgestane Christus het sy moorddadige gedagtes egter in hulle spore gestuit. Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?” (Hand 9:4).

Paulus se oortuigings - veral met betrekking tot die Messias – was op hul kop gedraai. Getrou aan sy aard hy dadelik vol selfvertroue begin om die evangelie aangaande Jesus te verkondig. “Saulus het 'n paar dae daar by die gelowiges in Damaskus gebly en dadelik in die sinagoges begin verkondig dat Jesus die Seun van God is.” (Hand 9:20)

‘n Rukkie na Paulus se bekering het Barnabas hom aan die ander apostels voorgestel. Barnabas het 'n baie groot rol in Paulus se lewe gespeel. Dean Gilliland brei uit oor die rol wat Barnabas in Paulus se lewe gespeel het:

Barnabas recognized his leadership qualities and brought him from Tarsus to help with the preaching and teaching ministry in Antioch (Acts 11:25-26). It is fair to say that Paul came to apostolic maturity in an apprenticeship under the encouragement of Barnabas. With his tutelage, Paul taught large numbers of new converts in Antioch (Acts 11:26). Paul’s training continued during the first missionary journey...
(Gilliland 1998: 214)

4.3 Waardes in Paulus se leierskapstyl

Die konsep van *waardes* is belangrik vir hierdie studie om ‘n apostoliese leierskapsmodel te ontwikkel. Richmond Williams die waardes van Paulus se leierskap saam in drie dominante, alles-insluitende, waardes: die waardes van geloof, hoop en liefde. (Williams 2006: 49-50). Hy som dit soos volg op:

Liefde en die meegaande waardes eenheid en vrede

Paulus word dikwels beskryf as outoritêr maar het ten spyte van hierdie eienskap het hy 'n baie hoë waarde aan *liefde* geheg. Een van die bekendse gedeeltes oor *liefde* waarvoor Paulus bekend is is 1 Korintiërs 12:31b-13:1. “Lê julle toe op die beste genadegawes. Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen *liefde* nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.”

Nog 'n gedeelte in die Bybel waar Paulus klem lê op die waarde van *liefde*, maar dit dan ook koppel aan die waardes van eenheid en vrede is Kolossense 3:12 en 14. “Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.”

Williams maak die gevolgtrekking dat as daar 'n noue verbintenis is tussen waardes van "meelewendheid, goedgesindheid en verdraagsaamheid" in die gemeente bestaan, daar vrede al wees. "The link between love, unity and peace is seen in this quotation from Colossians, for where virtues of "compassion, kindness ... and patience" exist there will be peace between the fellowship, and where peace is an undergarment so love and unity complete the dress code" (Williams 2006: 49).

Hoop en die meegaande waarde van versoening

Volgens Williams stel Paulus in 1 Tessalonisense 5:8 *hoop*, gelyk aan geloof en liefde. "Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm." Hy skryf: "The concept here is one of a future hope for a perfected community as already the Gentiles had been accepted as copartners with Israel in the gospel having been reconciled to God through the work of Christ" (Williams 2006: 49).

Hieruit vloei die moontlikheid van versoening tussen mense in dieselfde gemeente, gemeenskap – ook in Suid-Afrika - as mense leer om mekaar as lede van die liggaam van Christus te aanvaar. Versoening maak hoop moontlik. Vyandskap kan in vrede en vriendskap verander. Twis kan bygelê word. 'n Totale ommekeer in verhoudings word moontlik. Vyandigheid word in vrede verander.

Volgens Williams verwys Paulus in sy Tweede Brief aan die gemeente in Korinte hierna: "Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou." (2 Kor. 5:18-19)

Geloof en die meegaande waarde van vergifnis

Soos reeds bo aangedui word *geloof* deur Paulus gekoppel aan hoop en liefde. Romeine 5:1 stel dit duidelik: "God het ons dan nou vrygespreek deurdad ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus" (Rom 5:1). Vrede en vergifnis gaan hand aan hand. Weereens haal Williams (2006:49) Kolossense 3:13 aan om hierdie punt te staaf: "Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe." (Kol 3:13).

4.4 Paulus se missionale spanwerk

Nog 'n eienskap van Paulus se missionale praktyk is spanwerk. David Bosch wys met nadruk daarop dat Paulus nie alleen gewerk het nie maar van medewerkers gebruik gemaak het (Bosch 1991: 131). Hierdie mans en vroue was nie slegs Paulus se assistente of ondergeskiktes nie. Hulle was werklik sy kollegas. "In his fellow-workers Paul embraces the church and these identify with his missionary efforts; this is the primary intention of the cooperative mission" (Bosch 1991: 132).

Die fout word baie keer gemaak, veral in die kerk, is dat leierskap 'n individuele vertoning is. 'n Leier word as 'n wonderlike talentvolle persoon gesien wat 'n

ongelooflike eenmansvertonings kan uitvoer. Maar dinge het verander. “Leierskap is gebou op mag, beheer, kontrole en onderwerping aan gesag. Die postmoderne vloedgolf het die manier waarop organisasies werk radikaal verander” (Niemandt 2007: 124). Die meeste hedendaagse skrywers oor die onderwerp lê daarop klem dat leierskap ‘n spanbou-aksie is. George Barna gebruik in sy boek *A Fish Out of Water*, die term “spansport” as hy leierskap beskryf (Barna 2002: 37). Dit is onmoontlik vir een rugbyspeler om alleen teen ‘n vyftien-man span, maak nie saak hoe ‘n talentvolle rugbyspeler hy mag wees nie, te speel. “Die ampsdraers in die kerk kan dit nie alleen doen nie. Hulle enigste kans om ‘n verskil te maak, is die daarstelling van ‘n netwerk van lidmate wat soos suurdeeg oral werk en leef en die samelewing verander” (Niemandt 2013: 170).

Die belangrikheid van spanwerk is nog belangriker as dit by Christelike leierskap kom. Paulus leer vir ons in 1 Korintiërs:12-27 wat die wese van die kerk is. Die kerk is ‘n liggaam wat uit baie dele bestaan en wat elkeen sy eie funksie het. Die liggaam kan net groei en selfs oorleef met baie funksionerende liggaamsdele. Geen leier, hoe sterk hy/sy ookal kan wees, kan die kerk alleen laat groei nie.

As ‘n predikant ‘n kerk wil laat groei moet hy/sy eers ‘n span bou van potensiële leiers. Die kwaliteit van hierdie leiers sal die sukses in bediening bepaal. ‘n Wyse leier investeer sy tyd, energie en hulpbronne om ‘n suksesvolle span te ontwikkel. Niemandt stel dit só in sy boek *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede*:

In geloofgemeenskappe gaan dit nou wel nie oor hire and fire nie, maar oor goeie spanleiers wat verstaan dat ‘n span gebou word op die ontdekking en vertroeteling van talent. Die kerk is die een plek waar ons gerus fynproewers van talent kan wees. Ware dissipels groei in onderlinge gemeenskap en wat hulle roeping in die wêreld nakom wanneer die gawes van elkeen in die geloofgemeenskap waardeer en vertroetel word.

(Niemandt 2007: 126)

4.5 Chaos-teorie en Paulus se organisatoriese leierskapstyl

Richard Ascough bring Paulus se organisatoriese leierskap styl in verband met die chaos-teorie. Hy beweer dat daar in die laaste paar dekades ‘n verskuiwing plaasgevind het in Pauliniese navorsing. Navorsing beweeg weg van inhoudelike taalnavorsing na ‘n beter verstaan van die sosiale konteks van die gemeentes aan wie Paulus sy briewe gerig het. Geleerdes het navorsing begin doen oor die kontekste waarin Paulus moes werk en die verskillende groeperinge en tipes mense wat hy moes leer ken en bedien. Daar word meer aandag gegee aan die epistolografie en retoriese strategieë van sy briewe en dit word dan vergelyk met beide filosofiese geskrifte en alledaagse korrespondensie van dieselfde tydperk waarin Paulus sy briewe geskryf het. Verdere navorsing bestudeer die impak wat sosiale konvensies soos eer en skande of die antieke siening van seksualiteit op Paulus se geskrifte gehad het. Al hierdie studies het die wêreld waarin Paulus gewoon en gewerk het vir ons ontsluit. Dit het gelei tot ‘n beter begrip van die gemeenskappe wat Paulus op sy sendingreise besoek het asook van die gemeentes se verhouding met ander kulture in hulle omgewing. Ondanks hierdie positiewe

navorsing is daar skynbaar min belangstelling vir die vraag hoe Paulus se leierskapstyl in hierdie situasie ontwikkel en tot uiting gekom het (Ascough 2002: 21).

Richard Ascough gebruik 'n kruis-dissiplinêre bedandering wat huidige studies en modelle van leierskap en organisatoriese gedrag insluit, wat hy kombineer met studies van die onbetwiste briewe van Paulus (Ascough 2002: 22). Daar gaan in hierdie onder afdeling gekyk word na huidige navorsing oor organisatoriese gedrag wat die chaos-teorie gebruik om leierskap te beskryf en na die mate waarin Paulus van hierdie styl van leierskap gebruik het.

Alan Hirsch maak eweneens gebruik van die chaos teorie. Hy sê dat een van die nuwe-effekte van die paradigmaskuif t.o.v. hedendaagse navorsing die nuwe belangstelling in lewende sisteme wat onvoorspelbaar handel na aanleiding van oorsaak en gevolg gebeur is. "These science includes among others, the study of cybernetics, the study of chaos and complexity, and the study of emergent structures" (Hirsch 2006: 250).

Daar gaan gepoog word om die huidige navorsing oor die Pauliniese leierskapstyl in verband te bring met insigte wat vanuit studie van die natuurwetenskappe en van gedragswetenskappe na vore kom. 'n Kerklike leier moet met 'n komplekse en steeds veranderende wêreld rekening hou. Slegs wanneer leierskap deur 'n lens kyk wat die Kerk as lewende organisme beskou, word nuwe prosesse ontsluit wat tot effektiewer leierskap en bestuur lei. Die Kerk se bestuursmetafoor kan nie aan 'n meganiese perspektief ontleen word nie maar eerder aan die perspektief van 'n lewende organisme wat die vermoë openbaar om te herorganiseer gekoppel word.

4.6 Wat behels die chaos-teorie?

Die chaos-teorie of die sogenaamde skoenlapper-effek is deur Edward Lorenz, 'n Amerikaanse wiskundige geformuleer. Die beeld wat hy gebruik is dié van die gefladder van 'n skoenlapper se vlerke wat in een land (sê nou maar in Suid-Amerika) min steuring veroorsaak, maar wat 'n paar weke later 'n vernietigende tornado in Noord-Amerika tot gevolg kan hê. Dié chaos-teorie staan ook bekend as die kompleksiteitsteorie. Hierdie kompleksiteitsteorie vorm vandag die hoeksteen van baie van ons meer gevorderde navorsing in 'n breë spektrum wat onder andere die ingenieurswese, mediese wetenskappe en veral neurologie, ekonomiese stelsels, ruimtenavorsing, eksistensie-teorie, bestuurstelsels, gedragswetenskappe en weerkundige stelsels insluit.

Die chaos-teorie en die verwante teorie van kompleksiteit het ontstaan uit die "nuwe" wetenskap, uit ontdekkings in biologie, chemie en fisika. Die chaos-teorie vertel ons dat eenvoudige stelsels komplekse gedrag kan openbaar. Die kompleksiteitsteorie vertel ons dat komplekse sisteme eenvoudige "opkomende" gedrag kan openbaar. Hierdie teorieë verander ons wêreldbeskouing. Hulle verteenwoordig 'n paradigmaskuif in ons verstaan van die heelal en van die lewe self (Ascough 2002: 22).

Die wetenskaplike definisie van chaos berus op die beginsels van fisika en wiskunde, waarvolgens chaos gedefinieer word as die aperiodieke, onvoorspelbare gedrag van veranderlikes in 'n bepaalde sisteem wat sensitief is vir veranderinge van

turbulente vloei. Kompleksiteit verwys daarna dat daar in n bepaalde sisteem meer moontlikhede is as wat oënskynlik moontlik is.

Die dominante wetenskaplike paradigma vanaf die agtiende tot die twintigste eeu was dié van 'n Newtoniaanse wêreldbeeld. Die kern van hierdie paradigma is dat die wêreld 'n goedgeleiede masjien is en dat die heelal sekere wette voorspelbaar gehoorsaam. Oorsaak en gevolg is eenvoudig, duidelik en lineêr. Dus, as ek X doen, sal Y volg, dit wil sê, as jy 'n bal skop, sal dit van jou af weggol. Daar is sekere maniere om dinge te doen, en sodoende sal voorspelbare resultate voorkom. In die Newtoniaanse siening word die wêreld in dele verdeel - as 'n mens al die dele afsonderlik en in interaksie bestuur sal die hele sisteem glad en voorspelbaar wees. Die wêreld word verstaan as 'n masjien in werking gestel deur God, nie anders as 'n horlosie nie. Dit skop teen 'n byna konsekwente koers af, hoewel dit stadig afbeweeg sal dit uiteindelik tot stilstand kom. Volgens Newton is die heelal 'n massiewe klok wat deur 'n Voorsienigheid daargestel is, en hierdie klokwerk tik voort met 'n beweging waarin elke gebeurtenis 'n verklaarbare oorsaak het. Dit is die ou paradigma. Wheatly beskryf dit só:

This machine imagery leads to the belief that studying the parts is the key to understanding the whole. Things are taken apart, dissected literally or figuratively (as we have done with business functions, academic disciplines, areas of specialization, human body parts), and then put back together without any significant loss. The assumption is that the more we know about the workings of each piece, the more we will learn about the whole. Newtonian science is also materialistic – it seeks to comprehend the world by focusing on what can be known through our physical sense. Anything real has visible and tangible physical form. In the history of physics and even to this day, many scientists keep searching for the basic 'building blocks' of matter, the physical forms from which everything originates.

(Wheatley 1999a: 10)

Die chaos-teorie spruit uit die hedendaagse kwantumfisika. Kwantumfisika is 'n stel beginsels wat die fisiese realiteit beskryf op die subatomiese vlak van materie (molekules en atome) en die subatomiese (elektrone, protone en selfs kleiner) deeltjies. Die wetenskap van kwantumfisika fokus nie op "dinge" soos die Newtonse wetenskap nie, maar op verhoudings. Verhoudings word gesien as die sleutel tot die verstaan van die wêreld waarin ons bly. In kwantumfisika word die wêreld gesien as 'n lewende organisme, 'n lewende sisteem, wat voortdurend hernu en kontrole en balans bied om sy eie welstand te handhaaf. As dit op een vlak uitmekaar val, herkonfigureer dit homself op 'n ander vlak (Ascough 2002: 22).

Volgens die kwantumteorie spring elektrone volkome willekeurig om atoomkerne rond. Geen fisiese wet kan voorspel wanneer 'n elektron sy sprong gaan spring nie. Al wat voorspel kan word, is die waarskynlikheid van die sprong. Dit is onmoontlik om vas te stel waar 'n elektron is en wat sy snelheid is. Elke keer as sy plek vasgestel word, verander sy snelheid. Wanneer sy snelheid gemeet word, verdwyn hy van sy plek (Joubert (1997: 203).

Verhoudings is waardevol. Die rigting en visie van 'n organisie word bepaal voordurende en intensiewe interaksie in die organisasie. Volgens Niemandt is die primêre voorwaarde van groei van die kerk as organisasie dat die kerk besondere aandag sal gee aan verhoudinge. Verhoudings is die bousteen van lewe. Meer nog: verhoudings is die hoofweg wat die hele organisasie laat vloei en beter werk (Niemandt 2013: 149).

Die "chaos"-aspek van die chaos-teorie is nie sinoniem met verwarring, wanorde en pandemonium nie. Ons moet dit nie dieselfde voorstel as die wanorde van 'n vierjarige verjaarsdagpartytjie nie. "Chaos" beskryf eerder 'n komplekse, onvoorspelbare en ordelike wanorde waarin gedragspatrone ontvou in onreëlmatige maar soortgelyke vorme. Dink byvoorbeeld aan sneeuvlokkies wat onreëlmatig is, maar altyd ses sirkels het. Elkeen is uniek. Binne die wanorde is daar sistematiese orde en struktuur, wat terugkeer na 'n mate van reëlmatigheid (Ascough 2002: 23).

Die nie-lineêre karakter van ons wêreld word nou beskou as 'n konglomerasie van stelsels. Dit is waar die "vlinder-effek" in die spel kom. Die web van fisiese verhoudings wat veroorsaak dat 'n windjie in Tokio 'n tornado in Texas kan veroorsaak. Die effek is egter nie altyd voorspelbaar nie. En dit is wat die weerstelsel redelik onvoorspelbaar maak. Dit is sulke verhoudings, hierdie onvoorspelbaarheid, sulke chaos, wat die Newtonse siening van die heelal ondermyn. In die kwantumwêreld is ons nou bewus van die "webs of an interrelated universe" (Ascough 2002: 24).

Wheatley (1999a: 121) is van mening dat daar geen korrelasie is tussen "oorsaak" en "effek" nie:

In a nonlinear world, very slight variances, things so small as to be indiscernible, can amplify into completely unexpected results. When a system is nonlinear and webbed with feedbacks loops, repetition feeds the change back on itself, causing it to amplify and grow. After several iterations, a variance that was too small to notice can cause enormous impact, far beyond anything predicted. The system suddenly takes off in unexpected directions or responds in surprising ways. One familiar example of this is the proverbial straw that broke the camel's back. No one knew that such a small difference would cause collapse because no one could see what else had been going on inside the camel.

4.7 Organisasoriese leierskap

In organisatoriese gedrag word die ou Newtoniaanse model toegepas as 'n "top-down" bestuurstrategie. Seepgladde funksionering van die organisasie is afhanklik van beheer deur diegene in magposisies. Bestuurders se funksie is om ondergeskiktes se diens onderbroke glad en voorspelbaar te laat werk. Die hele operasie sal floreer as reëls toegepas en gehoorsaam word. Organisasoriese leierskapmodelle beklemtoon die instandhouding van 'n stabiele stelsel. Leiers beheer alles en almal onder hulle om 'n ewewig te verseker. Die gevolg hiervan is dat sekere aksies voorspelbare resultate lewer. Langtermyn aksieplanne bepaal die doelwitte van die organisasie. Die meeste organisasies bedryf eksplisiet of implisiet hierdie model. Selfs kerke dink dat met goeie menslike beplanning, deur die Heilige

Gees gelei, sekere vooruitbeplande doelwitte bereik kan word (byvoorbeeld kerkgroei- bewegings soos "evangelism explosion"). Maar die toekoms van mense – en die kerk - kan nie altyd vooruitbepaal word nie (Ascough 2002: 24).

Soos die Prediker dit stel: "Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks. Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?"

Die industriële lewensuitkyk is duidelik besig om te verander. Ons leef tans in die informasie- era met tegnologie wat groter diversiteit in die werksplek veroorsaak. Die Newtoniaanse model van organisatoriese leierskap is nie meer toepaslik op werknemers wat aan die beweeg is op verskillende plekke in 'n stad, land en wêreld nie. In baie opsigte het arbeidswêreld meer kompleks geraak – meer chaoties. Paradokse is oorfloedig en verandering vind daaglik rondom ons plaas. Die oomblik dat ons dink ons kan 'n spesifieke moment in ons kulturele bestaan vaspen het die kultuur reeds aanbeweeg. Ons leef in 'n versnelde kultuur. In hierdie vinnig veranderde leefwêreld het die behoefte ontstaan aan 'n ander organisatoriese paradigma – die Newtoniaanse paradigma werk net nie meer nie. Dit is onder hierdie omstandighede en in hierdie veranderende omgewing wat die chaos en kompleksiteits teorieë ondersoek en bespreek word. Dit word 'n nuwe lens waardeur daar na leierskap gekyk word (Ascough 2002: 25).

Ons leef in 'n oop en dinamiese wêreld. Daar sal ook met 'n nuwe lens na kerklike leierskap gekyk moet word. Omdat die kerk haarself in 'n versnelde kultuur bevind sal ons voortdurend nuut na ons modelle van kerkwees moet kyk. Ons kan nie meer 'n spesifieke moment vaspen as die "ware" kerkwees nie. Op grond van die gewaarwording dat die kerk organies funksioneer en derhalwe in gesonde wisselwerking met haar omgewing behoort te staan, behoort die kerk op 'n natuurlike manier te ontluik en te vernuwe. Hierin moet kerkleiers die handelende geloofsgemeenskap met doelgerigte leierskap en effektiewe gemeentebestuur begelei. Omgewingsveranderinge dwing die kerk om kreatief en innoverend te vernuwe. Vanuit die veronderstelling dat alle organisasies as lewende organismes beskou word en derhalwe organies en oop funksioneer, moet leierskap aanvaar dat lewende organismes beperkte lewensiklusse het.

Hierdie nuwe visie van organisatoriese leierskap spruit, soos hierbo beskryf, uit lesse wat geleer word uit die navorsing in fisika en biologie, die lesse van chaos en orde asook van sisteme wat 'n natuurlike balans tussen chaos en orde vind.

Dee Hock noem die era waarin ons beweeg *chaordies* (Engels: "chaordic"). Hy noem dit so: "because it will be immensely complex and chaotic, but also requires cohesion and coherence, or order. What we have always thought of as opposites, such as competition and cooperation, will now have to be seamlessly blended." (Ascough 2002: 26).

Hierdie leierskap word ook informele leierskap genoem. Dit beteken organisasies het die kapasiteit om leierskap te skep, soos die situasie dit nodig maak. Hierdie leierskap spruit uit die organisasie self en kom nie van buite af nie, maar deur selfhandhawing, deur die selfversekerde en kragtige uitdrukking of bevordering van 'n individue se siening en begeertes tot voordeel van die organisasie. Omdat organisasies 'n lewende sisteem is ('n web van verhoudings) en nie meganies nie

kan dit nie op 'n liniêre manier beheer word nie. Ware leierskap in 'n organisasie sal die ruimte skep vir ander leiers om na vore te tree en om self, indien nodig, terug te staan. Persone word nie meer gedefinieer in terme van volgorde of rang nie. Inteendeel, die persoon moet hom of haar self sien as deel van die energie-vloei of van die patroon om hom/haar in staat te stel om hulle werk te doen – 'n kanaal vir organisatoriese energie. Hierdie verhouding is nie hiërargies nie maar horisontaal – individue wat hulle self afvra hoe hulle mekaar kan ondersteun (Ascough 2002: 26).

A leader's role is not to make sure that people know exactly what to do and when to do it. Instead, leaders need to ensure that there is strong and evolving clarity about who the organization is. When this clear identity is available, it serves every member of the organization.

(Wheatley 1999: 131)

Leierskap sal in die chaotiese era tussen persone versprei word. Die ou gedagte "super-leiers" bo aan die leer teenoor ondergeskiktes aan die onderpunt van die skaal is aan die verbygaan. Almal sal gesamenlik volg én lei. Dit is nodig dat leiers hulle fokus verskuif van 'n bevelende en beherende benadering na 'n deelnemende benadering. Lewin en Regine (1999) stel dit soos volg:

Rather than seeing themselves as the ultimate authority, with all the answers, their authority rested in their ability to see the wholeness of the organization and potential of the people in their organization (Lewin 1999: 270).

In 'n komplekse sisteem soos die kerk behoort leierskap vertikaal én horisontaal te funksioneer eerder as om in enkele persone gesetel te wees. Leierskap is daarvoor verantwoordelik om die potensiaal van elke werknemer in die organisasie te laat ontwikkel.

Die chaos-teorie suggereer dat daar 'n stel van drie of vier eenvoudige reëls gevolg word as jy 'n groep mense aan die beweeg bring. Hulle sal spontaan self-organiseer tot iets kompleks en onverwags maar dit sal terselfde tyd realisties wees. Die "chaordic" leier verstaan die nodigheid van beide chaos en orde en is in staat om kondisies te skep waar elke persoon se talent, energie, waardes en passie losgelaat kan word. Kondisies moet geskep word waar die deelnemers op 'n ordelike manier in so mate self-organiseer dat dit tot voordeel van die organisasie en individu sal wees. Hock gaan verder en suggereer dat "any leader worth of the name must develop the wisdom and capacity to create the conditions by which organizations can come into harmony with the human spirit and biosphere." (Ascough 2002: 27)

Chaos is normaal. Daar is baie veranderlikes in die lewe en die lewe is kompleks. Dit is onmoontlik om te voorspel hoe prosesse of gebeure of beplanning of verandering sal verloop. Dit wat jy die minste verwag kan gebeur. Chaos bied 'n geleentheid tot iets nuuts. Chaos is die 'normale' verloop van sake. 'n Modernistiese denksisteem vereis dat verandering / vernuwing / hervorming glad en volgens bepaalde reëls sal verloop. In die praktyk gebeur dit egter selde dat die proses sonder momente van chaos verloop. Kerke funksioneer nie gedetermineerd en meganies soos masjiene nie. Nog minder kan lidmate van die kerk binne grense van gedetermineerde denke beperk of geïnhibeer word. Deur die Kerk organies te

benader word nuwe ruimtes geskep waarbinne lidmate op meer spontane en natuurlike wyse met mekaar verbind word. Hierdie proses gebeur spontaan.

4.8 Paulus se benadering tot plaaslike leierskap

Daar is dertien briewe in die Bybel wat tradisioneel aan Paulus toegeskryf word. Nuwe Testamentici daarenteen beskou slegs agt as werklik van die pen van Paulus, in kronologiese orde: 1 en 2 Tessalonisense, 1 en 2 Korintiërs, Kolossense, Romeine, Filippense en Filemon. Wanneer ons na hierdie outentieke briewe van Paulus deur die lens van organisatoriese leierskap en die chaos teorie kyk, sien ons elemente van hierdie nuwe paradigma. Tweeduisend jaar gelede het Paulus al 'n aanvoeling daarvoor gehad. Duidelik was Paulus nie bewus van hierdie teorie nie, maar die chaos-teorie bied vir ons 'n lens waardeur ons na Paulus se leierskap styl kan kyk (Ascough 2002: 28).

Richard Ascough beskryf die samestelling van die gemeente in Tessalonika. Volgens Handeling 18:3 was Paulus 'n tentmaker. Paulus het in Tessalonika tydelike werk gekry asook, hoogs waarskynlik, akkommodasie, tussen mense wat sy ambag gedeel het. Paulus het dag en nag gewerk sodat hy nie vir enigeen 'n las was terwyl hy die evangelie verkondig het nie (1 Tess 2:9). Deur dit te doen was hy in konstante kontak met werkers op die grondvlak. Hierdie werkers het hulleself dikwels in gildes of vrywillige verenigings gevorm. Hierdie groeperinge het geen ekonomiese mag gehad nie maar het in hulle onderskeie groepe sosiale interaksie gehad. Hulle het mekaar bygestaan in krisistye en met begrafnisse. Volgens Ascough het Paulus by so groep van leerwerkers in Tessalonika aangesluit en hulle ooreed om hulle afgode wat hulle aanbid (byvoorbeeld Zeus, Isis ens.) te laat vaar en die ware God te aanbid deur Jesus Christus as verlosser te bely. Ascough lees die tweede persoon meervoud in die voornaamwoord "julle" in 1 Tessalonisense 1:9 "Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien" (Ascough 2002: 29).

Dit is eers teen die einde van 1 Tessalonisense dat Paulus sy fokus verskuif na die leierskap in die gemeente. Paulus verwys na onbekende leiers wanneer hy die Tessaloniërs aanmoedig: "Broers, ons vra julle: erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en tereg wys. Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk. Leef in vrede met mekaar." 1 Tessalonisense 5:12-13). Paulus suggereer, deur hulle werk te beskryf deur gebruik te maak van drie deelwoorde, dat hy nie *ampte* in die gemeenskap in gedagte het nie, maar *aktiwiteite*. Die aktiwiteite van "arbeid", "in beheer wees" en "vermaning" word beheer deur 'n enkele artikel wat daarop dui dat daar net een groep leiers is wat by al drie aktiwiteite betrokke - is in plaas van drie afsonderlike leiers. Paulus gebruik 'n algemene benaming vir hierdie leiers wat in die gemeente verantwoordelikheid dra. Die woord hier word nie as 'n tegniese term gebruik nie, selfs al is die persone waarna verwys word leiers in die gemeenskap. Aan die ander kant dui dit tog op 'n groep persone wat 'n bepaalde funksie in die gemeenskap het. Terselfdertyd is dit onwaarskynlik dat dit welaf persone is wat finansiële of ander ondersteuning aan 'n persoon of aan die gemeente gegee het. Hulle kry geen eer vir wat hulle gedoen het nie. Daarbenewens word patronaatskap in 1 Tess 4: 9-12 ontmoedig. "Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle

die sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgelê het.” (Ascough 2002: 29)

Paulus verwys na die verantwoordelikhede van hierdie leiers deur die werkwoord “werk” te gebruik. Die verwante naamwoord kom twee keer elders in die brief voor, een keer vir Paulus se handarbeid onder die Tessalonisense (2: 9 “Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle 'n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie.”) en een keer vir sy werk in die formele fases van die gemeenskap (3: 5 “... al ons harde werk dalk op niks uitgeloop het nie.”). Dit is waarskynlik dat die leiers in Thessalonika voortgegaan het met beide soorte aktiwiteite, die handarbeid saam met die gemeente-ontwikkeling. Hierdie leiers van Tessalonika was soos leiers van menige vrywillige burgerlike organisasies in ons dag. Hulle word as leiers verkies vanuit die organisasie en verrig hulle alledaagse werksverpligtinge tesame met die gesag en verantwoordelikhede wat die organisasie aan hulle toesê (Ascough 2006: 29).

Ascough (2002: 30) meen dat alhoewel die leiers se name nie genoem word in die brief nie, dit beteken nie dat hulle nie aan Paulus bekend was nie. Dit is eerder die geval dat die leierskapsposisies op 'n maandelikse of jaarlikse basis geroteer het. Paulus laat hulle naamloos sodat 'n algemene vermaning van toepassing sal wees op enigeen wat in leiersposisie is (let op dat Paulus nie die leiers direk aanspreek nie maar die hele gemeente aanspreek). Paulus probeer nie om hulle te etiketteer of verastes te gee wat nagekom moet word as 'n persoon 'n leier wou wees nie. Dit is nie duidelik of hierdie leiers self uit die gemeente gekom het nie, maar dit is duidelik dat Paulus daarop aandring dat hulle deur die gemeente gerespekteer moet word. Dit reflekteer Paulus se bereidwilligheid om toe te laat dat die Christelike gemeente plaaslik ontwikkel sonder dat daar 'n voorafbepaalde soort/tipe kerkleier op hulle afgedwing word. Alhoewel dit duidelik is dat leierskap vanuit die gemeente ontstaan het is Paulus se primêre bekommernis dat die leiers, wie hulle ook al mag wees, die regte respek van die gemeente moes ontvang.

Hierdie minimalistiese benadering tot die leierskap van 'n groep is 'n ware kenmerk van 'n “chaordiese” leier. Dis juis die kenmerk van “chaordiese” leierskap: daar word toegelaat dat leierskap uit die plaaslike Christelike gemeenskap spontaan, soos dit mag nodig wees, ontwikkel. Hierdie leiers moet deur die gemeenskap gerespekteer word.

In die gemeente in Korinte het dit só verloop: Die Christelike gemeenskap het bestaan uit 'n aantal huisgroepe wat gereëld byeengekam het. Elke groep het sy eie leiers gehad, manlik of vroulik, wat as patronaat/beskermheer van die groep opgetree het. Van tyd tot tyd het hierdie groepe almal bymekaar gekam met 'n groot byeenkoms, moontlik by die huis van Gaius. Faksionalisme het egter tussen hierdie groepe ontstaan. Elke groep het daarop aanspraak gemaak dat *hulle* leier die belangrikste was: “Daarmee bedoel ek dat een sê: “Ek is vir Paulus;” “Ek is vir Apollos;” “Ek is vir Sefas;” en een: “Ek is vir Christus.” (1 Kor 1: 12).

Paulus se reaksie op hierdie verdeeldheid was dat hy ernstig vir eenheid in die liggaam van Christus gepleit het:

Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk. Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie.

(1 Korintiërs 12:13-14)

Dwarsdeur die Eerste Brief aan die Korintiërs beveel Paulus aan dat die gemeentelêde mekaar moet erken en respekteer en sensitief vir mekaar moet wees. Hy beklemtoon dit dat hulle mekaar in liefde moet opbou en lê klem daarop dat hulle mekaar, soos slawe, moet bedien. In terme van etiese optrede beklemtoon Paulus dit dat die korporatiewe liggaam voorrang geniet bo die individu en dat die regte van die individu in die groep beliggaam word. Dit is nie die intellek (wat jy weet nie), maar die gemeenskaplike goed (wat die beste is vir ander) wat die aksie of optrede moet bepaal. Wat belangrik vir ons ondersoek is, is Paulus se benadering tot die verdelende sake in Korinthe. Paulus lê nie 'n enkele, eenvoudige reël neer om op elke situasie te regeer nie. In plaas daarvan bied hy 'n beginsel - "stel ander eerste" - wat hy hoop die Korintiërs sal in elke situasie toepas. Vir Paulus behels gemeenskap wedersydse slawerny/diens en wedersydse opbou in liefde, die enigste twee dinge wat nodig is vir die Christelike gemeenskap om te floreer. Geen eksterne reëls is nodig nie, aangesien die Gees in Christene woon om leiding te gee oor hoe om te lewe (Ascough 2002: 32).

Dis 'n kenmerk van "chaordiese" leierskap: chaordiese leiers lê nie één enkele eenvoudige reël neer oor hoe op alle situasies reageer behoort te word nie. Dit bied eerder 'n beginsel waarbinne daar opgetree kan word. In 'n kerk is geen eksterne reëls nodig nie. Die beginsel is liefde en diens.

Alhoewel reeds teenwoordig in die brief aan die Korintiërs kom die aspek van die Heilige Gees sterk navore in die werk van Paulus in die gemeenskap van Galasië. Die situasie was baie meer kritiek as in Korinte, toe Paulus die brief aan hulle gerig het. Volgens Paulus is die Galasiërs besig om "n ander evangelie aan te neem" (Gal 1:6). Dit het gevaarlike gevolge. As iemand die evangelie verkondig wat in stryd is met evangelie van Jesus Christus, soos hulle dit ontvang het, sal 'n vloek van God hulle tref. In reaksie hierop verduidelik Paulus aan die Galasiërs hoe die Heilige Gees funksioneer in 'n gelowige se lewe. Buitelanders het na Paulus se vertrek na die gebied gekom met die boodskap dat Paulus se evangelie onvolledig is, naamlik dit nie die noodsaaklikheid vir mans was om besny te word nie. Alle kinders van Abraham – ook gelowiges uit die heidendom – moes die besnydenis as merkteken van die verbond aanvaar. Vir Paulus het Christus egter die wet volbring. As 'n gelowige in Christus leef 'n mens deur die leiding van die Gees. Daar is geen rede vir enige wette, oud of nuut nie (Ascough 2002: 32).

Ons sien dat Paulus in beide die briefwisseling met die Korintiërs en Galasiërs minimalisties was in sy instruksies wat hy aan die gemeentes wat deur hom gesig is, gegee het. Eerder as om 'n stel reëls voor te skryf het hy 'n paar eenvoudige konsepte gegee – slawerny/diens, liefde en om deur die Gees gelei word. Uit hierdie drie beginsels kon die gemeenskappe floreer en groei. Paulus was tevrede, selfs in die aangesig van teenstanding en verwerping, om chaos in die gemeenskap

toe te laat, sodat plaaslike orde kan ontstaan. Eerder om voorskrifte vir gedrag daar te stel, hou Paulus vol dat die christelike gemeenskap sal floreer deur die Gees te volg en deur mekaar te dien en lief te hê. Hierin manifesteer hy die eienskappe van wat moderne organisatoriese gedragsteorie "chaordiese" leierskap sou noem.

Nog 'n kenmerk van "chaordiese" leierskap is dus: chaordiese leiers in die kerk volg die leiding van die Heilige Gees en leer die gemeenskap waarin hy of sy dien die waardes van diens en liefde.

Meer kan gesê word oor Paulus se briewe, maar hierdie studie gaan laastens in hierdie hoofstuk fokus op Paulus se brief aan Filemon. Hierdie brief van Paulus aan Filemon staan uit omrede die enigste brief is wat hy aan 'n individu skryf en nie aan 'n hele gemeente nie. Paulus neem wel 'n gemeenskaplike lees van die brief aan. Hy groet individue in die gemeente soos Filemon se vrou en die kerk (ekklisia) wat in Filemon se huis bymekaarkom, wat beteken dat hy wel die gemeenskap in gedagte gehad het met die skryf van die brief.

Paulus skryf aan Filemon namens Onesimus, 'n slaaf. Paulus skryf hierdie persoonlike brief aan Filemon, een van die geestelike leiers van die gemeente in Kolosse (Filemon 2; Kol 4:9). Sy slaaf, Onesimus, het hom op een of ander manier benadeel en toe gevlug. Onesimus se pad het in Rome met dié van Paulus in die gevangenis gekruis. Hoe dit presies gebeur het, weet ons nie, maar die resultaat van dié ontmoeting was dat Onesimus tot bekering gekom en in Jesus Christus begin glo het. Hoewel Onesimus van veel nut vir Paulus self kon wees, het Paulus egter besluit om hom eerder terug te stuur sodat hy met Filemon versoen kan word. Vandaar dié brief waarin hy die situasie tussen die twee gelowiges wou uitsorteer tot almal se bevrediging. Dit gee ons 'n baie interessante perspektief op hoe verhoudinge tussen gelowige werkgewers en werknemers behoort te werk. Maar eerder as om Filemon te beveel om te doen wat Paulus wil hê (om Onesimus uit slawerny vry te stel en hom na Paulus terug te stuur) gebruik Paulus 'n nie-so-subtiele druktaktiek. Hy sê, "Dit doen ek, Paulus, wat 'n ou man is en nou ook 'n gevangene ter wille van Christus Jesus. Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword" (verse 8-9). Paulus weier om 'n moontlike troefkaart, dié van sy gesag binne die gemeenskap wat hy gestig het, te speel. Tog gee Paulus 'n paar sterk wenke oor die rigting wat hy hoop gevolg kan word:

"Ek stuur hom na jou toe terug, en my hart gaan saam met hom. Wat my betref, ek sou hom graag by my wou hou, sodat hy my in jou plek kan dien terwyl ek ter wille van die evangelie 'n gevangene is. Maar ek wou niks sonder jou instemming doen nie, sodat jou weldaad nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse.

(Filemon 1:12-14)

Hy voeg ook in vers 22 by dat hy, Paulus, hoop om Kolosse binnekort te besoek en dat hy graag by Filemon sal wil tuisgaan om te sien hoe Onesimus se situasie hanteer is. Ons sien hier dat Paulus nie die model van 'n hiërargiese, bevel en beheer, "top-down" leierskap toepas nie. Terselfdertyd neem Paulus ook nie 'n houding van "anything goes" nie. Hy laat Filemon se besluit ook nie aan toeval oor nie. Met so 'n kritieke probleem waar 'n man se lewe op die spel is gee Paulus sterk

leiding aan Filemon sonder om gehoorsaamheid te eis. Die besluit wat Filemon neem is sy eie keuse. Alhoewel die moontlikheid bestaan het dat die dinge nie na Paulus se wense sou verloop het nie, het Paulus slegs minimum riglyne verskaf oor hoe die saak opgelos sou kon word (Ascough 2002: 34).

Vroeër in hierdie hoofstuk is daarop gegwys dat daar binne die paradigma van die chaos-teorie 'n spontane self-organisasie plaasvind, wanneer 'n groep mense binne die organisasie spontaan aan die beweeg kom. Hierdie self-organisasie ontwikkel in iets kompleks en onverwags. Paulus het so 'n proses binne die gemeenskappe wat hy bedien het, aan die gang gesit. Die paar eenvoudige reëls wat Paulus neerlê is maklik:

1. Wees lief vir mekaar
2. Dien mekaar
3. Luister na die Heilige Gees binne jou

Die gemeentes het swaar gekry om hierdie eenvoudige beginsels na te kom. Maar Paulus het volstrek geweier om meer as dit spesifieke reëls vas te lê. Hy het hulle in elke situasie teruggedroep na liefde vir mekaar, diens aan mekaar en die vervulling van die Heilige Gees. Hy het geen formule vir die manier waarop die gemeentes moes organiseer en struktureer vasgelê nie.

Dus, nog 'n kenmerk van "chaordiese" leierskap is: die primêre verantwoordelikheid van 'n "chaordiese" leier is om jouself te bestuur, om jou eie karakter, integriteit, kennis, wysheid, temperament en dade aan die orde te stel.

'n Leier se primêre verantwoordelikheid is om self die beginsels wat die kultuur en gedrag van die organisasie bepaal te beliggaam. En dit kry ons by Paulus. Hy praat van sy eie vermoë van selfbeheersing en die regte besluite te neem. Hy dring daarop aan dat sy voorbeeld gevolg moet word. In 1 Korintiërs 4: 16 vra hy: "Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld!"

Ascough benadruk by herhaling die feit dat chaordiese leierskap minimale reëls vereis. Dit is wel so dat daar baie konflik en spanning binne "chaordiese" organisasies voorkom, maar dit is die teelaarde vir kreatiewe idees en voorstelle. In tye van turbulensie moet die dinamika van chaos nie onderskat word nie. Hierin lê die kapasiteit van groei en vooruitgang opgesluit.

Studie in die kwantumfisika wys daarop dat daar geen vaste en beskryfbare uitkomst is nie. Daar is slegs potensiele uitkomst. In die kwantumwêreld bestaan verskillende elemente en partikels nie onafhanklik en geïsoleerd nie. Ons wêreld rondom ons word gevorm deur ons interaksie daarmee. Ons kan maar ons leefwêreld van buite dophou nie. Ons is deelnemers aan ons wêreld. Alles en almal is in verhouding met mekaar. "Subatomic particles come into form and are observed only as they are in relationship to something else. They do not exist as independent 'things'. There are no basic 'building blocks'." (Wheatley1999a: 11.)

'n Ander aspek van die kwantumteorie wat hier na vore kom is die idee dat die fisiese realiteit meer is as net die materiële. Dit word ook saamgestel deur nie-

materiese velde. Kwantumfisika gee ons 'n perspektief op 'n onsigbare, onbegryplike en onwerklike werklikheid. (Ascouch 2002: 36)

Paulus was 'n toeskouer en 'n deelnemer in die Christelike gemeenskappe wat hy bedien het. Hy het hom daarop toegelê om 'n "Geesvervulde"-leierskap in die gemeentes te vestig, maar hy het self ook invloed in die gemeentes gehad. Paulus het deelgeneem aan die kreatiewe skepping van die gemeentes aan wie hy geskryf het. Insteede daarvan dat Paulus doelbewus probeer het om 'n gemeenskap te stig soos wat hy dit graag sou wou gehad het, het hy eerder die potensiaal wat in die gemeenskap was ontsluit. Hy het nie take aan persone opgedra nie, maar 'n proses daargestel waar verhoudings gekoester kon word, waar groei en ontwikkeling moontlik was (Aschough 2002: 36).

Wat krag en rigting gee in die proses van verandering is die kwaliteit van verhoudings, positief of negatief. Diegene wat deur middel van dwang, of van 'n nalatigheid vir die ander persoon, gedwing word om te verander, skep negatiewe energie. Leiers wat vir ander se idees en insette oop is en mense sien en aanvaar vir wie hulle is, skep positiewe energie. Liefde in die kerk is die sterkste bron van krag wat tot ons beskikking is. 1 Korintiërs 13:1 geld nog altyd: "Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword" 'n Verdere kenmerk van "chaordiese" leierskap is dus: Chaordiese leiers is leiers wat vir ander se idees en insette oop is en mense sien en aanvaar vir wie hulle is.

In 1 Korintiërs 13 gaan Paulus verder en sê dat liefde die basis is van menslike verhoudings. Hierdie verhouding word gedryf deur die Heilige Gees met wie elke gelowige ook 'n verhouding het. Die Heilige Gees is die onsigbare veld wat die optrede van gelowiges vorm waarin verhoudings dan "chaordicly" ontwikkel (Aschough 2002: 37). Nog 'n kenmerk van "chaordiese" leierskap: Chaordiese leiers is leiers wat gelei en bestuur word deur die Heilige Gees.

In die lig van die paradigma van die chaos-teorie is dit duidelik dat die kerk in die lig van Jesus se verwagte parousia vloeibaar moet wees en gedurig haarself herdefinieer binne die huidige konteks waarin sy haarself bevind. Volgens Aschough (2002: 39) is self-organisering nie "chaotic" nie maar "chaordic". Chaos is sinoniem aan wanorde. Wanorde word vermy deur 'n sisteem so effektief moontlik te kontroleer/beheer. Hierdie self-organisering soek die optimale oplossing vir die huidige en plaaslike omgewing. Hierdie self-organisering is ook nie willekeurig of onsamehangend nie. Stelsels ontwikkel met groter onafhanklikheid en veerkragtigheid omdat hulle vry is om aan te pas. Status, balans en ewewig is tydelike toestande. Wat behoue bly, is 'n dinamiese, aanpasbare en kreatiewe proses. In 'n dinamiese proses is daar 'n definitiewe verband tussen chaos en orde. In hierdie self-organisering sal elke plaaslike Christelike gemeente getrou wees aan die Heilige Gees en die voorbeeld van Paulus se leierskap.

Een van die grootste uitdagings vir Doornkloof Familiekerk in die omgewing waarin sy haarself bevind, soos dit beskryf word in Hoofstuk 5 van hierdie navorsing, is om diversiteit te erken en te akkommodeer – en toe te laat dat die gemeente onder leiding van die Heilige Gees self-herorganiseer. Hierdie diversiteit skep die geleentheid om onafhanklik en veerkragtig aan te pas en dit maak die moontlikheid

vir geleenthede vir groei soveel groter. Die beginsels van kompleksiteitsteorië stel dit duidelik dat energie en dinamika opgesluit lê in diversiteit.

4.9 Nie meer hiërargiese leiers nie

Die nimmereindigende verhaal van die meeste kerkleiers is hoe om mense betrokke te kry by formele georganiseerde godsdienstige aktiwiteite van die gemeente. Hierdie behoefte is egter dikwels gebaseer op 'n uitgediende begrip van kerkwees en van 'n samelewing wat as 'n lineêre stelsel beskou word waar daar masjienagtige aanpassings gemaak kan word om die nodige resultate te verseker. Kry net die nodige godsdienstige spesialiste en programme - die nodige resultate is 'n gegewe.

In *Beeld* van 18 Oktober 2015 sê Stephan Joubert in 'n artikel met die opskrif, *Vloeibare NGK, soos dit hoort*, dat dit 'n winspunt is dat die koers nie meer van 'bo af' aangedui word nie. Hy sê:

Hierdie posisie is tekenend van ons tyd wat deur die filosoof Zygmunt Bauman as "liquid modernity" omskryf word. Ou bedelings, wat oorheers is deur gesentraliseerde besluite van "bo af" en waar gesagsinstellings die finale hekwagte vir die waarheid was, is uitgedien. Binne 'n vloeibare realiteit sal sulke instellings nie lank oorleef nie – "because they decompose and melt faster than the time it takes to cast them" – soos Bauman in *Liquid Times* geskryf het.

Stephan Joubert verduidelik "vloeibare leierskap" so: "The metanoetic presence of the kingdom of God in a fluid new world and church". Hy sê in die huidige vloeibare wêreld moet kerkleiers egter die poging om mense te "fix" laat vaar. Hulle leef, bedien, leer en help ander vanuit hulle innerlike oortuigings. Hulle weet dat hul roeping as geestelike redakteurs, daarin bestaan dat hulle hul mede-reisigers, ander gelowiges, help om hulle eie lewenstekste op die papier van God se koninkryk te skryf met penne met die ink van Jesus. Hierdie leiers probeer nie uitkomst beperk en beheer nie. Hulle lei doelbewus volgelingen van Jesus om "biographical solutions of systemic contradictions" te word (Joubert 2014: 130). Met ander woorde, hulle help gelowiges persoonlik, maar hulle moedig ook hulle eie godsdienstige instelling aan om te verander sodat die doodloopstraat waarin tradisionele gemeentes soos Doornkloof Familiekerk hulle tans bevind, effektief getransformeer kan word. Hulle blaas nuwe lewe in tradisionele vorme van godsdienstige aanbidding (soos aanbiddingsdienste of sakramente) om die familie van God saam in sinvolle ontmoetings te lei. Terselfdertyd herkalibreer godsdienstige leiers hulle eie ekklesiologie om by God se komende koninkryk in die gemeenskap aan te pas. Leiers weet dat om die pad vorentoe te voorspel en te beheer nie na Utopia lei nie. Dit is eintlik "Dys-topia" (Joubert 2014: 130), aangesien die meeste mense nog nie vry is nie. In 'n klassieke "moderne" era het mense geweet wat hulle rol is in die produksieproses, maar rolle word vandag bepaal deur die verbruikergemeenskap. Alles word bepaal deur keuse.

Doeltreffende leiers is sensitief vir die uitdaging om hedendaagse "nie-lineêre" individue, wat enigiets van "alleen saam" tot "individueel verbonde" mense wat of altyd "ongelukkig" of "gelukkig" is, na nuwe maniere te begei om aan 'n gelowige gemeenskap te behoort, om deel te wees van 'n geloofsgemeenskap wat hoogs

verhouding-georieerd en missionêr is. "This is part of the fluid "leadership dance", or the ability to understand that currently it is about both individuality and the group, about speeding up and slowing down, and solidity and fluidity" (Joubert 2014: 130). En die mees vloeibare leiers wissel mekaar soepel onder die verskillende leierskapstyle af. Sulke leiers pas nie meganies aan met 'n kontrolelysties soos die situasie opkom nie - hulle is baie meer vloeibaar. Hulle is uiters sensitief vir die impak wat hulle op ander het en pas naatloos hulle styl aan om die beste resultate te verkry.

Stephan Joubert (2014: 130) sê "fluid leaders" ken die verskil tussen om die kaptein te wees van 'n oneffektiewe kerk-skip wat veilig erens in 'n rustige hawe geanker is of om 'n kaptein te wees van 'n skip op die oop see van God se koninkryk. Leiers op die oop see van God se koninkryk is kwesbaar, want hulle weet dat die toekoms van hulle bediening of gemeente onseker is. Hulle kan voortdurend hergroepeer, verander, aanpas, op hul voete dink en onsekerhede hanteer. Hulle sien grense as semi-deurlaatbare membrane om mense in staat te stel om in en uit te beweeg sonder om ooit self bedreig te voel.

Vloeibare leiers is nie "lone rangers" nie (Joubert 2014: 130); Hulle vorm deel van verhoudingsgedrewe spanne wat bestaan uit passievolle, bekwame mense wat weet hoe om die lewende water te laat vloei op unieke, maar koninkryk gerigte maniere! Hulle plaas nie al hul hoop op strategieë, formele programme of kerklike mikro-bestuur nie, omdat hulle weet dat beplanning nie noodwendig meer orde en stabiliteit sal lewer nie, of die regte soort verandering sal bewerkstellig nie. Vloeibare leiers is meer bekommerd oor mense se karakterontwikkeling as om resultate en sukses te meet. Leierskap in vandag se komplekse organisasies het meer te doen met wat jy is as waarmee jy besig is. In die woorde van Keene: "leadership has more to do with being than doing" (aangehaal in Blandin 2007: 148).

4.10 Implikasies

Daar kan nie aan die algemene kerk in terme van een identiteit gedink word nie. Paulus het ook nie die kerk gestig nie. Paulus het plaaslike vrywillige assosiasie van mense met dieselfde belangstellings - naamlik die aanbidding van Jesus Christus - gestig. Hierdie plaaslike manifestasies is deur hulle stigter, Paulus, outonomieit geggee. Paulus het breë riglyne neergelê vir Christelike gemeenskapsleiers. Vir hom was leierskap gekoppel aan die konteks waarbinne die voornemende kerkleier moes gefunksioneer. Dit het sy karakter en gemeenskapsverhoudinge ingesluit. Kerkleierskap het dus nie los gestaan van 'n sosiale verbintenis in die gemeenskap nie. Paulus het nie 'n oorhoofse gesag oor die verskillende "gemeentes" uitgeoefen nie.

Paulus het geweier om sy boodskap aan te pas om 'n goeie naam en reputasie vir homself te skep. Clarke sê: "(Paul's) theology of proclamation did not allow him to adapt the message of the crucified Christ in this way" (Clarke 2008:163). Hy het geweet dat hy nie die nodige leierskapskwalifikasies of openbare status gehad na die pype van sy teenstanders te dans nie. Die verkondiging van Jesus, dat hy 'n verteenwoordigers van sy Here was, was Paulus se enigste aanspraak op roem. Sy gesag was gegrond op "walking the talk" en nie in eksplisiete mondelinge aansprake op apostoliese outoriteit nie. Sekerlik, as die goddelike aangestelde boodskapper

van Christus, het Paulus oor die gesag beskik om beide sy siening en sy opdragte af te dwing, maar hy het dit nie gedoen nie. Hy het Jesus gevolg en die kerk geleidelik in swakheid te dien. As slaaf van Jesus het Paulus die 'korrekte' geestelike gesag beliggaam. Sy leierskap was verhoudingsgerig en mimeties, nie outoritêr of streng hiërgies nie. Wanneer die hart van die evangelie op die spel is, is 'n goeie voorbeeld (en 'n swak liggaam!) meer as duisend woorde werd. Paulus het 'n nuwe vorm van apostoliese outoriteit verpersoonlik.

Clarke (2008: 183) stel die essensie van Paulus se mimetiese leierskap pragtig: "More significantly, Paul draws attention to the model of Christ that he is following, and privileges this over his own, and urges others so to follow Christ." Die ware liggaam en voetspore om na te boots is dié van Jesus. Solank as wat 'n leier Jesus verkondig en Jesus beliggaam hy/sy 'n boodskap, 'n voorbeelde wat deur ander gevolg kan word. Slegs in hierdie sin het Paulus gesag gehad.

Daar bestaan nie 'n ware Pauliniese "model" van leierskap wat as bloudruk kan dien vir Christelike leiers nie. Ascough maak die stelling:

To be sure, the checklists came into the churches two generations or so later and, for better or (I think) worse, remain there embedded in our canon. But for Paul the leadership "style" (not "model") was chaotic.
(Ascough 2002: 40)

In kerk taal/terme is chaotiese leierskap 'n terugkeer na die wortels van ons tradisie soos dit uitgedruk word in die briewe wat Paulus aan Christelike gemeenskappe gestuur het wat hy gestig het. Daar was nie tradisionele maniere van dink en doen wat van die binne kant af 'n rol gespeel het toe Paulus die eerste gemeentes gestig het nie. Soos enige ander, nuutgestigte, vrywillige organisasie het die nuwe gemeenskap 'n vry plaaslike hand gehad om hulle self te organiseer. (Ascough 2002: 41)

Vir ons is daar baie lesse te leer ook wanneer die kerk na die jonger generasie uitreik. Ascough haal Tetenbaum aan:

Chaos theory is potentially threatening to organizations, particularly to those that are large and traditional, owing to the risk involved in the concept of self-organization. The concept has a prime audience, however, in the newer, smaller entrepreneurial companies whose work forces are made up of 20- and 30-year-old who have little investment in traditional ways of doing things.

Die skuif na missionaliteit in die NG Kerk is duidelik en is besig om spoed op te tel. Dit is 'n nuwe verstaan van die kerk as 'n gemeenskap wat 'n lewende seën vir ander moet wees. Die uitdaging is egter om sulke taal in nuwe verhoudings en dade te omskep, om soos hierdie hoofstuk dit aangedui het, om op voetsoolvlak soos Paulus steeds te glo dat Jesus op soek is na God se verlore eiendom. Die hartklop van die Christelike identiteit, en hoe dit op plaaslike vlak moet uitspeel, is Doornkloof Familiekerk se uitdaging. Hoe gaan ons ons realiteit(e) definieer te midde van die vloeibare Suid-Afrikaanse werklikheid? Hoe gaan mense met integriteit begelei word om saam met Jesus op water te loop? Nie veilig geanker in 'n hawe nie, maar saam met Jesus in die koninkryk van God.

4.11 Om die evangelie te word

In *Becoming the Gospel* skryf Micheal Gorman dat Paulus die gemeenskappe wat hy bedien het, geleer het om nie net om die evangelie te glo nie, maar om die evangelie te word, en sodoende deel te neem aan die lewe en sending van God. Die boek begin met 'n uitnodiging aan die leser om deel te neem aan die missie van God in die wêreld (Gorman 2015: 18). Die eerste fokus moet wees wie God is en wat Hy in die wêreld doen. 'n Tweede fokus is pastoraal en handel oor die transformerende effek van die evangelie op mense. Dit is om die evangelie te word. Deur die evangelie te glo en die evangelie te word, neem ons deel aan die transformasie van die wereld. Aangesien ons by God aangesluit het, sluit ons by God aan in sy missie in die wêreld. "One of the primary contentions of this book is the inseparability of the church's life together and its activity, or witness, in the world" (Gorman 2015: 18).

Gorman stel die vraag: Wat is God se missie in die wêreld? Hy fokus dus eerste op "What is the *missio Dei*, the mission of God?" (Gorman 2015: 23). "For Paul the answer to that question is clear: to bring salvation to the world" (Gorman 2015: 23). En wat behels verlossing? "Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood" (Romeine 1: 16). Redding word as transformasie voorgestel, as nuwe skepping, as bevryding, as regverdiging en versoening.

Die sambreel waaronder Gorman die Bybelse beelde van verlossing versamel, is "participation" (Gorman 2015: 25) Die beslissende faktor in hierdie deelname is dat die kerk as 'n eksegese van die evangelie leef (Gorman 2015: 43).

Die onderskeid tussen die wese van die kerk (eklesiologie) en om missionêr te wees moet afgebreek word. Daar is nie 'n verskil tussen kerkwees en missie nie. Gorman sê egter nog meer. Ons missie is 'n natuurlike en noodsaaklike gevolg van ons verlossing. Deur "deelname" as dominante beeld te gebruik maak hy die aanname dat "benefitting [being] and participating [acting] are inseparable, even synonymous, realities" (Gorman 2015: 34).

Gorman gebruik missionêre hermeneutiek om die Pauliniese briewe te bestudeer in die soeke na 'n ryker verstaan van Paulus se teologie. Hy definieer "missional hermeneutics" as 'n benadering om "grounded in the theological principle of the *missio Dei*, or mission of God" (Gorman 2015: 53). Die missionêre God soek "not just to save 'souls' to take to heaven some day, but to restore and save the created order: individuals, communities, nations, the environment, the world, the cosmos." (Gorman 2015: 53).

In die akademiese studie van Paulus se bediening is daar 'n voortgaande debat oor die vraag of die apostel spesifiek die kerke wat hy geplant het die opdrag gegee het om die evangelie verbaal te verkondig. Eintlik het ons nie sterk, voldoende bewyse uit sy briewe dat hy hierdie verwagting op hulle geplaas het nie. Sommige het tot die gevolgtrekking gekom dat Paulus van apostels verwag het om "te praat", terwyl ander tot die gevolgtrekking gekom het dat die kerke eerder nuwe gelowiges moes lok deur hul "goeie werke". Weereens is ons terug na die kwessie van evangelie "woorde" of "werke."

Gorman breek hierdie óf - óf paradigma deur te fokus op hoe Paulus dit artikuleer om gelowiges in te trek om deel te neem aan God se missie in die wêreld deur Jesus Christus. Dit lei op sy beurt tot gelowiges wat nie net die evangelie glo nie maar wat die evangelie word. Gelowiges word 'n lewende bewys van die verlossende werk van God deur hulle gehoorsaamheid. Die kerk word “a living exegesis of the gospel of God” (Gorman 2015: 43).

Om dit histories te demonstreer, verwys Gorman na 1 Tessalonisense waar Paulus met dankbaarheid sien dat die gelowiges ten spyte van ernstige vervolging, vasgestaan het in hulle geloof, as 'n voorbeeld vir die ander kerke in Macedonië en Achaia. Gorman redeneer dat vir hierdie vroeë gelowiges om vervolgt te word, 'n radikale vertroue en getrouheid in Jesus Christus moes uitleef. Verder is hulle geroep om verantwoordig te doen vir hulle gedrag - wat daartoe gelei dat die evangelie te verkondig kon word. Hy stel voor dat die beste woord om gelowiges te beskryf wat die evangelie doen en oorvertel is "witness". Hulle getuig in “word, in deed, and in the unpleasant consequences that often attend faithful witness” (Gorman 2015: 61).

In sy gevolgtrekking bied hy 'n gepaste opsomming van hoe "witness" hierdie menslike deelname aan die evangelie beskryf:

“As the church, by the power of the Spirit, becomes the gospel in its fullness by participating fully in the life of God manifested in Christ, the church offers an appropriate and credible witness to the gospel.

(Gorman 2015: 304)

Wat Gorman voorstel is nie die kerk as 'n evangelie-megafoon of as 'n liefdadigheidsorganisasie per se nie. Hy beskou die kerk as 'n lewende wese, lewend gemaak deur God in Christus deur die Gees, wat deelneem aan die lewe van God as die drie-enige God op 'n wêreld-transformerende missie.

Ons is werklik net soveel gered as wat ons deelneem aan God se missie. “how did Paul expect his communities to participate in the *missio Dei*?” (Gorman 2015: 58) Deur koinonia, die taal van intieme gemeenskap: “Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.” (Filippense 2:1).

Gorman help ons om die vraag te beantwoord: Hoe het Paulus van die gemeenskappe wat hy gestig het verwag om deel te neem aan die *missio Dei*? Die antwoord hierop sal ons help om die vraag te beantwoord: Hoe verwag God van ons, die lesers van Paulus se briewe, om deel te neem aan die *missio Dei*? (Gorman 2015: 58).

Ons kan nie teologie en etiek in Paulus se briewe skei nie. Verder, aangesien “a missional hermeneutic is a contextual hermeneutic” (Gorman 2015: 59) sal ons daadwerklik moet kennis neem van die konteks van Paulus se briewe “To read Paul missionally is to read him as a participant in, advocate for, and interpreter of the

missio Dei, the mission of God first revealed in the story and Scriptures of Israel and now manifested in its fullness in the reality and story of Christ” (Gorman 2015: 61). Paulus se briewe is 'n uitnodigings om deel te wees van God se missie en uiteindelik deel van God se lewe te wees. 'n Belangrike implikasie hiervan is dat alle gelowiges wat Paulus se briewe lees “need also to participate in the advance of the gospel by becoming the gospel, in word, in deed, and ... in suffering” (Gorman 2015: 61). Daar is geen missie sonder sulke persoonlike deelname nie. Soos Gorman daarop aandring, “To be in Christ is to be in mission; to participate in the gospel is to participate in the advance of the gospel” (Gorman 2015: 62).

Die drie 'identiteitsmerkers' in die hart van die Christelike lewe in 1 Tessalonisense is geloof, liefde en hoop, “the missional marks or the missional virtues” of the Christian (Gorman 2015: 65). Verder word die getrouheid, liefde en hoop van die missionere God geopenbaar in die dood, opstanding en parousia van die Here Jesus. Deur Christus en deur die krag van die Gees maak die Vader ons in 'n gemeenskap van getrouheid, liefde en hoop. Dit is die spesifiek die Christelike getuigenis wat van ons verwag word.

Gorman (2015: 196-197) oriënteer sy missionêre hermeneutiek aan die kruis. Hy sê dat die kruis van Christus op 'n missionale, geregtige, regverdigmakende God dui. Dit skep missionêre, geregverdigde, regverdige mense. Om die oorfloedige lewe te geniet as gawe van die Drie-eenheid is 'n viering van geregtigheid. Gorman roep ons tereg om ons begrip van verlossing te verbreed sodat dit verder gaan as die tradisionele privaat verstaan van verlossing as vergifnis van sondes. Hy verseker dat hierdie “more robust understanding of the gospel radically alters everything without losing the message of forgiveness and eternal life” (Gorman 2015: 298).

Ons het 'n rol in die samelewing te speel as verteenwoordigers van die regverdige God, om in 'n sondige en onregverdige gemeenskap as sy verteenwoordigers op te tree. Ook op die manier *word* ons die evangelie!

Wat dit alles beteken word duidelik in die Belydenis van Belhar uitgespel. In die verband word die kerk geroep om die Belydenis nie net met woorde te bely nie, maar in konkrete dade te omskep:

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; (Deut. 32:4; Luk. 2:14; Joh. 14:27; Ef. 2:14; Jes. 1:16-17; Jak. 1:27; Jak. 5:1-6; Luk. 1:46-55; Luk. 6:20-26; Luk. 7:22; Luk. 16:19-31) dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en

geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; (Ps. 146; Luk. 4:16-19; Rom. 6:13-18; Am. 5) dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

(Belydenis van Belhar, Artikel 4)

4.12 Slot

In Hoofstuk 4 is daar gebruik gemaak word van apostoliese leiereienskappe van Paulus, as model vir leiers in ons tyd. 'n Apostoliese leier is ten diepste 'n transformerende leier wat die vermoë het om grense tussen kulture en in kulture oor te steek. Navorsingsvraag 8.3 is in hierdie hoofstuk hanteer: Wat is apostoliese leierskap? Begrip en die verstaan van komplekse sisteme maak die kerkleiers inderdaad bewus van die werklikheid daarvan dat 'n bepaalde gemeente nie langer geïsoleer mag bestaan nie. Die gemeente is 'n lewende organisme wat in verhouding tot haar eksterne omgewing bestaan.

HOOFSTUK 5: DIE DOORKLOOF FAMILIEKERK EN DIE DORINGKLOOF GEMEENSKAP

5.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel wie Doornkloof Familiekerk werklik is en hoe die gemeente reeds in haar gemeenskap integreer is. Die hoofstuk gaan ook die woonbuurt – Doringkloof - waarin die gemeente geleë is, beskryf.

Die navorsingsvrae wat hier beantwoord word, is:

1. Wie is Doornkloof Familiekerk? Hoe is Doornkloof Familiekerk reeds in die gemeenskap geïntegreer?
2. Wie is Doringkloof gemeenskap? Waar woon die inwoners? Waar werk hulle? Wat gebeur om ons?

Doornkloof Familiekerk is 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente, voorheen bekend as NG Kerk Doornkloof. Met 'n strategiese beplanning in 2003 is daar besluit die gemeente gaan meer op families fokus en is die naam van gemeente verander na Doornkloof Familiekerk.

Die gemeente is geleë in die woonbuurt Doringkloof. Let op die naamsverskil tussen die gemeente, *Doornkloof* Familiekerk, en woonbuurt *Doringkloof*. Die plaas waarop die woonbuurt en gemeente ontwikkel het se naam was "Doornkloof" en die gemeente is na die plaas vernoem.

5.2 Metodiek

Die navorser is sedert Oktober 2002 leraar van die gemeente en 'n betrokke in die lewe van die gemeenskap. Die navorser neem in 'n meerdere mate deel aan die aktiwiteite van sy navorsingsonderwerp. In hierdie hoofstuk gaan 'n gemeente-analise gedoen word van Doornkloof Familiekerk. Die navorsingsmetode is in Hoofstuk 1 bespreek.

In hierdie hoofstuk wil die navorser bepaal of Doornkloof Familiekerk 'n missionale gemeente is en of dit geïnkarnear is in die gemeenskap. Die vraag is of die gemeente deur die loop van die studieproses tot selfinsig kan kom.

Baie van die inligting wat in hierdie hoofstuk geggee word, is deelnemende kennis en persoonlike notas in dagboeke. Verder gebruik hierdie navorsing kwantitatiewe navorsing, deur gebruik te maak van kerkraadnotules en –verslae. Die feite wat gebruik word vir die kort geskiedenis van die gemeente (hieronder) is gedruk en op 'n hardeskyf bewaar in die gemeente se kluis. Dit is oor baie jare opgebou en dit is nie moontlik om oorspronklike outeurs/s van inligting vas te stel nie (Gemeenteargief).

Binne die raamwerk van die kwalitatiewe navorsingsparadigma, word daar in hierdie

navorsing etnografies te werk gegaan (vgl. Hoofstuk 1).

Die elemente wat by die navorsing betrokke is, soos in Hoofstuk 1 beskryf, word hier as riglyn gebruik:

Dimension	Mobilising framework (improving <i>our</i> mission)	Analytical framework (studying <i>their</i> mission)
Agency	Who are we? How are we related to (inserted into) the community? Who are the other key actors and interlocutors? What kind of encounter(s) is taking place?	Who are they? How are they related to (inserted into) the community? Who are the other key actors? Who are their interlocutors? What kind of encounter(s) is taking place?
Spirituality	What are the underlying spiritualities of our group? How do our inner motivations, religious visions and worldview guide our actions in relation to the community?	What are the underlying spiritualities of their group? How do their inner motivations, religious visions and worldview guide their actions in relation to the community?
Contextual understanding	What is going on around us? What is good or bad about our community? What are the problems we need to address?	How do they understand their community? What do they see as good and bad around them? What are the problems that they seek to address?
Ecclesial scrutiny	What have churches/religions been doing in this situation? How does that affect our present encounter(s) in the community?	How do they view the prior role of churches/religions in that community? How does that affect their present encounters?
Interpreting the tradition	How do we interpret our own religious tradition, read the Bible, and reflect theologically on our situation?	How do they interpret their own religious tradition, read the Bible, and reflect theologically on their situation?
Discernment for action	How do we plan, strategise and make decisions for action that could be transformative in our context?	How do they plan, strategise and make decisions for action that could be transformative in their context?
Reflexivity	Do we reflect on our actions, learn from our experiences, and grow in maturity or wholeness? Are we being transformed by the encounters?	Do they reflect on their actions, learn from their experiences, and grow in maturity or wholeness? Are they being transformed by the encounters?

(Kritzinger, J.N.J. "Tutorial Letter Research proposal module for the DTh in Missiology.)

5.3 Die agent ("agency")

Om 'n beeld te kry van die gemeente (die "agency") wat by die navorsing betrek is, is dit nodig om kort geskiedenis van die gemeente, asook enkele statistiese gegewens aan die orde te stel.

Agency	Who are we? How are we related to (inserted into) the community? Who are the other key actors and interlocutors? What kind of encounter(s) is taking place?
--------	---

5.3.1 'n Kort geskiedenis van die gemeente

Skaars 'n dagreis te perd vanaf die grotte naby Krugersdorp waar Moeder Aarde self die doen en late van die Steentyd-oermens in die aardkors opgeteken het, 'n skof per wa vanaf die poort waar die jeugdige Churchill se "mighty Apies" deur die Magaliesberg (vernoem na kaptein Mamogale van die Bakwena of krokodil-mense) breek, en 'n klipgooi wes vanaf die Erasmusspruit wat later na die weduwee Hennop vernoem is, staan die opstal van Daniël Elardus Erasmus op die plaas Doornkloof. (Gemeente-argief)

Ons gemeentestorie begin hier.

Honderd agt en sestig jaar gelede het ds. Murray van Bloemfontein, die later bekende dr. Andrew Murray (1828-1917), op sy reis deur die Transvaal die kerkplaas Doornkloof besoek. Na die Groot Trek het die emigrante, soos die Voortrekkers destyds genoem is, wydverspreid oor die hele Transvaal gewoon. Hulle moes self lang reise onderneem om by die paar kerkplase uit te kom, waar besoekende dominees uit die Kaap, Natal en die Vrystaat hulle met Woord en sakrament bedien het. Op Vrydag 7 Desember 1849 het ds Murray die Vaalrivier oorgesteek en die moeder van al die Transvaalse gemeentes, Mooirivier (later Potchefstroom) besoek en bedien. Nadat hy vandaar per ossewa by die kerkplase Zwartuggens en Magaliesberg (vanaf 1850 die tweede gemeente in Transvaal te Rustenburg) aangedoen het, het hy op Woensdag 26 Desember 1849 koers gekies in 'n suidoostelike rigting. In De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika van 12 Januarie 1850 skryf ds Murray in sy reisverslag: "... op den Avond van Donderdag, bevonden wij ons op de plaats van den H[ee]r D Erasmus. Hier vonden wij een zeer geschikt gebouw voor de Kerkplaats ingericht, dat echter ook bleek te klein zijn, zoodra de Gemeente begon te verzamelen" (Kotze 1983: 32–33, asook Gemeente-argief).

Intussen het oorlogswolke oor die land begin saampak. Om vyfuur die middag van 11 Oktober 1899, het die oorlog tussen die Boererepublieke en die Britse Ryk uitgebreek. 'n Jaar later het lord Kitchener, die aanvoerder van die Britse magte, 'n kennisgewing laat uitvaardig dat alle burgers wat vrywillig oorgee, toegelaat sal word om saam met hulle gesinne in "Government laagers" te woon totdat die oorlog beëindig is. Omdat daar geglo is dat die Boerevroue op die plase die oorlog aanblaas deur hulp aan die Boerekommando's te verleen, is die plase afgebrand en is ook hierdie vroue met hulle kinders in die "Burgher Camps" versamel. 'n Konsentrasiekamp is op die plaas Doornkloof naby Pretoria opgerig. Die woondorp, Irene, is later aangelê op die terrein waar die konsentrasiekamp eens gestaan het en die oorspronklike strate volg die patroon van die ruimtes tussen die tente. Straatname dateer uit daardie tyd. In die middel lê die stille grafte van die kampkerkhof, wat 'n nasionale gedenkwaardigheid is. Meer as 'n duisend kinders onder die ouderdom van 15 jaar is hier begrawe. Dr H S Bosman van die "Grootkerk" (Pretoria) het destyds toestemming gekry om die kamp elke tweede week te besoek. By geleentheid is 'n erediens onder sy leiding deur 1500 lydendes bygewoon. 'n Kerkgebou met 'n sinkdak en seilmure, waarin 400 mense kon sit, is opgerig en op 26 April 1902 ingewy (Kotze 1983: 71-100) en (Gemeente-argief).

Op 26 April 1944 stig Pretoria-Suid (vanaf 1951 genoem Lyttelton) van Pretoria (Bosmanstraat) af. Tydens die eerste kerkraadsvergadering op 5 Mei 1944 aan huis van diaken Haupt word besluit dat die kerkgebou in Irene – die middelpunt van die gemeente - opgerig moet word. Gedurende 1945 is ds (later dr) C F Beyers Naudé as eerste leraar te Irene bevestig. In 1947 besluit die Kerkraad op sy aandrang om twee doeltreffende (en identiese) kerksale te bou: een in Olifantsfontein en een in Lyttelton. In 1948 het Olifantsfontein saam met ds Naudé afgestig.

Toe lidmate in die gevestigde, tradisieryke Irene en lidmate in die ontwikkelende, snelgroeïende Doringkloof op 18 November 1973 in die skoolsaal van die Laerskool Irene van Lyttelton afstig om 'n nuwe gemeente te vorm, was die naam vir die nuwe gemeente 'n probleem. Die inwoners van Irene het verwag dat die gemeente na hulle woonbuurt vernoem word. Die inwoners van Doringkloof was egter in die meerderheid en wou 'n ander naam hê. Die Ring het die naam "Verwoerdburg-Suid" as moontlikheid genoem. Op voorstel van 'n Irene-inwoner is besluit op die naam *Doornkloof* in sy oorspronklike Nederlandse vorm – die naam van die eertydse kerkplaas waarop die twee woonbuurte (en talle van die latere uitbreidings) gevestig is (Kotze 1983: 129-156 en Gemeente-argief).

Op 2 Februarie 1974 is die eerste Nagmaal bedien. Die nagmaalservies wat vandag nog gebruik word, is eers 25 jaar later aan die gemeente geskenk. Dit was aanvanklik die eiendom van die Mabel Jansen-Dameskring van Irene en is voor afstigting deur Lyttelton gebruik. Mev. Mabel Jansen, eggenote van dr E G Jansen, die eerste Afrikaanssprekende goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, en kleindogter van die Franse sendeling Jean Pierre Pellissier, wat haar jarelank vir 'n kerkgebou in Irene beywer het. (Kotze 1983: 145). Haar man het wel 50 Pond bygedra vir Lyttelton se kerkboufonds en die gedenkplaat by die inwyding van die kerkgebou op 7 November 1953 is deur hom onthul. Maar mev Jansen en 'n aantal vooraanstaande Irene-inwoners, asook die nasate van die Erasmusfamilie, het nie berus nie. In die *Rooi Rose* van 16 Desember 1970 het 'n berig met foto's verskyn van 'n modeparade wat in November by die Jansen-huis in Irene gehou is ten bate

van 'n kerkgebou in Irene. Toe Doornkloof in 1973 afstig, is die servies op versoek van mev Jansen deur Lyttelton teruggegee, waarna sy dit by haar huis formeel aan verteenwoordigers van die nuwe gemeente oorhandig het om te gebruik totdat die kerk in Irene gebou is. Dit het egter nooit gebeur nie (Kotze 1983: 159 en (Kerk-argief).

Aan die einde van 1974 het die Kerkraad van Doornkloof 'n landbouhoewe op die grens tussen die woondorpe Lyttelton en Doringkloof aangekoop ten einde 'n kerkkompleks op te rig. Die ou koeistal op die hoewe is opgeknop en bidure, vergaderings en selfs 'n troue is in "Die Stal" gehou. Die plaashuis op die hoewe, wat vandag die Knikkie Kleuterskool huisves, is as pastorie gebruik. Tussen die ou geboue en in die lang gras het die jaarlikse krieketwedstryd tussen die ouderlinge en die diakens plaasgevind. (Kotze 1983: 157-185) Op 1 April 1977 is die eerste soorie vir die oprigting van die kerkgebou gespit. Die Kerkraad het as eienaar-bouer opgetree en op 18 November 1977, die verjaarsdag van die gemeente, is die hoeksteen gelê. "Op Saterdag 5 Augustus 1978 is die kerkgebou plegtig ingewy (Kotze 1983: 177)". Die wydingsrede is gelewer deur dr J D (Koot) Vorster (broer van adv John Vorster, die destydse Eerste Minister) en toe Assessor van die Algemene Sinode en Moderator van die Wes-Kaapse Sinode. Op 4 Mei 1979 is die voltooid kerkkompleks (saal, kombuis en kategeseklasse) in gebruik geneem. Die totale koste het R468 7333.57 beloop! (Kotze 1983: 178-179)

Sedert stigting is Doornkloof deur 9 voltydse leraars bedien: ds Andrew Gerber (1974-1987), ds Pikkie Robbertse (1975-1976), ds Helgard du Plessis(1977-1982), ds Peter Aspelng (1982-2004) (Kotze 1983: 181) en sedert 1983 dr Johann Ernst (1984-2016), ds André Venter (1987- 2011), ds Gerhard Oberholzer (1997-2009), ds Nelis Lindeque (2002-) en ds Emile Rademeyer (2002-). Ds Kobus van Zyl was kapelaan (1995-1997). Ds Gerrit Maritz is tentmaker (2004-14) en Jeugleraar Ds Chris Swart (2012-). (Gemeente Argief)

Doornkloof Familiekerk was vanaf die strategiese beplanning van 2012 'n verhoudingsgerigte gemeente met die slagspreuk: *Waar geloof deur liefde tot dade oorgaan*. Die Kerkraad het strategies leiding gegge aan die gemeente en spanne funksioneer rondom die fokusareas Geloofsgroei, Familiesorg, Gesig-na-die-wêreld en Bestuursteun. Diverse eredienste word aangebied en 'n lewenskragtige kinderbediening word bedryf. 'n Voedingskema en gemeenskapsentrum word op die kerkerrein bedryf. Buite die gemeentegrense word 'n weeklikse bediening onder vroue in die gevangenes, 'n uitreik in Pretoria-Wes en sendelinge in Mosambiek, Namibië en Jemen aktief ondersteun. Die omgewing verander by die dag en daar is talle nuwe uitdagings en geleenthede. Doornkloof gaan die toekoms gelowig en met waagmoed tegemoet. (Gemeente-argief)

5.3.2 Doornkloof Familiekerk: Statistiese gegewens (2016)

Totale lidmate: 2848 (dit sluit dooplidmate in)

Mans getroud: 634

Mans ongetroud: 217

Mans geskei: 24

Vrouens getroud: 680
 Vrouens ongetroud: 173
 Vrouens geskei: 59
 Dooplidmate: 694

Maandelikse gemeentelike inkomste van lidmate se bydraes: gemiddelde inkomste van R220 000 (waarvan 155 lidmate R93 300 per debietorder bydra).

Drie fondsinsamelings per jaar:
 Tiendemaand (Oktober)
 Genadediens (Mei)
 Basaar (Apri)

Finansiële werklikheid vir 2016/17: die jaar se inkomste was R4010 902,00. Dit word bereken daar baie lidmate op ons boeke is, maar wat maar nie aktiewe, bydraende, lidmate is nie. 155 Lidmate dra R93 300 by en 799 lidmate R126 700 by.

Uitgawes 2016/17: R 4335 650,16
 Tekort op begroting 2016/17: R324 748,16

5.3.3 Wie word deur Doornkloof Familiekerk bedien?

Doornkloof Familiekerk bedien die volgende groepe:

Ons eie lidmate – tradisioneel, gesinne en jongmense
 Bedien Engelstaliges in die gemeenskap
 Plaaslike gemeenskap
 Werkloses/straatmense
 Sendelinge in verskillende lande

Predikante, kerkraadslede asook gemeentelede word by die bedieninge betrek. Die predikante tree as spanleiers op:

BEDIENINGE – ds Nelis Lindeque

Span	Amp	Van	Naam
Leier	Leraar	LINDEQUE	Nelis
Gevangenisbediening	Leraar	Venter	Andre
Huishulpbediening	Oudl	Burger	Karin
Senior Lidmate-bediening	Leraar	Venter	Andre
Naastes in Noodbediening	Diak	Scherman	Mariana
Eredienste	Leraar	Lindeque	Nelis
Voedingsbediening	Oudl	Venter	Maryke

Geleentheidsdienste	Oudl	Venter	Denise
Befondsing	Oudl	Lotz	Louis
Administrasie	Oudl	Marcus	Danita
Personeel	Oudl	Sutherland	Daleen
Kommunikasie	Oudl	Botha	Elizabeth
Mediabediening	Oudl	Beer	Theuns
Skole op kerkterrein	Oudl	Smith	Joan
Sosiale Mediabediening	Oudl	Meyer	Hendrien
Batebestuur		Keller	Lanie

BEDIENINGE – ds Emile Rademeyer

Span	Amp	Van	Naam
Leier	Leraar	RADEMEYER	Emile
Vrouebediening	Oudl	Venter	Denise
Nuwe Lidmatebediening		Burger	Johan
Groeigroepbediening		VAKANT	
Plaaslike evangelisasie- bediening		VAKANT	
Wêreldevangelisasie bediening		VAKANT	
Engelstalige bediening	Leraar	Greyling	Anandi

BEDIENINGE – ds Chris Swart

Span	Amp	Van	Naam
Leier	Leraar	Swart	Chris
Mannebediening	Oudl	Van Tonder	Francois
Lering- en Kategese bediening	Oudl	Nagel	Kobus
Senior Jeugbediening	Oudl	Nagel	Kobus
Junior Jeugbediening	Oudl	Smith	Joan
Gebedsbediening		Van Engelenhoven	Mari

5.4 Beoordeling van die bedieninge (“Reflexivity”)

Van tyd tot tyd moet die verskillende bedieninge geëvalueer word.

Reflexivity	Do we reflect on our actions, learn from our experiences, and grow in maturity or wholeness?
-------------	--

	Are we being transformed by the encounters?
--	---

Gedurende Doornkloof Fameliekerk se jaarbeplanning September 2015 is die onderstaande deur 'n strategiese sessie gelei deur ds Emile Rademeyer geidentifiseer:

Wat die Doornkloof Fameliekerk baie goed?

- Naastes in nood
- Nuwe lidmaatbediening
- Feesvieringe
- Orkes (*band*) en voorsanggroepe
- Naaldwerkklasse
- Mediabediening

Wat doen Doornkloof Fameliekerk wat uniek is?

- Akkommodeer almal
- Baie unieke vreemdelingbediening bv 'n "straat-oom" wat in die "Leefdiens band" sing
- Echo-huis
- Voedingskemas op kerkterrein en by Lyttelton Biblioteek
- Opvoedkundige dienste: Knikkie Kleuterskool, Club 21 'n skool vir Down-sindroom kinders, en 'n naskoolsentrum vir leerders van Laerskool Doringkloof en Laerskool Louis Leipoldt.

Doornkloof Fameliekerk se waardes wat prakties uitgeleef word.

- Onselfsugtig – selfloos
- Liefde
- Om God te erken as Koning
- Opregtheid
- Geestelike vervulling
- Woordgebaseer – suiwer
- Tegemoetkomend
- Deernis
- Gehoorsaamheid
- Ondersteunend
- Toegewydheid
- Gasvry

5.5 Spiritualiteit ("Spirituality")

Vervolgens moet die spiritualiteit en die waardesisteme, asook die motiverings en visie wat binne die gemeent geld, in ag geneem wprd.

Spirituality	What are the underlying spiritualities of our group? How do our inner motivations, religious visions and worldview
--------------	--

	guide our actions in relation to the community?
--	---

5.5.1. Armour en Browning-analise

Binne 'n sisteem soos Doornkloof Familiekerk is daar altyd 'n dominante denksisteem wat oorheers, terwyl daar ander denksisteme is wat nie geakkommodeer kan word nie.

Ons dominante sisteem is die een waarop ons steun om sleutelkwessies te hanteer. Volgens van der Merwe (2013: 4) bied Armour en Browning (2006) se werk *Systems sensitive leadership* oor verskillende denksisteme 'n verdere lens wat die postiewe benutting van diversiteit in die lewe van die kerk op unieke wyse belig.

Die vraag van Armour en Browning (van der Merwe 2013: 4) in terme van agt verskillende denksisteme wat in hulle werk bespreek word, is:

- Wat bepaal my eiewaarde?
- Wat is my doel, indien enige? Waarom is ek hier?
- Wat is my rol in die gemeenskap?
- Wat is my verhouding met die natuur?
- Watter beginsels moet my lei by die neem van deurslaggewende besluite?
- Wat het ek nodig van diegene om my?

Die Armour en Browning-analise beoordeel 'n sisteem aan die hand van bo genoemde vrae. Volgens van der Merwe (2013: 4) is die betroubaarste manier om 'n gemeente se dominante denksisteem vas te stel is deur middel van eerlike evaluering. Die dominante sisteem is die een waartoe instinktief geneig word onder omstandighede van matige stres, veral wanneer waardes en eiewaarde bedreig word.

So mag daar sulke sterk oortuigings ten gunste van die gelykheid van alle mense wees dat 'n persoon hom of haarself evalueer as Sisteem Ses-dominant. Indien die eerste reaksie onder druk egter is om eie persoonlikheid en/of prerogatiwe te beskerm is die waarheid egter dat Sisteem Vyf die dominante sisteem is. (van der Merwe 2013: 4)

Doornkloof Familiekerk val in Sisteem 5 van Armour en Browning. Sisteem 5 het in die dertiende en veertiende eeu sterk na vore gekom. Daar het 'n strewe ontstaan na vryheid, openheid, diversiteit, kreatiwiteit, beweging en effektiwiteit. Een van Doornkloof Familiekerk se waardes is dat enige iets wat die moeite werd is om gedoen te word, deeglik en professioneel gedoen moet word. Die bestuursisteme en aanbiddingstyle word nie op grond van historisiteit gehandhaaf nie, maar op grond van effektiwiteit.

Naas effektiwiteit speel diversiteit in Doornkloof Familiekerk 'n belangrike rol. Almal is gelyk en het regte. Daarom is daar nie 'n posisie van leierleraar in die gemeente nie. Die klem word nie geplaas op die leer van die kerk nie, maar op die lewe. Mense wat by Doornkloof Familiekerk inskakel, streef nie na godsdiens wat bloot

aangehang word omdat dit tradisioneel is nie. Hulle luister na preke en raak betrokke by Bybelstudies as dit na vorm en inhoud vir hulle relevant is met betrekking tot hulle lewe van elke dag. Die godsdiens van sisteem 5 se mense toon baie sterk individualistiese tendense en daarom verkies hulle in baie gevalle klein huisgemeentes of groot mega-kerke waar die individu in die massa verdwyn. In ons geval is daar is 'n beduidende beweging vanaf 'n groot mega-kerk soos die nabygeleë *Kerksondermure* na Doornkloof Familiekerk omdat daar meer persoonlike aandag en kleiner groepe is.

5.5.2 Watter waardes is teenwoordig?

Gedurende 'n beplanningsaweek wat die kerkraad gehou het in September 2015 is die volgende genoem as die waardes/kultuur van die gemeente:

Suiwer Woordverkondiging
Akkommodeer verskillende spiritualiteite
Ruimte vir almal
Nie eintlik snobs nie
Gasvry
Ervaar die Here se teenwoordigheid
Reik uit en voel welkom
Maak nie saak waar jy op jou geloofsreis is nie, jy is welkom
Besige, intellektuele mense
Erken ons is nie volmaak nie
Familiiegerig
Kinders geniet dit
Nuwe lidmate word goed ingeskakel
Diverse musiekbediening
Vriendelike atmosfeer
Multi-kultureel
Aktiwiteite bied iets vir almal
Toegang tot en benutting van tegnologie
Sien ons konteks raak

5.5.3 Godsbeeld: Wie is God vir Doornkloof Familiekerk?

By dieselfde beplanningsvergadering het die kerkraad besin oor wie God is vir Doornkloof Familiekerk. Die volgende is deur kerkraad identifiseer:

God is ons Skepper en Verlosser
God is liefde
God is geduldig
Hy is ewig
God wil hê dat ALMAL gereed moet wees
God is op pad
Hy is almagtig
Ons is kinders van God
Besonderse mense
Sonder vrees
Heilig

God se Gees is in ons
Geliefde deur God
God openbaar Homself
God gee ons sy Heilige Gees

5.5.4 Mensbeeld: Wie is mense van Doornkloof Familiekerk?

Aan God toegewy
As ons liefhet, is ons 'n kind van God
Verwag die wederkoms en kan dit bespoedig
Onvoorwaardelike liefde
Almal is vir God kosbaar (die moeite werd)
God se Gees in ons werksaam om God se liefde uit te dra.
Ons moet 'n spieëlbeeld van die Here wees
Geduld met die wêreld
Die onsigbare God word vir die wêreld sigbaar (liefde)

5.6 Besigheidprofiel van huidige drie leraars van Doornkloof Familiekerk: StrengthsFinder-Gallup

Een van die redes waarom gemeentes sukkel om hulle volle potensiaal te bereik, is die tradisionele denkfout dat sukses meer bereikbaar is as ons ons swakhede verbeter. Die gevolg van hierdie verkeerde manier van dink is dat daar soveel tyd, selfs jare, gemors word aan beplanning waar ons onself wil verbeter in bedieninge waarin ons eenvoudig net nie goed genoeg is nie wat ons ook nie geniet om te doen nie. Hierdeur verloor ons al meer bedienge en lidmate omdat ons nalaat om eerder meer tyd te spandeer om ons natuurlike sterkpunte en talente te ontwikkel. Enige predikant en ander leier se uniekheid en potensiële effektiwiteit lê in ons natuurlike sterkpunte en talente. Die sleutel tot sukses is nie om jou swakhede te probeer verbeter nie, maar eerder om uit te vind wat mense se natuurlike sterkpunte is en om daarop voort te bou.

"A Strengths Based Leadership approach" (<https://www.strengthstest.com>) identifiseer drie belangrike sleutels om 'n meer effektiewe leier te word: eerstens, leer jou eie sterkpunte ken en begin in ander se sterkpunte te belê; tweedens, kry mense met die regte sterkpunte op jou span; derdens, verstaan en bou die basiese behoeftes van al die mense wat na jou opkyk vir leierskap.

Die "StrengthsFinder" kan gemeentes help met die ontwikkeling van die interpersoonlike dinamika tussen leraars en ander leiers, asook hulpverlening t o v individuele groei en ontwikkeling. Dit help gemeentes om sterkpunte aan te wend wat reeds deel is van hulle DNA, hulle kultuur en hulle werknemers.

Teen die einde van 2015 het ds Freddie Schoeman die dominees by 'n StrengthsFinder-kursus betrek, om hul onderskeie sterkpunte vas te stel. Die resultaat was soos volg:

In volgorde van hoogste/sterkste

Ds Nelis Lindeque

Strategic
Achiever
Competition
Learner
Deliberative

Ds Emile Rademeyer

Adaptability
Ideation
Intellection
Learner
Developer

Ds Chris Swart

Ideation
Empathy
Strategic
Positivity
Adaptability

Opsomming van sterkunte reeds in die leraarspan teenwoordig:

Achiever®

People strong in the Achiever theme have a great deal of stamina and work hard. They take great satisfaction from being busy and productive.

Adaptability®

People strong in the Adaptability theme prefer to “go with the flow.” They tend to be “now” people who take things as they come and discover the future one day at a time.

Competition®

People strong in the Competition theme measure their progress against the performance of others. They strive to win first place and revel in contests.

Deliberative®

People strong in the Deliberative theme are best described by the serious care they take in making decisions or choices. They anticipate the obstacles.

Developer®

People strong in the Developer theme recognize and cultivate the potential in others. They spot the signs of each small improvement and derive satisfaction from these improvements.

Ideation®

People strong in the Ideation theme are fascinated by ideas. They are able to find connections between seemingly disparate phenomena.

Intellection®

People strong in the Intellection theme are characterized by their intellectual activity. They are introspective and appreciate intellectual discussions.

Learner®

People strong in the Learner theme have a great desire to learn and want to continuously improve. In particular, the process of learning, rather than the outcome, excites them.

Positivity®

People strong in the Positivity theme have an enthusiasm that is contagious. They are upbeat and can get others excited about what they are going to do.

Strategic™

People strong in the Strategic theme create alternative ways to proceed. Faced with any given scenario, they can quickly spot the relevant patterns and issues.

(<https://www.strengthstest.com/strengths-finder-themes>)

5.7 Die konteks waarbinne die gemeente werk ("Contextual understanding")

Contextual understanding	What is going on around us? What is good or bad about our community? What are the problems we need to address?	How do they understand their community? What do they see as good and bad around them? What are the problems that they seek to address?
--------------------------	---	--

Om 'n duidelike prent van die konteks waarbinne die gemeente opereer te kry, moet aan die makro-konteks sowel as aan die meso- en mikro-kontekste aandag gegee word.

5.7.1. Die makro-konteks: die wêreld waarin ons woon en werk

Die makro-konteks verwys na die globale gemeenskap waarvan ons almal deel is (Hendriks, 2004:77).

Die perfekte storm

In 2007 het Leonard Sweet se opsienbarende boek, getiteld *The Perfect Storm* verskyn. Volgens die boek bevind die kerk in Suid-Afrika haar in 'n perfekte storm: 'n Kategorie 5-storm.

Niemand sluit daarby aan in "Nuwe drome vir nuwe werklikhede" en skryf dat drie storms die mensdom, en daarom ook die kerk, op een slag getref het, nl:

1. *Post-modernisme*. Die naam wat gegee word aan die nuwe tydvak waarin die ganse wêreld nou leef. Kortliks beteken post-modernisme dat mense vandag glo dat daar nie klaar gepraat is oor alles nie. Daar kan nie finale

antwoorde gegee word nie en daar is nie vaste waarhede nie. Alles word bevraagteken, ook elke instituut en alles wat daarmee verband hou. In die Post-modernisme word geglo dat waarheid in verhoudinge gevind word en daarom is die bou van verhoudinge van groot belang (Niemand 2007:10).

2. *Post-Christelikheid.* Al meer Westerse gemeenskappe bevind hulle in die nuwe tydvak, 'n era waarin die Konstantynse Christendom verby is en waar die Christelike godsdiens sy vanselfsprekende invloed verloor het. Dis reeds gedeeltelik behandel in die vorige hoofstuk (Niemand 2007:10).
3. *Globalisering.* Die hele wêreld het een gemeenskap geword. Dit kan meebring dat skynbaar onverwante gebeure mense uit die bloute kan tref en die hele gemeenskapslewe beïnvloed word, sonder dat mense 'n duit van 'n verskil daaraan kan maak (Niemand 2007:10).

Die impak van die tyd waarin ons leef gaan niemand vryspring nie en ook nie Doornkloof Familiekerk nie. Joubert skryf: “Kerke gaan wegwaai, mense gaan verdrink terwyl kerkleiers met hulle gewone sake voortgaan; irrelevansie gaan selfs nog langer skadu's oor sterwende gemeentes gooi. Kerklike noodplanne wat in vorige krisisse gebruik is, sal dié keer nie werk nie” (Joubert 2007:8). Die tradisionele Afrikaner-manier waarop die Doornkloof Familiekerk oorleef het, gaan haar nie binne die huidige omstandighede deur die drif trek nie.

Joubert (2007: 9) gee die volgende definisie van die kultuurskok waarmee ons te make het: 'n Kultuurskok tref jou wanneer jy nie meer behoorlik sin kan maak van nuwe ervarings, gebeure, instellings, gebruike, mense en opvattinge waaraan jy voortdurend blootgestel word nie. Wanneer die verstaansraamwerke waarmee jy grootgeword en wat gerieflike antwoorde op al die groot lewensvrae gebied het, skielik nie meer voldoende verklarings bied vir dít wat jy elke dag beleef nie....dan word die lewe onverstaanbaar, onseker, onstabiel.

En ons leef in 'n baie onstabiele tyd! Die droogte het die ekonomie en kospryse op sy kop gedraai. Kompetisie is meedoënloos. Veral gebeure rondom rasse- konflikte is toenemend in die media. As gevolg van die invloed van die tegnologie en die sosiale media het die hele karakter van ons menswees verander. Selfs op die mees afgeleë plek op aarde het jy via die internet toegang tot inligting wat oral op aarde beskikbaar is. Mense se kennis van wat moontlik is, is aan die verbreed. Niemand leef meer in 'n kokon nie. Hoe kleiner die wêreld word, hoe gevaarliker word die wêreld. Leonard Sweet benadruk in *The Perfect Storm*: “Daarom is dit noodsaaklik dat die kerk, namate die wêreld platter word, hom op die voorpunt daarvan moet posisioneer.” As die kerk dit nie gaan doen nie, gaan dit die einde van die kerk beteken (aangehaal in Joubert 2007:31).

Demografiese faktore

Om die konteks waarbinne die kerk in Suid-Afrika optree te verstaan, moet die vinnig-veranderende demografie in ons land in aanmerking geneem word.

Dat daar groot veranderinge wat die bevolkingsamestelling in Suid-Afrika betref aan die kom is, is duidelik. Die bekende demograaf, Flip Smit, bereken dat die blanke bevolking teen 2020 'n skamele 3% van die bevolking gaan uitmaak (Smit 2015).

Smit (2015) wys daarop dat die Franse filosoof, Auguste Comte, reeds eeue gelede gesê het dat demografie noodlotsbepalend is. Getalle is die essensie van die demokrasie waar een mens een stem beteken. Oorlog en vrede begin en eindig met mense. Smit (2015) sê dat bevolkingsgetalle, die proporsies van die totaal, die groei of vermindering en migrasie die suurstof is van die politiek. Dit loop soos 'n goue draad deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis.


Hy sê verder: In Suid-Afrika onderlê getalle die retoriek van transformasie tot omvorming van alle samelewingstrukture. Die demografie van die land moet in die werk- en speelplek weerspieël word. Op universiteitsvlak eis swart studente nie net *getalle*-verteenvoording op alle vlakke van universiteite nie, maar dat die *kultuur* van die swart meerderheid aanvaar moet word. (Smit 2015)

Smit sê die getallespel kom van ver af in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die eerste sensus is in 1657 in die Kaap onderneem. Die tel van mense volgens rasgroepe in Suid-Afrika het die langste geskiedenis in Afrika. Reeds in 1657 is die eerste "sensus" in die Kaap onderneem. Teen 1827 is mense as wit mense, vry swart mense en as slawe getel. In 1904, met die eerste landwye sensus, is wit, swart, bruin en Asiese mense apart getel. "Die getalle-oorwig van die inheemse bevolkings het die koloniale owerhede en die koloniste bekommer. Vrees vir verswelging en kultuurverskille het tot skeiding en segregasie gelei" (Smit 2015). Segregasiemaatreëls is deur die apartheidregering van die Nasionale Party geïnstitutionaliseer en verskillende rasgroepe het in verskillende ruimtes gewoon.


Die realiteit dat die wit bevolking 'n al hoe kleiner proporsie teenoor veral die swart bevolking uitmaak, het waarskynlik 'n belangrike bydrae gelewer tot die politieke kwantumsprong van 2 Februarie 1990. (Smit 2015)

Smit illustreer die situasie soos volg:
(www.netwerk24.com)


1 Bevolkingsamestelling 2015



2 Proporsionele aandeel van die wit bevolking 1970-2030



3 Ouderdomsgroepe as persentasie van volksgroepe (2015 - Middeljaarraming)



Figuur 1 toon dat die totale bevolking tans 54 miljoen tel, waarvan swart mense 44,2 miljoen (80,5%), bruin mense 4,8 miljoen (8,8%), wit mense 4,5 miljoen (8,3%) en Asiërs 1,3 miljoen (2,5%) van die totaal uitmaak. Die klem val hier net op die wit en swart bevolking.

Figuur 2 toon dat die proporsie van wit mense van 17% in 1970 tot 8,3% in 2015 afgeneem het, en teen 2030 net 3% sal uitmaak.

Figuur 3 weerspieël die verskillende groeitempo's en lewensverwagtings van wit en swart mense in van ouderdomsgroepe .

Volgens Smit (2015) neem die Suid-Afrikaanse bevolking vinnig teen 1,3% per jaar toe. Jaarliks word 1,2 miljoen babas gebore, terwyl 530 000 mense sterf – 'n toename van 670 000. Hiertoe moet 'n netto wins van 160 000 immigrante gevoeg word. Dit beteken 800 000 meer mense per jaar.

Politieke onstabiliteit in Suid- en Suider-Afrika het veroorsaak dat vrugbaarheid by wit vrouens teen die laat 1970's tot onder die vervangingsvlak van gemiddeld 2,1 kinders per vrou gedaal het. Die aanwas is gedemp, maar het eers ná 2005 in absolute getalle begin afneem. Smit (2015) noem dat die sosioloog prof. Lawrence Schlemmer raam 750 000 Afrikaanstalige wit mense tussen 1990 en 2010 uit die land is. Volgens Statistieke SA verlaat gemiddeld 24 000 wit mense tans jaarliks die land en waarskynlik is daar jaarliks 18 000 meer sterftes as geboortes by wit mense wat dus 'n afname van 40 000 per jaar beteken in die wit bevolking. Wit mense onder die ouderdom van 24 jaar het tussen 1990 en 2014 met 0,6% per jaar verminder.

Volgens Flip Smit se projeksie vir die tydperk 2012 tot 2050 verminder die wit bevolking met 0,7% of 30 000 per jaar. Die syfer is konserwatief, want vooraf is aangetoon dat die afname ongeveer 40 000 per jaar is. Bevolkingsprojeksies is aan baie veranderlikes onderhewig, maar dui tendense en ordegroottes aan. Teen 'n vermindering van 0,7% per jaar, sal die wit bevolking teen 2030 slegs 4 miljoen tel en teen 2050 ongeveer 3,4 miljoen.

Die wit bevolking word in absolute en relatiewe proporsies 'n al hoe kleiner minderheid. Dit veroorsaak kommer en moedeloosheid by baie mense. Nog beter prestasie, handhawing van eie identiteit en goeie menseverhoudinge kan egter onmisbaarheid versterk.

5.7.2.Die meso-konteks: Doringkloof binne die Centurion-gemeenskap

Die meso-konteks, wat in hierdie onder afdeling bespreek word, verwys na groepe, groeperings, organisasies, institusies, hospitale, skole en politieke partye wat werksaam is in die onmiddellike omgewing van die gemeente (Hendriks, 2004: 77).

Die woonbuurt, Doringkloof, is een van die meer gevestigde woonbuurte in Centurion met pragtige tuine en groot bome. Die woonbuurt bestaan uit ongeveer 1,100 huise en 270 komplekse. Die woonbuurt is baie populêr omdat dit sentraal geleë is tussen Pretoria en Johannesburg en op die Botha-afrit van die N1 is. Verder is dit baie naby aan Centurion Mall met 200 winkels. Die woonbuurt het ook sy eie winkelsentrum, die Doringkloof Mall.

Daar is verskeie soorte eiendom in die woonbuurt. Dit sluit in huise, meenthuise, duet-huise, woonstelle en sekuriteit-landgoedere. Die eienaars van eiendomme in Doringkloof is uiters stabiel. 78% besit hulle eiendomme al langer as 5 jaar. Die voorstad word begrens deur Limpopolaan aan die Noorde-kant (Lyttelton), Alexandra weg taan die Suidekant, Bothalaan (M18) aan die Ooste- en Leonistraat aan die Westekant (Die Hoewes).

As gevolg van die feit dat Doringkloof een van die ouer voorstede in Centurion is, het die meeste van die eiendomme groot goed gevestigde boomryke tuine. Mense verkies Doringkloof vir sy gerieflike plasing, die verskeidenheid wonings, rustige omgewing en die feit dat daar baie min boubedrywighede in die gebied voorkom. Doringkloof spog met 'n ervare en baie suksesvolle Buurtwagstelsel.

Winkelsentrums in die onmiddellike omgewing sluit in die Centurion Mall, Doringkloof Mall, Lyttelton Centre, Southdown's Mall, Eco Park Mall en die Centurion Crescent Centre. 'n Blok van die gemeentekompleks is Supersport Park, tuiste van die Titans-krieketspan. Sportfasiliteite in Doringkloof sluit in pilates, rolbal en tennis, terwyl die naburige voorstede van Lyttelton, Irene en Hoewes nog ander sportfasiliteite bied.

Doringkloof is in die nabyheid van 'n hele aantal skole insluitend Southdown's College, Doringkloof Primary, Centurion Hoërskool, Lyttelton Manor High, Laerskool Fleur, Cornwall Hill College, Laerskool Louis Leipolt, Zwartkop Hoërskool, Hennospark Laerskool en Lyttelton Primary. Daar is ook agt kleuterskole en crèches in Doringkloof.

As 'n meer gevestigde voorstad het Doringkloof 'n totaal van nege parke en openbare plekke, waarvan baie aan die spruit wat deur die middel van Doringkloof loop, geleë is. Die naaste Poskantoor is die Postnet in die Doringkloof Mall asook die Lyttelton poskantoor in Cradocklaan. Die naaste biblioteek is in Cantonmentsweg in Lyttelton. Die volgende Gastehuse is in Doringkloof geleë: Doringkloof Gastehuis, Habitat Gastehuis en Acacia Lodge.

Kerke in die gebied sluit in die NG Kerk, Jacobs Well Jeugbediening en die Sewende Dag Adventiste Kerk. Die omliggende gebiede van Irene en Lyttelton het al die gewone kerke insluitend Baptiste, Anglikaanse, Katolieke, Presbiteriaanse en Metodiste-kerke. Die Unitas-hospitaal is sowat 5 km van Doringkloof, en die Highveld Mediese Sentrum ongeveer 4km.

Die Gautrain-stasie in Weststraat in Centurion is binne 4 km van Doringkloof. Dit maak dit baie maklik vir inwoners van die gemeenskap om by die trein uit te kom. Daar is 'n Gautrain busdiens wat deur Doringkloof loop. Doringkloof bied ook maklike toegang vanaf Bothalaan tot die N1-snelweg en N14-snelweg na Krugersdorp, vir pendelaars per motor reis na Pretoria, Midrand, Kemptonpark, Johannesburg en Krugersdorp, of na die OR Tambo Internasionale Lughawe en die Lanseria Lughawe. Die naaste polisiekantoor is die Lyttelton-polisiekantoor geleë in Basdenstraat, Lyttelton.

5.7.3 Mikro-konteks van Doringkloof: die onmiddellike omgewing

Die mikro-konteks is die ruimte waar die invloede van alle vlakke, veral dié van ander mense en gebeure in die onmiddellike omgewing van die gemeente ter sprake kom (Hendriks, 2004:77).

Een van die vinnig veranderende faktore wat in die woonbuurt Doringkloof, maar ook die hele Centurion tref, waarby die tradisionele “wit” inwoners van die buurt geen invloed het nie, is die feit dat die wit bevolking vir die eerste keer in 2005 in absolute getalle begin afneem het. Wat Flip Smit oor die demografiese veranderinge in die hele Suid-Afrika bevind het (sien hierbo) het, geld ook van die Doornkloof-gemeenskap. Vinnige verstedeliking – veral swart verstedeliking - is aan die orde van die dag – en dit raak ook die gemeente Doornkloof. Jong mense van alle rassegroepe kom soek werk en woonplek in stede, en ook by ons. Die gemiddelde ouderdom van 'n woongebied soos Doringkloof in Centurion word jonger. Hierdie en ander faktore laat die gemeentelid worstel met die vraag of die gemeente in haar huidige vorm sal kan voortbestaan (Hendriks, 2004:86).

Die kulturele of lewensbeskoulike wêreld van die gemeente

Vir 'n verstaan van Doornkloof Familiakerk se konteks is dit van uiterste belang dat naas demografiese data, die kultuur van die gemeenskap waar ons leef ook in ag geneem word. Mense herken hulleself deur onderskeid te maak tussen groepe, subkulture, klasse en gemeenskappe op grond van ras, taal, herkoms, geloof, beroep, ouderdom en geslag. Die optrede van individue word sterk beïnvloed deur die kultuur waaruit die persoon afkomstig is. Gebruike, gewoontes, waardes en praktyke word oorgedra van geslag tot geslag. Die verskillende maniere van dinge

doen tussen die blankes en die swartes is wêreld uitmekaar en die andersheid is geen aanduiding van minderwaardigheid nie (Hendriks 2004: 91).

Vir Doornkloof Familiekerk om missionaal in haar konteks te funksioneer en nie te fokus op sekondêre sake nie, beteken dat die gemeente ook multikultureel kerk sal wees. Dit is egter 'n baie moeilike pad vol struikelblokke. Alan Hirsch (2006:56-58) noem dat veral taal en ras van die noemenswaardige kulturele struikelblokke is wanneer die evangelie betekenisvol gekommunikeer moet word. As missionale gemeente sal Doornkloof Familiekerk sensitief moet wees vir die groeperinge en subkulture wat bestaan in die woonbuurt. Dit gebeur te maklik dat 'n gemeente in haar bediening haarself in lyn bring met 'n bepaalde kultuur of subkultuur. Om in verskillende kulturele wêreld en sosiale klasse kerk te wees, is 'n groot uitdaging vir die teologie en die bediening. Taal speel 'n deurslaggewende rol wanneer 'n gemeente haarself voorberei vir die bediening aan mense van 'n bepaalde kultuur of subkultuur (Hendriks, 2004:92). Die gemeente het al ver gevorder in hierdie pad. Doornkloof Familiekerk het 'n Engelstalige bediening wat alle rassegroepe bedien. Die meeste hiervan is Zambiers asook blanke Engelstaliges, plus 'n aantal straatbewonders wat erediens bywoon met die hoop op 'n meevallertjie. Die Engelstalige bediening bestaan uit 'n omgegroepe in Olifantsfontein, 'n vrouegebedsgroep Donderdagaande by ons Doornkloof Familiekerk-gemeentekompleks en 'n Engelse erediens Sondagoggende in kerkgebou. Daar is 'n proponent wat hierdie bediening lei. Die hoop is dat hierdie bediening teen einde 2017 so kan groei dat sy voltyds beroep kan word.

5.8 Organisasie ekologie: 'n Roetekaart vir die toekoms

Organisatoriese ekologie is die manier hoe dinge werk en hoe 'n mens iets gedoen kan kry in die groter wêreld rondom die gemeente. Hendriks (2004:70) verduidelik dat "ekologie" te make het met die interafhanklike manier waarop die gemeente reageer met ander organisasies, die gemeenskap, kulture en ook ander kerke en gemeentes (Hendriks, 2004: 94).

Ecclesial scrutiny	What have churches/religions been doing in this situation? How does that affect our present encounter(s) in the community?
--------------------	---

Elke gemeente is deel van 'n breër gemeenskap en kultuur. Die Doornkloof Familiekerk se voortbestaan lê juis in haar missionale betrokkenheid, en die gemeenskap is die terrein waar haar getuieis en diens gelewer moet word. In die hantering van hierdie uitdagings moet die kerk erken dat sy nie die enigste rolspeler is nie. Daar moet hande gevat word met ten minste die regering, die besigheidsektor en die publieke sektor. Die publieke sektor se rolspelers word ook na verwys as "Nie-regeringsorganisasies" (NRO). Die NRO met wie Doornkloof Familiekerk hande vat, is die Christelike Maatskaplike Raad (CMR).

Gedurende die Ring van Lyttelton se Ringskonferensie (gehou 29 tot 30 Julie 2016) is daar besluit dat ons as ring 'n nuwe strategie nodig het om gesamentlik die sosio-maatskaplike nood in die groter Centurion-gebied aan te spreek en te help verlig.

Hoewel daar reeds in die Centurion area heelwat strategieë en programme in plek is op gemeente- en gemeenskapsvlak, bly die nood van mense (weens 'n verskeidenheid van faktore) 'n groot bekommernis. By die ringskonferensie is 'n taakspan aangewys om 'n voorstel te formuleer oor hoe so 'n hulpverleningsprogram gestalte kan kry. Indien goedgekeur deur die ring, sal hierdie voorstel 'n roetekaart wees vir die span wat aangewys word om die strategie deur te voer.

Die mandaat van die taakspan, by die eerste vergadering, was om breedweg 'n roetekaart voor te stel vir die Ring. Die roetekaart lyk as volg:

8.1. Die samestelling van 'n Navorsingskomitee.

Hierdie komitee moet heel eerste aandag gee aan die volgende: 'n beskrywing van die sosio-maatskaplike nood vir die Centurion area. Navorsing oor die aard, wese, en stand van hierdie sosio-maatskaplike nood in ons area moet gedoen word: hoeveel mense, watter tipe nood, ensovoorts, om die werklike behoefte te bepaal. Navorsing oor die plaaslike regering se doelwitte in sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, ook nodig.

In die lig van die Demokratiese Alliansie wat graag plaaslik 'n verskil wil maak na die onlangse plaaslike verkiesing, en die bereidwilligheid van die plaaslike regering om sekere basiese dienste uit te kontrakteer aan eksterne rolspelers, veral *Public Benefit Organizations* maak hierdie 'n baie belangrike stuk navorsing. Dit kan ook hierdie taakspan help om sy eie doelwitte met die van die plaaslike regering te belyn, ten einde samewerking en moontlik befondsing te vergemaklik.

8.2. Die samestelling van 'n Komitee vir Publieke Verhoudings.

Hierdie komitee se prioriteite is as volg bepaal: Maak kontak met plaaslike gemeentes, belangegroepes, en alle *Public Benefit Organizations* om navraag te doen oor maniere, programme en besonderhede van hoe hulle reeds aandag gee aan hierdie gedefiniëerde nood. Maak kontak met die plaaslike regering om die bevindinge van die groep in (1) te bespreek, ten einde toekomstige samewerking en moontlik befondsing te bevorder. Bepaal 'n formele strategie om die besigheidsektor te nader vir vennootskappe in hierdie noodverligtingsinisiatief vir beide befondsing en mannekrag. Nooi alle rolspelers na 'n gemeenskaps-indaba, om die bevindinge van die navorsing en moontlike samewerking te bespreek.

8.3. Gemeenskapsindaba.

Die doel van hierdie indaba kan as volg beskryf word: Om kollektiewe verantwoordelikheid te neem vir die strategie soos deur die taakspan ontwikkel. Om 'n liggaam aan te wys wat hierdie strategie sal uitvoer, en sal bestuur. Die liggaam moet nie deur die ring of een van die gemeentes aangestel word nie, maar deur die gemeenskap. Geloofsgebaseerde organisasies is die invloedrykste nie-regeringsorganisasie en kan die meeste vertrou word in Afrika. Vir volhoubaarheid moet hulle egter ook saamwerk met die ander sektore om 'n holistiese program te

volg wat die uitdagings van die gemeenskap die hoof sal bied. Ekumeniese organisasies en broederkringe kan 'n groot rol speel om netwerke te vorm wat al die sektore sal bevoordeel (Hendriks, 2004:95).

5.9 Slot

Die doel van hierdie hoofstuk was om vas te stel wie Doornkloof Famaliekkerk werklik is en hoe die gemeente reeds in haar gemeenskap integreer is. Die hoofstuk was nodig om die navorser te help om met behulp van 'n teoretiese verwysingsraamwerk dat die gemeente Doornkloof nog nie in alle opsigte 'n missionale gemeente is nie. 'n Paar dinge is duidelik: Die gemeente het nog nie 'n oorgangsverskuiwing vanaf 'n institusionele model van die kerk na 'n missionale model van kerkwees gemaak nie. Die navorser ontken nie die legitimiteit van bestaande maniere van kerkwees van die gemeente nie, maar waarsku wel dat 'n institusionele benadering tot kerkwees oneffektief en gedateer is. Die kerkgebou is sentraal en bepaal die ervaring van kerk. Leierskap vind plaas deur die gemeente se goedgekeurde korps van voltydse professionele leraars, met min gewone lidmate wat betrek word. Die gebruik van die sakramente is geïnstitusioneel en funksioneer net deur amptelike kerklike kanale. 'n Aanstrekkingsmodel wat mense na die kerk trek, is nog aan die orde van die dag.

HOOFSTUK 6: ‘n Missionale strategie in die Doringkloof gemeenskap.

6.1 Inleiding

The classical doctrine on the Missio Dei as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another ‘movement: Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world’
(Bosch 1991: 390).

In hierdie hoofstuk gaan daar ‘n voorlopige missionale inkarnasiemodel vir Nederduitse Gereformeerde Gemeentes in voorstedelike gemeenskappe voorgestel word. “Straatgeloof” en apostoliese leierskap gaan bespreek word met spesiale verwysing na die apostoliese leierskap van Paulus. ‘n Missionale leier word as ‘n as vloeibare leier voorstel, veral om by die bespreking van die chaos-teorie in Hoofstuk 4 aan te sluit.

6.2 Leierskap

Die term ‘leierskap’ is vreemd aan die kerk, hoewel Romeine 12:8 tog daarna verwys: “As ons leiding gee, dan met toewyding”. Leiding gee, is een van die gawes waarmee die Heilige Gees gelowiges toerus vir die voortgang en welsyn van die geloofsgemeenskap. As missionêre gemeente moet die onderskeid tussen ampsdraer en lidmaat in Doornkloof Familiekerk kleiner word en behoort lidmate ‘n groter rol in die gemeente te speel. Lidmate behoort ook leiding te neem. Waar die amp nog op die voorgrond is, behoort ampsdraers oor basiese leierskapsvaardighede te beskik.

Soos die Christendom afneem, bring die doelbewuste bemagtiging van die volk van God nuwe moontlikhede vir deelnemende leierskap. Hierdie model van leierskap verstaan dat die identiteit van die kerk gevind word in die Drie-Enige God se missie. Missionale leiers maak nie staat op hulle titels vir outoriteit nie en funksioneer deur leierskapspanne waar geestelike gawes beklemtoon word.

Missionale leierskap verstaan hoe om ‘n innoverende geestelike gawe van leierskap te versorg, hoe om die missionale verbeelding van die lidmate te stimuleer. Die Heilige Gees gebruik sy relasionele invloed binne die Drie-teenheid sowel as binne die gemeente om die betrokkenheid van die hele volk van God te inspireer en toe te rus. Daarom leer missionêre leiers om die vryheid van die Heilige Gees te verstaan.

Missionale leiers rus die mense van God toe om die Bybel te interpreteer om hul konteks te verstaan, om te ervaar wat God in hul lewens aan die doen is en om sin te maak van hul daaglikse bestaan. Daarom moet missionale leiers moedig wees, toegerus met Bybelse en teologiese kennis, asook met die vermoë om die veranderende konteks te verstaan.

Missionale leierskap vra ‘n paradigmaskuif weg van die Christendom-konsep van leierskap wat op titels en posisie berus, en konsentreer eerder daarop om al God se

mense toe te rus vir hulle aandeel aan God se sending op aarde. Missionale leierskap is transformerend omdat dit verandering bring en in afhanklikheid van die Heilige Gees werk. Die fokus begin by die innerlike transformasie van die leier. Dit lei tot die vrylating van die innoverende geestelike geskenk/gawe van leierskap aan al die gelowiges, wat getransformeer word tot God se medewerkers in die wêreld.

Aangesien die drie-Enige God die perfekte beliggaming van hoop en die oorsprong van missie is, roep Hy, en stel Hy sy mense in staat, om 'n gemeenskap van hoop te wees. Leierskap-in-gemeenskap word dan 'n natuurlike uitwerking van die voortgesette uitdrukking van ons deelname aan God se missie.

In 'n missionale gemeente gaan dit nie oor nuwe tegnieke of programme vir die kerk nie. In sy kern skep 'n missionale kerk 'n gemeenskap waar God die middelpunt van die gesprek en die fokus en werk van die mense is. Ek glo dit is hierdie verbeeldingskuif wat Doornkloof Familiekerk nodig het. Met 'n paar uitsonderings, soos in Hoofstuk 5 oor Doornkloof Familiekerk uitgewys is, het die leierskap in die gemeente in die verlede bestaan uit pastors wat die gemeentelike geestelik en emosioneel gelei het (herder-kudde-model). Daar is en was ook geestelike leiers wat 'n entrepreneurse leierskapstyl beoefen het. Hulle weet waar die gemeente moet gaan en het die visie, passie en strategie om dit daar te neem. Hierdie modelle van leierskap weerspieël beslis die historiese modelle vir Doornkloof Familiekerk. Maar ons het meer nodig: 'n gemeente waar die teenwoordigheid van God ervaar kan word in die kerk sowel as in die gemeenskap daarbuite. Dis 'n avontuurtog: Missionele leiers bestudeer die Skrif, ontdek nuwe plekke en eksperimenteer sodat God se lewendmakende toekoms in Jesus in die gemeenskap leef.

6.3 Nie meer hiërargiese leiers in Doornkloof Familiekerk nie.

Die nimmereindigende verhaal van die meeste kerkleiers is hoe om mense betrokke te kry by die formele georganiseerde godsdienstige aktiwiteite van die gemeente. Hierdie behoefte is egter gebaseer op 'n uitgediende begrip van kerkwees wat as 'n linieêre stelsel beskou word, waar daar masjienagtige aanpassings gemaak word om die nodige resultate te verseker. Kry net die nodige godsdienstige spesialiste en programme. Die nodige resultate is 'n gegewe.

In die huidige vloeibare wêreld weet kerkleiers dat dit hulle roeping is om die medereisigers in die gemeente te help om hulle eie lewenstekste op die papier van God se koninkryk te skryf met penne met die ink van Jesus. Hierdie leiers probeer nie uitkomst beperk en beheer nie. Hulle lei doelbewus volgelinge van Jesus om "biographical solutions of systemic contradictions" te word (Joubert 2014: 130). Met ander woorde, hulle help gelowiges persoonlik, maar hulle moedig ook hulle eie godsdienstige instelling aan om te verander sodat die doodloopstraat waarin tradisionele gemeentes, soos Doornkloof Familiekerk, hulle tans bevind effektief kan transformeer. Hulle blaas nuwe lewe in tradisionele vorme van godsdienstige aanbidding (soos aanbiddingsdienste of sakramente) om die familie van God saam in sinvolle ontmoetings te lei. Terselfdertyd herkallibreer godsdienstige leiers hulle eie ekklesiologie om by God se komende koninkryk in die gemeenskap aan te pas. Doeltreffende leiers is sensitief vir die uitdaging om hedendaagse "nie-linieêre" individue, wat enigiets van "alleen saam" tot "individueel verbode" of altyd "ongelukkig" of "gelukkig" is, op 'n nuwe wyse in te skakel in die gemeente, om deel

te word van 'n geloofsgemeenskap wat verhouding-georieënteerd en missionêr is. "This is part of the fluid "leadership dance", or the ability to understand that currently it is about both individuality and the group, about speeding up and slowing down, and solidity and fluidity" (Joubert 2014: 130). Die mees vloeibare leiers beweeg soepel tussen die verskillende leierskapstyle, soos die situasie dit nodig maak. Sulke leiers pas nie meganies aan met 'n kontrolelynsies vir elke gebeurtenis nie - hulle is baie meer vloeibaar. Hulle is uiters sensitief vir die impak wat hulle op ander het en pas naatloos hulle styl aan om die beste resultate te kry.

6.4 Verandering van 'n Institusionele gemeente na 'n missionaal gerigte model van kerkwees

In die apartheidsera in Suid-Afrika moes almal lid van die kerk wees – en glo soos hulle geleer is. Om van die kerk te verskil of vir 'n ruk nie kerk by te woon nie het slegte konsekwensies vir lidmate gehad. Christelike oortuigings en institusionele kerkbywoning is deur kultuur bepaal. Christelike oortuigings was bekend en bemiddel deur kulturele simbole. Die Christendom se weergawe van die Christendom was kultureel en konvensioneel. Mense was lede van denominasies omdat hulle aan 'n spesifieke familie behoort het of in 'n sekere buurt gewoon het. Daar is vandag nog van hierdie "lidmate" wat in naam aan die kerk behoort maar vir wie die kerk en die Christelike geloof in hul daaglikse lewe bitter min te sê het.

In Hoofstuk 1 is beskryf hoe, deur die jare, die gemiddelde lidmaat van die NG Kerk middelklas, afrikaans en gereformeerd. Die Christendom het alles bepaal, vanaf die kerk en staat, tot selfs alle sosiale strukture. Die algemene kultuur van die tyd was 'n Christelike kultuur. Die historiese ontwikkeling van Suid-Afrika het daarvoor gesorg dat baie NG-lidmate nog nooit werklik met die realiteit gekonfronteer is dat mense van alle gemeenskappe, "ons" en "hulle", deel uitmaak van God se volk op aarde nie.

Maar die dominansie van die geïnstitusioneerde NG Kerk in Suid-Afrika is finaal verby. Om 'n weg te vind deur 'n ontluikende missionale landskap vereis dat baie aspekte van ons verstaan van wat dit beteken om in ons tyd kerk te wees, sal moet verander (Niemandt 2007: 9). Maar dit hoef nie vir die kerk 'n bedreiging te wees nie.

Die NG Kerk beleef vandag 'n groot oorgangsverskuiwing vanaf 'n institusionele kerkmodel na 'n missionale kerkmodel. Hirsch ontken nie die legitimiteit van bestaande kerke nie, maar waarsku dat 'n institusionele benadering tot kerkwees oneffektief en gedateer is (Hirsch 2006: 65). Alan Hirsch (2006: 64) beskryf die ontluikende kerk as 'n missionaal ontluikende beweging of kerk.

Hy vergelyk 'n missionale kerk met 'n tradisionele kerk:

TABEL 1: Onderskeid tussen institusionele en nie-institusionele kerkwees volgens A. Hirsch.

Mode	Christendom mode (313 AD till current)	Emerging-missional mode (Past 10 years)
Locus of gathering	Buildings become central to the notion, and experience, of church.	Rejects the concern and need for dedicated 'church' buildings.
Leadership ethos	Leadership by institutionally ordained clergy, thus creating a professional guild operating primarily in a pastor-teacher mode.	Leadership embraces a pioneering-innovative mode including a fivefold ministry-leadership ethos. Non-institutional by preference.
Organisational structure	Institutional-hierarchical and top-down notion of leadership and structure.	Grassroots, decentralised, movements.
Sacramental mode (Means of grace)	Increasing institutionalisation of grace through sacraments experienced only 'in church'.	Redeems, resacramentalises, and ritualises new symbols and events, including the meal.
Position in society	Church is perceived as central to society and surrounding culture.	Church is once again on the fringes of society and culture.
Missional-mode	Attractional ('extractional' in missional settings....)	Missional; incarnational-sending; the church re-embraces a missional stance in relation to culture.

Source: Hirsch, A., 2006, *The forgotten ways: Reactivating the missional church*, Brazos, Grand Rapids, MI

Die benadering tot kerkwees en kerkbegrip stem in baie opsigte ooreen met kerkwees in die tyd van die Nuwe Testament.

Die volgende skema is 'n opsomming van die basiese verskille tussen 3 modelle van kerkwees naamlik: die apostoliese en post-apostoliese model, die Christendom-model en die ontluikende, missionêre model van kerkwees. Daar is verstommende ooreenkomste tussen die apostoliese en post-apostoliese model van kerkwees en 'n ontluikende missionêre model van kerkwees. Hierdie tabel word met dank ontleen uit: *Nuwe drome vir nuwe werklikhede – Geloofeienskappe in pas met 'n postmoderne wêreld* van Nelus Niemandt (2007: 153).

	Apostoliese en post-apostoliese model	Christenheid	Ontluikend, missionêre model
Samekomste	Geen 'heilige' geboue	Gebou sentraal en bepaal ervaring van kerk	Verwerp die fokus op geboue as heilige plekke van aanbidding
Leierskap	Efesiërs 4 se vyfledige verstaan: apostel, profeet, evangelis, herder en leraar	Leierskap deur die institusie se goedgekeurde korps wat voltydse professionele leraarskep teenoor gewone lidmate	Leierskap deur innovasie wat leer by die vyf ledige verstaan van Efesiërs 4: apostel, profeet, evangelis, herder en leraar
Organisasie/strukture	Grondvlak, gedentraliseerd,	Hiërargies en van bo na onder leierskap en struktuur	Grondvlak, gedentraliseerd en 'n beweging

	selle en 'n beweging		
Sakramentele modus	Gemeenskap gevier deur sakramentele maaltyd, almal kon doop	Sakramente geïnstusionaliseer en net deur amptelike kerklike kanale	Soek na nuwe simbole en ritualiseer dit – insluitende maaltye
Plek in samelewing	Kerk: grens van samelewing en heersende kultuur	Kerk: middelpunt van die samelewing	Kerk: weer op die grens van samelewing en heersende kultuur
Missionêre uitkyk	Gestuurde kerk: kerk gerig op die samelewing	Aanstrekkingsmodel: die die kerk trek mense na die kerk	Kerk ontdek weer sy gestuurde benadering tot die samelewing

Die Algemene Sinode an die NG Kerk vra nuwe vrae oor die plek en funksie van die kerk in die wêreld, en veral oor die plek en funksie van die plaaslike kerk in die konteks van sy spesifieke plaaslike gemeenskap. Daar is 'n groeiende begrip dat die kerk (bestaande uit die mense van God) 'n evangelieboodskap moet leef wat nie net oor persoonlike verlossing vir individue gaan nie, maar ook om verlossing vir gemeenskappe, stede, nasies, sosiale stelsels, die aarde en die hele skepping! Die afbreek van hindernisse en skeidingsmure ter wille van billikheid, geregtigheid en versoening, word vereis. Die volheid van hierdie oproep tot missie begin op plaaslike vlak en dring deur na die hele land en wêreldwyd, terwyl die evangelieboodskap as holisties gesien word. Op gemeentevlak is daar ernstige besinning aan die gang oor die wese en aard van gemeentes. In die NG Kerk is daar 'n groeiende getal gemeentes wat hulleself beskryf as missionale gemeentes. Die kerkverband is besig om met nuwe moed en oortuiging aan te meld en om in die lig van God se werk in die wêreld (*missio Dei*) en die kerk se missionale taak (*missio ecclesiae*) haar verantwoordelikheid raak te sien en na te kom (Sinode 2013: 2).

Getrou aan ons Gereformeerde identiteit (*ecclesia reformata, semper reformanda*), staan die reformatoriese kerke wêreldwyd voor die uitdaging om aan te pas by 'n veranderende konteks. Ons ekklesiologie en missiologie is gevorm in die smeltkroes van 'n Christelike samelewing tydens 'n era waarin kerke die middelpunt van gemeenskappe was en baie invloed gehad het in 'n tyd toe die meeste mense hulself as Christene beskryf het. Die kerk funksioneer tans egter in 'n post-Christelike samelewing waar sy relatief min invloed het en waar Christene tussen nie-Christene leef. Dit alles vra dat daar van nuuts af op 'n nuwe manier oor die kerk se missiologie en ekklesiologie nagedink moet word.

(Alg. Sinode 2013: 2)

Doornkloof Familiekerk het 'n unieke geleentheid, om saam met NG Kerkfamilie in sy geheel op 'n skeppende en kreatiewe wyse te reageer op groeiende insigte ten opsigte van die wese van die kerk. Dit verg 'n proses van gehoorsame luister en onderskeiding van die wil van God vir ons tyd en vir die Doornkloof Familiekerk en die gemeenskap waarbinne dit gewortel is.

Die gemeente moet op die dubbele vraag reageer: Waar werk God? En, hoe kan ons aansluit by sy werk in die wêreld? Die kerk word dan deel van 'n gemeenskap, 'n kruisgemeenskap, wat volgens ander reëls funksioneer en ander prioriteite het. Doornkloof Familiekerk moet geken word aan haar lidmate se gasvryheid en liefde wat buitestaanders in die gemeenskap uitnooi om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Inkarnasie beteken nie dat die spanning tussen kerk en wêreld opgehef word nie, eerder dat dit 'n produktiewe of kreatiewe spanning is.

Die verskuiwing van tradisionele na missionale kerkwees gaan onder meer oor:

- 'n Verskuiwing van die dominee as die belangrikste persoon in die gemeente na die lidmate as die belangrikste;
- 'n Verskuiwing van die bediening van lidmate deur die dominees en kerkraad na 'n bediening deur die lidmate aan die wêreld;
- 'n Verskuiwing van die klem op woorde na die klem op woorde én dade;
- 'n Verskuiwing van die kerk as instelling na die kerk as 'n beweging;
- 'n Verskuiwing van die kerkgebou na daar waar mense elke dag lewe;
- 'n Verskuiwing van die instandhouding van strukture na uitreik na die nood van die wêreld toe.

Die veranderende landskap van Centurion, veral binne Doornkloof Familiekerk se grense bied 'n geleentheid vir vars denke en nuwe vorme van aksie. Weg is die dae toe Suid-Afrika as 'n "Christelike land" gesien is en waar die NG Kerk "sending" hoofsaaklik verstaan as die verkondiging van die evangelie aan heidenlande op onbereikte vastelande. In veranderende tye ontdek ons dat sending nie hoofsaaklik 'n menslike onderneming is nie, maar 'n beweging wat voortspruit uit die liefde van God. Binne hierdie verstaan word mense vir *wie* en *wat* hulle regtig is, ernstig geneem. Die kerk word as deel van die gemeenskap beskou – maar dan as 'n kruisgemeenskap wat volgens "ander reëls" funksioneer en "ander prioriteite" het.

Doornkloof Familiekerk moet geken word aan haar lidmate se gasvryheid en liefde wat buitestaanders uitnooi om deel van die gemeenskap van gelowiges te word. Watter "reëls" of geloofspraktyke is nodig om van Doornkloof Familiekerk 'n missionale kerk tye maak? Niemandt sonder nege uit:

- Identifiseer met die lewe van Jesus Christus en die koninkryk van God
- Transformeer die sekulêre lewe
- Beklemtoon kerklike gemeenskap
- Openheid teenoor vreemdelinge
- Diensbaarheid sonder bymotiewe
- Deelname deur gemeentede
- Kreatiwiteit
- Leierskap deur netwerke
- Antieke geloofswaarhede in 'n byderwetse kleeed

(Niemandt 2007:61e.v.):

Tipies dien die pastorale rol in 'n Christendom-model van kerkwees een of albei van die volgende doelwitte:

- Leierskap en administrasie met die doel om die kerk te onderhou.
- Bestuur van hulpbronne om die kerk die beste te vestig as 'n mark vir goedere en dienste.

Hierdie studie suggereer nie dat die Christendom-model nie goddelike, Christus-gesentreerde mans en vroue as leraars in die kerk bevestig het met die opregte begeerte om God en die wêreld te dien nie. Dit sê veral ook nie dat God nie in en deur sy kerk in die Christendom-era aktief was nie. Inteendeel, die probleem is eerder dat ons self die kerk menslik gestruktureer het, met 'n institusionele ingesteldheid en leiers binne daardie struktuur geplaas om die struktuur stand te hou. Missionele denke fokus die liggaam van Christus (kerk) op die *missio Dei* eerder as die Christendom se besorgdheid oor die kerk se institusionele instandhouding.

Die verwagting word dikwels aan leraars gestel om Christus-gesentreerde individue te wees terwyl hulle ook nog vir 'n verbruikersmentaliteit binne hulle gemeente moet voorsien. In die praktyk is 'verbruikers' en 'missie' egter 'n oksimoron. As die kerk in sy aard missionaal is, moet die rol van die leier ook vloeibaar wees om missionaal te funksioneer. Te veel predikante in missionale gemeentes is vandag op die randjie van uitbranding aangesien die verwagtinge wat op hulle geplaas word nog altyd Christendom-georiënteërd bly.

6.5 Apostoliese leierskap

Hierdie studie het in Hoofstuk 5 aangetoon wat dit beteken om deel van die gemeenskap van Doringkloof te wees, waar mense saam werk, saam dien, saam bid en bly. In Hoofstuk 3 is die belangrikheid van inkarnasie beklemtoon.

Die oplossing vir Doornkloof Familiekerk se vrae oor hoe om deel te neem aan God se *missio Dei* in die gemeenskap, is 'n kritiese, konstruktiewe dialoog of korrelasie tussen die gemeente se verstaan van die realiteite van die globale en plaaslike konteks van die gemeente en die geloofsbronne tot die gemeentelêde se beskikking. Dit is die mees prominente eienskap van apostoliese leierskap. Onderskeiding is die kuns om tye en tekens te lees. Dit is die grootste uitdaging wat geestelike leiers in die gesig staar in 'n gemeenskap waar kontekste en grense voortdurend verander. Die gemeente word geroep om die werk van die lewegewende Gees wat in die wêreld gestuur is, te onderskei en om met die Heilige Gees saam te werk om God se geregtigheid te bewerkstellig (Handelinge 1: 6-8). Wanneer die Heilige Gees se teenwoordigheid onderskei is, moet daarop reageer word. Die moontlikheid bestaan hier dat God se Gees Doornkloof Familiekerk verby grense gaan lei wat hulle gaan verras.

In Hoofstuk 4 is daarop gewys dat 'n sintese van eienskappe van missionêre leierskap, eienskappe is wat voortspruit uit die kompleksiteit-leierskapsteorie, tesame met leierskapswaardes. Dit is wat nodig is vir die vorming van 'n missionêre ingesteldheid.

Een van die belangrikste aspekte wat nodig is vir die oorgang van die Christendom-model van kerkwees af na 'n missionêre model van kerk is 'n verskuiwing van organisatoriese leierskap na apostoliese leierskap. Dit is onwaarskynlik dat 'n gemeente wat probeer oorleef as 'n "institusionele model van die kerk" na 'n

"missionale model van die kerk" kan beweeg sonder sterk apostoliese leiers. Dit neem nie vir die kerk lank om sy missionale identiteit te verloor nie. Bosch (1991:50) wys daarop dat die vroeë kerk reeds teen die einde van die eerste eeu gesukkel het met die uitleef van haar missionale identiteit, want die kerk het haar fokus verloor en begin om haarself te definieër as *ons* (kerk) teenoor *hulle* (konteks). Die vroeë kerk het opgehou om 'n beweging te wees en begin het om te institusionaliseer.

Die navorsing maak dit duidelik dat dat apostoliese leierskap die sleutel is tot die ontwikkeling van Doornkloof Familiekerk van 'n struktuurgebonde gemeente tot 'n ware missionale gemeente, oop vir die wêreld, en volhoubaar word binne die konteks van die 21ste eeu. Hierdie nuwe soort leierskap moet enige betekenisvolle oorgang na 'n missionale kerk voorafgaan. Apostels, soos Paulus op sy sendingreise, brei die evangelie uit. As die "gestuurdes" verseker hulle dat die geloof van een konteks na 'n ander en van een geslag na die volgende oorgedra word. Hulle dink altyd aan die toekoms, oorbrug hindernisse, vestig die kerk in nuwe kontekste, ontwikkel leiers en vorm netwerke.

Daar het oor die jare 'n leierskapvakuüm in die NG Kerk ontwikkel. Die tradisionele verstaan van leierskap was dié van 'n leraar wat soos 'n herder omsien na 'n spesifieke groep mense. In die missionale verstaan van gemeentewees is elke lidmaat egter veronderstel om 'n herder te wees.

Stephan Joubert (2014: 130) sê "fluid leaders" ken die verskil tussen om die kaptein te wees van 'n oneffektiewe kerk-skip wat veilig êrens in 'n rustige hawe geanker is, en 'n kaptein van 'n skip op die oop water van God se koninkryk. Leiers op die oop see van God se koninkryk is kwesbaar, want hulle weet dat die toekoms van hulle bediening of gemeente onseker is. Hulle kan voortdurend hergroepeer, verander, aanpas, op hul voete dink en onsekerhede hanteer. Hulle sien grense as semi-deurlaatbare membrane, om mense in staat te stel om in en uit te beweeg sonder om ooit self bedreig te voel.

Nog 'n kenmerk van "vloeibare" leierskap is die volgende: Vloeibare leiers is nie "lone rangers" nie (Joubert 2014: 130); Hulle vorm deel van verhoudingsgedrewe spanne wat bestaan uit passievolle, bekwame mense wat weet hoe om die lewende water te laat vloei op unieke, maar koninkrykgerigte maniere! Hulle plaas nie al hul hoop op strategieë, formele programme of kerklike mikro-bestuur nie, omdat hulle weet dat beplanning nie noodwendig meer orde en stabiliteit sal verseker of die regte soort verandering sal bewerkstellig nie. Vloeibare leiers is meer begaan oor mense se karakterontwikkeling as om resultate en sukses te meet. Leierskap in vandag se komplekse organisasies het meer te doen met *wees* as *doen*.

Paulus se bediening is vir ons 'n voorbeeld van 'n merkwaardige dienskneg van die Here. In die eerste hoofstukke van Handeling groei die kerk vinnig. In Handeling 2:41 lees ons "Dié wat sy [Petrus] se woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg." As ons egter na die tweede gedeelte in Handeling blaai, wil dit voorkom of Paulus se bediening minder van 'n sukses storie was. Paulus kry baie teenkanting, maar as jy dieper lees kom jy agter: Hier gebeur iets meer. Daar is aanduidings dat selfs die goed wat in die gemeente skeefloop, ingewerk word in 'n groter plan wat die Here

het. Die waarheid is dat die chaos en die probleme en die onsekerheid deel van die storie van die kerk in Handeling - en ook vandag - is.

Bosch (1991: 177) sê vir Paulus was lyding nie net iets wat passief verduur moes word as gevolg van die aanvalle en opposisie van die magte van hierdie wêreld nie, maar ook, en miskien hoofsaaklik, as 'n uitdrukking van die kerk se aktiewe betrokkenheid by die wêreld ter wille van die wêreld se verlossing. "Suffering is therefore a mode of missionary involvement" (Bosch (1991: 177). Niemand moes dit vir Paulus verder moeilik gemaak het nie, want hy dra al klaar die "littekens van Jesus aan sy liggaam, wat hy as dienaar van Christus verkry het" (Gal 6:17).

Ons maak soms die fout om te dink dat die chaos en probleme moet verbygaan voordat ons met ons bediening kan begin. In werklikheid is dit eerder ons netjiese strategieë, afgeronde planne en keurig uitgewerkte visies wat 'n belemmering vir ons bediening veroorsaak. Dit is juis ons behoefte aan orde en beheer wat maak dat ons die boodskap van die evangelie reduceer en ons verhinder om by die *missio Dei* aan te sluit (Hoofstuk 2). "The classical doctrine of the *Missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement: Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world" (Bosch 1991: 390).

Dit is belangrik vir die ontwikkeling van 'n apostoliese kerkmodel dat die gegewens in Hoofstuk 5, wat handel oor die vestiging van Doornkloof Familiakerk binne die konteks van Doringkloof gemeenskap, in ag geneem moet word. Die navorser vermoed dat ons dalk 'n paar deurmekaar en onseker jare in Suid-Afrika en die gemeente voor ons het. Die dominante wêreldbeskouing van die gemeente is steeds nog dié van 'n Newtoniaanse wêreldbeeld. Die kern van hierdie paradigma is dat die wêreld 'n goed geoliede masjien is, dat die heelal vaste voorspelbare wette gehoorsaam. Oorsaak en gevolg is eenvoudig duidelik en lineêr. Dus, as ek X doen, sal Y volg, dit wil sê, as jy 'n bal skop, sal dit van jou af wegrol. Daar is sekere maniere om dinge te doen, en sodoende sal voorspelbare resultate volg (Hoofstuk 4). Maar die praktyk lyk anders. Die evangelie moet gedurig op nuwe maniere geïnkarneer word.

Persoonlike geloof in Jesus Christus wat gekruisig is en opgestaan het as Verlosser van die wêreld, is die kern van Paulus se kosmiese begrip van missie. Om Christus wat gekruisig is te verkondig, kan vir die Jode 'n aanstoot wees en vir die ander onsin, "maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God" (1 Kor 1:23, vgl Bosch 1991: 178).

6.6 Chaos-teorie en Paulus se organisatoriese leierskapstyl

Hierdie navorsing maak staat op die gebruik van die chaos-teorie. Een van die positiewe nuwe-effekte van die navorsing oor lewende sisteme is dat die sisteme onvoorspelbaar optree en nie na aanleiding van oorsaak en gevolg-gebeure nie. 'n Kerklike leier moet met 'n komplekse en steeds veranderende wêreld rekening hou. Wanneer die leierskap deur 'n lens kyk wat die kerk as lewende organisme beskou, word nuwe prosesse ontsluit wat tot effektiewer leierskap en bestuur lei. Die kerk se bestuursmetafoor kan nie aan 'n meganiese perspektief ontleen word nie, maar

eerder die perspektief van 'n lewende organisme wat die vermoë openbaar om te herorganiseer.

6.6.1 Wat behels die chaos-teorie?

Hoofstuk 4 beskryf die chaos-teorie. Dié chaos-teorie staan ook bekend as die kompleksiteitsteorie. Die chaos-teorie benadruk dat eenvoudige stelsels komplekse gedrag kan openbaar. Die kompleksiteitsteorie benadruk op sy beurt dat komplekse sisteme eenvoudige 'opkomende' gedrag kan openbaar. Hierdie studie definieer chaos as die aperiodyke, onvoorspelbare gedrag van veranderlikes in 'n bepaalde sisteem wat sensitief is vir veranderinge van turbulente vloei. Kompleksiteit verwys daarna dat daar in 'n bepaalde sisteem meer moontlikhede bestaan as wat oënskynlik moontlik geag is. Die "chaos" aspek van die chaos-teorie is nie sinoniem met verwarring, wanorde en pandemonium nie. "Chaos" beskryf eerder 'n komplekse, onvoorspelbare en ordelike wanorde waarin gedragspatrone ontvou in onreëlmatige maar soortgelyke vorme.

Ons leef 'n nuwe era wat hierdie studie "chaordic" noem (Hoofstuk 4) omrede die nuwe era ongelooflik kompleks en chaoties sal wees, maar andersyds ook samehorigheid en samewerking sal vereis (orde). Teenstrydighede soos mededinging en samewerking, moet naatloos gemeng word. Hierdie leierskap word ook informele leierskap genoem. Dit beteken organisasies het die kapasiteit om leierskap te skep soos elke situasie dit van tyd tot tyd mag benodig.

6.6.2 Paulus se missionale spanwerk

Leierskap sal in die chaotiese era tussen persone versprei word. Die ou idee van leiers as superior wesens bo-aan die leer, met al die ander, ondergeskik, aan die onderpunt, is aan die verbygaan. Almal sal gesamenlik volg en lei. Dit is nodig dat leiers hulle fokus verskuif van 'n bevelende en beherende benadering na 'n deelnemende benadering. Chaos-teorie suggereer dat daar slegs drie of vier eenvoudige reëls gevolg moet word as jy 'n groep mense aan die beweeg wil bring. Laat dit verder aan die groep oor. Hulle sal spontaan self-organiseer tot iets kompleks en onverwags maar dit sal terselfde tyd realisties wees (Hoofstuk 4).

Een van die belangrikste leierseienskappe van Paulus was dat hy in spanverband gewerk het en van verskeie medewerkers gebruik gemaak het. Hierdie mans en vroue was nie slegs Paulus se assistente of ondergeskiktes nie. Hulle was werklik sy kollegas. Deur sy medewerkers te omhels, het Paulus die hele kerk omhels en deel gemaak van sy misionêre bediening (Bosch 1991: 131).

Dit was vir Paulus die wese van die kerk, dat almal deel uitmaak van die een liggaam, die liggaam van Christus. Die hele gemeente werk as een span saam. Dis wat 'n apostoliese leier gedurig moet benadruk, soos Paulus dit in 1 Korintiërs:12-27 verwoord het: Die kerk is 'n liggaam wat uit baie dele bestaan, waar elkeen sy eie funksie het. Die liggaam kan net groei en oorleef as elke liggaamsdeel sy funksie vervul. Geen leier, hoe sterk hy/sy ookal kan wees, kan die alleen vir die groei sorg nie (Hoofstuk 4).

6.6.3 Paulus se benadering tot plaaslike leierskap

Paulus se benadering tot plaaslike leierskap word in Hoofstuk 4 volledig omskryf. Hier word slegs die kenmerke van sy “chaordiese leierskap” aangedui. In kerklike terme is chaordiese leierskap ‘n terugkeer na die wortels van ons tradisie soos dit uitgedruk word in die briewe wat Paulus aan die Christelike gemeenskappe gestuur het wat hy gestig het.

Kenmerke van “chaordiese” leierskap:

1. Daar word toegelaat dat leierskap spontaan uit die plaaslike christelike gemeenskap ontwikkel. Hierdie leiers moet deur die gemeente gerespekteer word.
2. Daar word nie nie een enkele, eenvoudige reël neergelê oor hoe om op alle situasies te reageer nie. Daar word eerder ‘n beginsel aangebied waarbinne daar reageer kan word.
3. Chaordiese leiers in die kerk volg die leiding van die Heilige Gees en leer die gemeenskap waarin hy of sy dien die waardes van diens en liefde. Eerder om voorskrifte vir gedrag daar te stel, hou Paulus vol dat die christelike gemeenskap sal floreer deur die Gees te volg en mekaar te dien en lief te hê.
4. Chaordiese leiers leef volgens eenvoudige reëls. In Hoofstuk 4 is daarop gegwys dat daar binne chaos spontane self-organisasie plaasvind wanneer ‘n groep mense in aan die beweeg kom. Hierdie self-organisasie ontwikkel in iets kompleks en onverwags. Paulus begin so ‘n proses binne die gemeenskappe wat hy bedien. Die paar eenvoudige reëls wat Paulus neerlê is maklik: wees lief vir mekaar, dien mekaar en luister na die Heilige Gees.
5. Die primêre verantwoordelikheid van ‘n “chaordiese” leier is om hom/haarself te bestuur: sy/haar eie karakter, integriteit, kennis, wysheid, temperament en dade.
6. ‘n Leier se primêre verantwoordelikheid is om self die beginsels wat die kultuur en gedrag van die organisasie moet vorm, te beliggaam. Dis wat ons by Paulus kry. Hy praat van sy eie vermoë van selfbeheersing en van die regte besluite te neem. Gelei deur die Heilige Gees verval hy nie in sonde nie. Hy dring daarop aan dat sy voorbeeld gevolg moet word. In 1 Korintiërs 4:16 vra hy: “Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld!”
7. Chaordiese leiers is leiers wat vir ander se idees en insette oop is en mense sien en aanvaar vir wie hulle is.
8. Chaordiese leiers is leiers wat gelei en bestuur word deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die onsigbare veld wat die optrede van gelowiges vorm waarin verhoudings spontaan ontwikkel.

Die kerk moet vloeibaar wees en haarself voordurend herdefinieer ten opsigte van die konteks. In hierdie self-organisering sal elke plaaslike Christelike gemeente getrou wees aan die Heilige Gees en die voorbeeld van Paulus se leierskap. Dieselfde geld van die leiers wat nooit los van die konteks, van die soisiale verhoudings in die gemeente, moet optree nie.

Apostoliese leierskap erken en akkommodeer diversiteit deur toe te laat dat dit onder leiding van die Heilige Gees self-herorganiseer. Hierdie diversiteit skep die geleentheid om onafhanklik en veerkragtig aan te pas en dit maak die moontlikheid vir geleentheid vir groei soveel groter.

In die vasstel van 'n apostoliese leierskapsmodel is dit ook belangrik om te onthou dat Paulus sy gesag gegrond het op 'walking the talk' en nie in eksplisiete mondelinge aansprake op apostoliese outoriteit nie. Sy leierskap is verhoudingsgerig en mimeties, nie outoritêr of streng hiërargies nie. Wanneer die hart van die evangelie op die spel is, is 'n goeie voorbeeld (en 'n swak liggaam!) meer as duisend woorde werd. Paulus verpersoonlik 'n nuwe vorm van apostoliese outoriteit. Paulus het vir die mense om hom die evangelie geword.

6.7 Om die evangelie te word

Paulus het die gemeenskappe wat hy bedien het geleer om nie net die evangelie te glo nie, maar om die evangelie te *word*, en sodoende deel te neem aan die sending van God. Deur die evangelie te glo en die evangelie te word, neem Paulus deel aan die transformasie van die wêreld. Aangesien Paulus by God aansluit, sluit hy aan by God se missie in die wêreld.

Wat is God se missie in die wêreld? Vir Paulus is die antwoord duidelik: Redding vir die wêreld! Paulus skaam hom nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo. Volgens Paulus veronderstel redding deelname. Die beslissende faktor in hierdie deelname is dat die kerk as 'n eksegese van die evangelie leef (Gorman 2015: 43).

Die onderskeid tussen die wese van die kerk (ekklesiologie) en om missionêr te wees moet opgehef word. Ons missie is 'n natuurlike en noodsaaklike gevolg van ons verlossing. Paulus trek gelowiges in om deel te neem aan God se missie in die wêreld deur Jesus Christus. Dit lei op sy beurt tot gelowiges wat nie net die evangelie glo nie, maar wat ook die evangelie word. Gelowiges word deur hulle gehoorsaamheid 'n lewende bewys van die verlossende werk van God. As die kerk die evangelie word deur ten volle deel te neem aan die lewe van God wat in Christus openbaar word, bied die kerk 'n gepaste en geloofwaardige getuienis vir die evangelie. Die kerk is 'n lewende wese, lewend gemaak deur God in Christus deur die Gees, en wat deelneem aan die lewe van God as die drie-enige God op 'n wêreld-transformerende missie.

Paulus het van sy gemeenskappe verwag om deel te neem aan die *missio Dei* deur hul koinonia, die taal van intieme liefde, hul innige meegevoel en meelewin, "een in liefde, een van hart, een in strewe" (Filippense 2:1).

Die drie 'identiteitsmerkers' in die hart van die Christelike lewe is geloof, liefde en hoop. Heiligheid is 'n soort deelname aan God wat op 'n radikaal nuwe en ander manier van deelname in die wêreld beteken. Deur Christus en deur die krag van die Gees maak die Vader ons in 'n gemeenskap van getrouheid, liefde en hoop. Dit is die spesifiek die Christelike getuienis wat van ons verwag word.

6.8 'n Inkarnasiemodel: Straatgeloof – 'n Doornkloof Familiekerk-Inisiatief

Die raamwerk dokument oor die missionale aard en wese van die NG Kerk wil drie dinge sê:

Eerstens dat die kerk gemeenskappe buite die kerk moet dien as hulle 'n kerk wil wees wat nie net na hulleself, hulle lewe en hulle gemeente lede wil omsien nie.

Tweedens, om 'n missionale kerk te wees sluit tradisionele sending en evangelisasie in, maar dit vra ook om by plaaslike gemeenskappe en brandpunte soos rassisme, arm mense te help, die maak van vrede, sosiale geregtigheid ens, ens, teenwoordig en betrokke te wees. In die verlede was sending daar ver weg, maar nou vra missionaliteit om die kerk se fokus te draai, in die eerste plek na die onmiddellike konteks en omgewing. Al die probleme van Suid-Afrika is ook ons as kerk, ons as plaaslike gemeente se probleem.

Derdens, om 'n missionale kerk te wees is nie net iets vir sendingorganisasies en die breë kerk nie, maar missionaal wees is primêr vir die plaaslike gemeente. Missionaal wees beteken dat daar aan elke gemeentelid verduidelik moet word wat en hoe hulle taak in die gemeenskap is waar God hulle geplaas/geroep het om te bly en te werk.

'n Gemeente-eie van Doornkloof Familiekerk is "Straatgeloof". In Doornkloof Familiekerk bestaan daar 'n aktiewe en passievolle evangelisasiehart, wat nie net uitdrukking vind in 'n uitgebreide ondersteuningsnetwerk vir sendelinge en hulle werk in ander lande nie, maar wat ook vir elke mens binne ons onmiddellike omgewing bereikbaar is.

Oor die loop van dertien weke is twee volledige EE-III-kursusse aangebied om lidmate toe te rus vir hul dienswerk. Meer as veertig lidmate het dit bygewoon. Met die huidige veranderinge t.o.v. sekuriteit in ons woonbuurte het dit al moeiliker geword om toegang te kry tot nie-lidmate se huise, wat groot frustrasie by kursusaanbieders en –gangers teweeg gebring het. Dit het ons genoodsaak om met 'n nuwe benadering te voorskyn te kom.

Ongeveer drie jaar gelede het die gemeente 'n keuse gemaak vir die huisgeloof-gedagte, wat gebore is en voortvloei uit die boek van Mark Holmen, getiteld *Kerk + Huis*. Hiervolgens is elke huis en sy bewoners deurslaggewend vir die aanleer en uitleef van die Christelike lewe en waardes, elke dag van die week. Sondae is maar een dag van die week waar gelowiges saamkom om in hulle geloofskennis en –groei gevoed te word, maar die ander ses dae van die week is almal saam aangewese op mekaar, en word geloofsvolwassenheid algaande bereik deur vir mekaar 'n voorbeeld te wees. Sondag se preek moet in die week uitgelééf word. Van die

hulpmiddels wat aan lidmate voorsien word, sluit huisgodsdienstriglyne met praktiese wenke, asook kleingroepmateriaal in.

Die impak van hierdie fokus het al meer duidelik geword en tydens die beplanningsgeleentheid van 2016 is daar, ná indringende gesprekke, voorgestel dat die huisgeloof-konsep dalk omskep kan word in iets soortgelyks vir die plaaslike evangelisasie-bediening. Die naam *Straatgeloof* het gevolg aangesien dit presies aandui dat die Christelike geloof, wat nou reeds van die kerk na die huis geneem is, by wyse van spreke, selfs verder geneem moet word - na die ander huise in jou straat, met besondere klem op jou onmiddellike bure.

Aan die begin van 2017 is die Straatgeloof-bediening afgeskop met 'n aanvanklike sterk fokus op die voorbereiding van die grond vir die saai van die blye boodskap. Die rasionaal hieragter was dat dit deurslaggewend belangrik is dat die boodskapper self die blye evangelieboodskap moet beliggaam, en dat eerste indrukke blywend is. Indien die boodskapper se eie lewe nie ooreenstem en self geïmpakteer is deur die boodskap wat hy/sy oordra nie, is die beste geleentheid om met oorgawe en entoesiasme oor Jesus te gesels, grootliks verlore.

Daarom is die eerste deel van die jaar aan twee vrae gewy: “Wie is ek?” en “Wie is my bure?” Inbegrepe in die eerste vraag is die proses om introspeksie te doen oor my lewe as Christen, m.a.w. wat ander mense, wat my glad nie ken nie, in my lewe en optrede raaksien. Die tweede vraag moes dien as katalisator om my noukeuriger te laat oplet wie my bure regtig is: hoe hulle huislike opset en gesinsamestelling lyk, waar hulle werk, wat hulle belangstelling en stokperdjies is, ens., om sodoende 'n indruk te kry van “hoe gelowig” hulle is. Die boek van die Barna-groep, *Churchless*, is dikwels gebruik om mettertyd 'n al hoe duideliker prentjie te probeer skets van kerklose mense.

Uitgawes van *Straatgeloof* word elke 4-6 weke versprei en tydens die eredienste toegelig. Daar word beklemtoon dat die uitgawes op mekaar volg. Teen die middel van 2017 het daar reeds vier uitgawes verskyn, wat ingedeel is onder 'n rooi verkeerslig, wat 'n geleentheid bied om eers stil te staan by die Bybel, daarna die twee vrae (soos hierbo genoem) met toepaslike opmerkings, en laaste 'n groen verkeerslig, wat dien as aanmoediging om iets prakties te gaan doen.

Die Straatgeloof-logo kommunikeer dat 'n hand van vriendskap uitgesteek wil en moet word, en juis daarom is dit van onskatbare belang om eers 'n oop en gemaklike verhouding met jou bure te vestig, alvorens daar na die evangelieverkondiging oorgegaan word. Die feit dat buurmanskap normaalweg 'n langdurige verhouding is, dra grootliks by tot hierdie oortuiging: Potensiële geleentheid vir gesels oor die evangelie kan verlore wees nog voordat dit begin het, indien mense verkeerdelik benader en gekonfronteer word oor hulle geestelike lewe en kerklike betrokkenheid en meelewendheid.

Met die vyfde uitgawe wat teen einde Julie 2017 verskyn het, is veronderstel dat 'n oop verhouding gevestig is met die bure, daarom die beeld van 'n voetganger oorgang tussen my en my bure.

Daarmee saam is ook 'n nuwe afdeling bekendgestel, nl. Padpredikant. Dit behels dat daar 'n logiese en sistematiese gang aan die meedeel van die blye boodskap aangaande Jesus Christus is, en in die volgende uitgawes sal elke punt in hierdie gesprek aangeraak word. Die eerste punt wat aandag geniet het, is dat die mens 'n sondaar is wat hom-/haarself nie kan red nie (vgl. Rom. 3:23) en verlossing nodig het. Vir hierdie gedagte om tot 'n kerklose of ongelowige deur te dring is dit weereens deurslaggewend of en hoe dit vir die boodskapper self waarde en betekenis het, dus is 'n houding van getuig eerder as preek belangrik.

In die proses waarmee ons besig is wil ons graag die gedagte tuisbring dat elke gelowige 'n verkondiger van die blye evangelieboodskap is, sélfs en veral ook in my eie buurt.



'n Doornkloof Famillekerk-inisiatief

12 Februarie tot 4 Maart 2017

'n Gemeenskap
waar liefde gesien
en hoop beleef word.



Terwyl ons by die **ROOILIG** wag, *vóórd*at ons wegspring, **OORDINK** ons **Efesiërs 5:15-16** – “Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. ¹⁶ Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. ¹⁷ Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.”



WIE IS EK?

- As my bure oor *mý*praat, wat sê hulle?
- Weet, vermoed of sou jou bure hulleself kon voorstel dat jy 'n Christen is? Hoekom (nie)?
- Wat aan my optrede kan / moet verander om in lyn te kom met my belydenis dat ek 'n Christen is?

WIE IS MY BURE?

- ▣ Neem die volgende 3 weke om 'n lys te begin opstel oor jou bure.
- ▣ Deur vriendelik belang te stel versamel soveel moontlike inligting as moontlik, soos bv. gesinsamestelling, name van elke gesinslid, ouderdom, beroep, skool, belangstellings, ens.
- ▣ Hierdie lys is nooit afgehandel nie, maar 'n langtermynprojek sonder einde. Hierdie lys help jou om vir jou bure te bid.



Die **GROEN LIG** is die aanduiding dat ek moet wegspring en iets gaan *doen*:

- Let fyn op hoe jy met jou bure omgaan en wat hulle van jou **HOOR** en **SIEN**.
- Kyk wat jy *VÍR* jou bure kan **DOEN**, soos bv. om hulle vullisdrom vir hulle voor hulle hek reg te sit nadat dromdienste dit leeggemaak het, “ekstra” pannekoek te maak en dit vir hulle te neem, ens.



'n Doornkloof Famaliekkerk-inisiatief

5 Maart tot 22 April 2017
Uitgawe 1:2

'n Gemeenskap
waar liefde gesien
en hoop beleef word.



Gedurende **LYDENSTYD**, die *aanloop tot*, en *in* die **PAASTYD** self, dink ons by die **ROOI LIG** na oor **Filippense 1:5-8** – “Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: ⁶ Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, ⁷ maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, ⁸ het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.”



WIE IS EK?

- Hoe bepaal en verander die Paasgebeure jou (optrede)?
- Wat maak jy / julle huisgesin gewoonlik tydens Paasnaweek?
- Wat beteken die “nuwe lewe”, wat aan ons geskenk is danksy die opstanding van Jesus (vgl. 1 Pet. 1:3), vir jou?

WIE IS MY BURE?

- ❑ Probeer in hierdie tyd uitvind of jou bure Christene is en of hulle aan ’n kerk behoort. Wanneer julle dalk gesels noem dit “terloops” dat ons gemeente op die Donderdagaand van Paasnaweek ’n Nagmaalsdiens hou, en vra dan wat hul gemeente se gebruik is.
- ❑ Watter stereotipes het jy oor ongelowiges / kerklosses? Maak ’n lys.
- ❑ Navorsing toon dat bykans 66% van kerklosses ’n positiewe siening het van geloofsaangeleenthede en dat baie van ons gewone stereotipes oor kerklosses ongeldig is.



Die **GROEN LIG-aksie** vir die volgende paar weke is :

- Toets jou bure se gevoel t.o.v. kontakbesonderhede uitruil om te gebruik vir ’n tipe van “buurtwag”. Met hulle instemming, skep ’n *WhatsApp*-groep, maar maak almal deel van die groep se “admin”.
- In jou kontak met jou bure let fyn op wat hulle “lyding” is, m.a.w. dinge soos uitdagings, dinge waarmee hulle hulp nodig het, dinge wat hartseer bring in hulle huis, ens. Voeg dit by jou gebedslys vir hulle.



'n Doornkloof Fameliekerk-inisiatief

23 April tot 27 Mei 2017
Uitgawe 1:3

'n Gemeenskap
waar liefde gesien
en hoop beleef word.



Met Paasfees besef ons weer wat die *nuwe lewe in Christus* vir ons beteken. Terwyl ons by die ROOI LIG vertoef, lees en oordink ons die WAARHEID en GEVOLG van Galasiërs 2:19-20 – “Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig,²⁰ en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê” – vir ons lewe en getuienis teenoor ons bure.



WIE IS EK?

- Paulus skryf in vers 19: “Maar wat my betref ...” Hoe sal jy jou eie (geloofs)lewe en dissipelskap van Jesus beskryf deur te begin met die woorde: “Wat my betref ...?”
- Is daar iets in jou lewe wat nie ooreenstem met Paulus se belydenis nie: “... nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe”? Bely dit.

WIE IS MY BURE?

- ▢ Indien jou bure kerklos is, sal hulle 'n dwingende, meeslepende rede moet hê om kerk toe te kom, asook 'n inspirerende visie van wat hulle mis? Uit jou kennis van jou bure se belangstellings, beroepe, stokperdjies, ens. wat dink jy sou vir hulle hierdie rede en visie gee?



Die Bybelse waarde van gasvryheid is eintlik onlosmaaklik verweef met Christenwees. Hebreërs 13:2 sê: “... deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”

Daarom vra die GROEN LIG hierdie keer dat ons :

- Jou bure nooi vir 'n koppie koffie of tee. Dit is nie moeilik om hiervoor motivering te vind nie: Almal leef deesdae maklik by mekaar verby en dit is net menslik om ten minste tyd te maak vir die mense wat langs jou bly.
- Luister fyn in hierdie “kuiertjie”, vra uit (sonder om nuuskierig te wees) en stel opreg belang om te begryp hoe hulle oor God en die kerk voel en dink, indien enigsins.

Laai die vorige uitgawes af by www.facebook.com/DoornkloofFamKerkChurch

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING

7.1 Wat was die navorsingsvoorstel?

In Hoofstuk 1 is die navorsingsvoorstel van hierdie studie aan die orde gestel. Hierdie studie is gedoen om 'n voorlopige platvorm en beginpunt daar te stel vir verdere gesprek en studie in leierskap wat benodig word om 'n tradisionele Nederduitse Gereformeerde Gemeente in sy gemeenskap te inkarneer. Omrede hierdie studie 'n beginpunt is vir verdere navorsing word daar net gefokus op een gemeente, Doornkloof Familiekerk. Die gemeente word deur God geroep om die evangelie te inkarneer. Die manier en aard van haar kerkwees word bepaal deur haar verhouding met die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind. Deelnemende waarneming is in hierdie studie as navorsingstrategie gebruik. Die rede daarvan was dat die navorser 'n noue en intieme vertrouwdheid met die bepaalde konteks (Doringkloof) en hul praktyke het, deur intensiewe betrokkenheid by die lidmate in hul natuurlike omgewing, oor 'n lang tyd.

Daar is aan die hand van die voorbeeld van die apostel Paulus, gepoog om 'n teoretiese *missionale inkarnasiemodel* te ontwerp wat Doornkloof Familiekerk kan help om die missionale aard en roeping van die NG Kerk, soos die Algemene Sinode van 2013 dit voorstel, uit te leef deur na buite, met die gemeenskap wat dit bedien, te identifiseer.

Sommige gemeentes in die NG Kerk het reeds ver gevorder om God se sending na die wêreld uit te leef, maar die studie het bevind dat Doornkloof Familiekerk nog grootliks vasgeval is in konserwatiese bedieningstrukture. Hieraan is die afgelope jare ernstig aandag gegee.

Leiers en predikante van Doornkloof Familiekerk het vaardighede nodig om lidmate te lei en toe te rus om geestelik te groei en om as 'n missionale gemeente te ontwikkel. Hierdie studie het aan die hand van Paulus se voorbeeld 'n aantal chaordiese/ vloeibare leierseienskappe bepaal wat die leiers moontlik kan help om vaardighede te ontwikkel wat die gemeente nodig het om die komplekse prosesse in die gemeente te bestuur. Die term missionale leier verwys na leiers, nie net predikante nie, wat in die lig van God se missie in die wêreld hulle eie identiteit en roeping verstaan.

7.2 Verloop van studie

Hoofstuk 2 het gevind dat die kerk en die kerk se sending vanuit die wese van God Self verstaan behoort te word. Sending is 'n geskenk van die sturende God. Heelwat aandag is aan die rol van die Doornkloof Familiekerk gegee, aan die leierskap, verhoudings, doel en identiteit van die gemeente. Die studie het bevind dat alhoewel die predikante van die gemeente nie die enigste leiers in hierdie spesifieke geloofsgemeenskap is, hulle nog steeds die tradisionele rol wat in die gemeentelike bediening aan hulle toegeken word, vervul.

Hoofstuk 3 help ons om inkarnasie te verstaan. Inkarnasie is om met mense te wees, waar hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem. Hierdie studie het bevind dat die gemeente sending veral sien as iets wat daar vër gebeur. Naby en deel wees, inkarnasie, is problematies vir hulle. Die inkarnasie van Christus leer vir ons hoeveel intimiteit, warmte en diepte van vriendskap Hy met ons het in ons gebrokenheid. Die gemeente het nodig om die implikasies van die inkarnasie te verstaan en dit in die gemeenskap uit te leef. Hierdie studie stel 'n moontlike oplossing, dié van “straatgeloof”, voor wat vroeër in hierdie studie bespreek is. Dit beteken onder meer dat die gemeentelede eerder na mense toe moet gaan as wat die kerk in die eerste instansie daarop gerig is om mense na die gebou toe te bring.

In Hoofstuk 3 is die navorsingsvraag 2 beantwoord: Wat word bedoel met inkarnasie en wie is veronderstel om te inkarneer? Die NG Kerk moet haarself weggee, moet haarself in die samelewing wat sy wil dien, inkarneer. Dít is die strekking van die verslag oor missionale kerkwees wat in 2013 deur die Algemene Sinode bespreek en goedgekeur is. Met “weggee” word bedoel dat dit nie vir die kerk om haarself gaan nie, maar dat die kerk verstaan dat sy is deur God na die wêreld gestuur is om lewens te help verander.

In Hoofstuk 4 is daar gebruik gemaak word van apostoliese leiereienskappe van Paulus, as model vir leiers in ons tyd. 'n Apostoliese leier is ten diepste 'n transformerende leier wat die vermoë het om grense tussen kulture en in kulture oor te steek. Navorsingsvraag 8.3 is in hierdie hoofstuk hanteer: Wat is apostoliese leierskap? Begrip en die verstaan van komplekse sisteme maak die kerkleiers inderdaad bewus van die werklikheid daarvan dat 'n bepaalde gemeente nie langer geïsoleer mag bestaan nie. Die gemeente is 'n lewende organisme wat in verhouding tot haar eksterne omgewing bestaan.

Ons is op baie verskillende maniere in 'n nuwe era in die lewe van Doornkloof Famaliekkerk - 'n missionêre era. Alhoewel, ons kan ook sê dat ons terug is in die kinderskoene van die kerk, ná baie eeue van die Christendom. Ons gaan voort met die missionêre era van die vroeë kerk.

In Hoofstuk 5 is vasgestel hoe Doornkloof Famaliekkerk tans daar uitsien, haar identiteit en selfverstaan in die gemeenskap waarin sy geleë is. Die hoofstuk probeer ook bepaal of die gemeente geslaagd in die gemeenskap geïnkarneer is. Die gevolgtrekking van hierdie hoofstuk was dat die gemeente nog nie 'n radikale oorgangsverskuiwing vanaf 'n institutionele kerkmodel 'n missionale model gemaak het nie. Die navorser meen egter dat die gemeente in die rigting groei, onder meer deur die ontwikkeling van 'n Engelstalige bediening. Die mense in die gemeenskap, ongeag taal of ras, moet 'n tuiste kan vind in ons eredienste, waar hulle God ontmoet en opgeneem word in Doornkloof se geloofs familie, 'n ontmoeting met God kan beleef en ook aktief deel word van 'n geloofs familie. Doornkloof wil graag 'n verskil in die gemeenskap maak, 'n gemeente waar liefde gesien en hoop uitgestraal word.

Hoofstuk 6 is die hoofstuk waarin daar op grond van die leierseienskappe van Paulus, soos geïdentifiseer is in Hoofstuk 4 'n voorlopige inkarnasiemodel vir 'n tradisionele voorstedelike gemeente (Doornkloof Famaliekkerk) voorgestel word.

In Hoofstuk 6 word die gemeente se inkarnasiemodel, nl. *Straatgeloof* behandel. Die dominees is nie die alleen verkondigers van die evangelie nie. Elke gelowige het 'n eie gemeente, die mense met wie hulle van Maandag tot Saterdag in aanraking kom. God stuur al die lidmate na die wêreld toe om die goeie nuus te gaan verkondig dat Jesus die Here is en dat God Hom uit die dood opgewek het. Die Straatgeloof-model help lidmate om vir iemand te sê: God stuur my. Ek moet hierdie goeie nuus gaan verkondig. Maar die verkondiging behels dat ek my lewe aan ander gee.

Straatgeloof begin met 'n sterk fokus op die voorbereiding van die grond vir die saai van die blye boodskap. Die boodskapper beliggaam die boodskap. Straatgeloof stel daarom twee vrae: "Wie is ek?" (introspeksie) en "Wie is my bure?" (katalisator). Straatgeloof se "padpredikant" behels dat daar 'n logiese en sistematiese gang aan die meedeel van die blye boodskap aangaande Jesus Christus is.

7.3 Terreine vir toekomstige navorsing

Binne die vereistes wat vir 'n MTh skripsie gestel word, kon die die navorser slegs die omstandighede van een gemeente, Doornkloof Familiekerk, ondersoek en aanbevelings maak wat op die bediening in hierdie gemeente gemik is. Verdere navorsing waarby 'n groter groep gemeentes van die NG Kerk betrek word, kan van groot waarde wees. Die ontwikkeling van missionale gemeentes van ander denominasies in ons land sowel as in die buiteland, kan ook nuwe insigte verskaf – insigte wat vir die bediening in die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika betekenis kan hê.

LITERATUURLYS

- Algemene Sinode 2013. *A.12.7 Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk*, <http://www.ngkerk.org.za/AS2013/wp-content/uploads/agenda/A.00%20VOLLEDIGE%20AGENDA%20VIR%20ALGEMENE%20SINODE%202013.pdf>)
- Ascough R. 2002. *Journal Religious Leadership*, Vol. 1, No. 2, Fall 2002.
- Ascough R. 2006. *Passionate Visionary. Leadership Lessons from Paul*, Hendrickson.
- Barna, G. 1988 *Marketing the Church: What They Never Taught You about Church Growth*, Colorado Springs: NavPress.
- Barna, G. 1992. *The Power of Vision: How You Can Capture and Apply God's Vision For Your Ministry*, Ventura: Regal, 1992.
- Barna, G. 1993. *Today's Pastor*, Ventura: Regal.
- Barna, G. ed. 1997. *Leaders on Leadership: Wisdom, Advice and Encouragement 011 the Art of Leading God's People*, Ventura: Regal.
- Barna, G. 2001. *The Power of Team Leadership: Finding Strength in Shared Responsibility*, New York: WaterBrook.
- Barna, G. 2002. *Fish Out of Water: 9 Strategies to Maximize Your God-Given Leadership Potential*, Nashville: Integrity.
- Barrett et al. 2004. *Treasure in Clay Jars: Patterns in Missional Faithfulness*, Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company
- Blaaw, J. 1962. *The Missionary Nature of the Church: A Survey of the Biblical Theology of Mission*. London: Lutterworth .
- Blaiklock, E. M. 1970. The Acts of the Apostles as a Document of First Century History, in Gasque W W and Martin R P (eds), *Apostolic History and the Gospel: Biblical and Historical Essays Presented to F. F Bruce on his 60th Birthday*, 54. Grand Rapids MI: Eerdmans.
- Bosch, D. 1991. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. Maryknoll, New York: Orbis Books.
- Boyarin, D. 1994. *A Radical Jew*. Berkley CA: University of California.
- Brueggemann, W. 2005, *The preacher, the text and the people*, Review and Expositor 102(1): 493-506.
- Burger, C. Marais, F. Mouton, D. (ed.), 2017. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Bible-Media
- Chaplin, J. 2003. *On globalization; an exercise in public theology*. Comment, 21(2):30-35, Spring.
- Clarke, A.C. 2008, *A Pauline theology of church leadership*, T&T Clark: London
- Cray, G. (Discernment: The key to planting missional churches) in Burger, C. Marais, F. Mouton, D. (ed.), 2017. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible-Media
- Drane W. 1976. *Paul: An Illustrated Document*. New York: Harper & Row.
- Edson B. 2006. An Exploration into the Missiology of the Emerging Church in the UK Through the Narrative of Sanctus¹, *International Journal for the Study of the Christian Church* 6.
- Franklin K. J. 2017. *Towards global missional leadership. A journey through leadership paradigm shift in the mission of God*. Regnum Books International in partnership with Wycliffe Global Alliance
- Frost and Hirsch, 2003. *The Shaping of Things to Come*, Hendrikson Publishers

- Gaum, F. 2008. *Christelike Kern-ensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi.
- Gilliland, D. S. 1998. *Pauline Theology & Mission Practise*. Eugene OR: Wipf and Stock.
- Grenz, S. J. and Franke J. R. 2001. *Beyond Foundationalism : Shaping Theology in a Postmodern Context*. Louisville, KY Westminster John Knox Press
- Glasser, A. F. 2003. *Announcing the Kingdom: The story of God's Mission in the Bible*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Guder, D. L. ed., 1998. *Missional Church: A Vision for the Sending of the Church in North America*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Hirsch, A 2006. *The Forgotten Ways*. Grand Rapids: Brazos Press.
- Hirsch, A. & Ferguson D. 2011. *On the verge: A journey into the apostolic future of the church*. Zondervan: Michigan.
- Hirsch, A. & Catchim, T. 2012. *The Permanent Revolution. Apostolic Imagination and Practice for the 21st Century Church*. San Francisco, Ca: Jossey-Bass.
- Hock, D. 2000. *Nelson Searcy and Chad Hall, "An Interview with Dee Hock," Smartleadership) Magezine*.
(<http://www.smartleadership.com/articles/hock.html>, accessed September 8, 2000.
- Joubert, S. J. 2007. *Die perfekte storm: Hoe die gelowiges vandag die wêreld van môre kan oorleef*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Joubert, S. 2013. Not by order, not by dialogue. The metanoetic presence of the kingdom of God in a fluid new world and church. *Acta Theologica* 33
- Joubert, S. 2014, 'Walking the Talk': Paul's Authority in Motion in 2 Corinthians 10-13, In *die Skriflig* 49(2), 1-7
- Joubert, S. 2016. *Kerk het mense nodig wat doen*. Beeld.
<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/kerk-het-mense-nodig-wat-doen-20160111>
- Keum, J 2013. *Together Towards Life: Mission and Evangelism in Changing Landscapes*. Switzerland: World Council of Churches.
- Keum, J. 2012. Editorial. *International Review of Mission* 101(1):1-5.
- Keum, J. (Ed.) 2013. *Together towards life: Mission and evangelism in changing landscapes. With a practical guide*. Geneva: World Council of Churches
- Kiefert, P. R. 2006. *We are here now: A new missional Era*. Eagle, Idaho: Allelon Publishing.
- Kiefert, P. R. 2017. (Missional theology as Trinitarian theology: A conversation with Patrick Keifert). in Burger, C. Marais, F. Mouton, D. (ed.), 2017. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Bible-Media Publications.
- Kim, K. 2009. *Joining in with the Spirit: Connecting world church and local mission*. London: Epworth.
- Kim, K. 2011. *Mission's changing landscape: Global flows and Christian movements*. *International Review of Mission* 100(2):244-267.
- Kotzé, C. S. *Doornkloof-wêreld*. V & R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria.
- Kritzinger, J. N. J. 2011. "Mission as..." *Must we choose?* *Missionalia* 39:1/2 (April/August): 32-59.
- Kritzinger, J. N. J. 2012. "Tutorial Letter Research proposal module for the DTh in Missiology. UNISA
- Lewin, R 1999. *Complexity: Life at the Edge of Chaos*. The University of Chicago Press
- Maxwell, J. C. 1993. *Developing the Leader Within You*. Nashville: Nelson.

- Moltmann, J. 1991. *The Trinity and the Kingdom*, New York: Harper & Row.
- Moltmann, J. 1977. *The church in the power of the Spirit*. London: SCM
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's and doctoral studies*. Pretoria: Van Schaik.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. Algemene Sinode 2013. Verslag A. 12.7 Raamwerkdokument oor die Missionale aard en roeping van die NG Kerk. NG Kerkgewers.
- Newbigin, L. 1989. *The Gospel in Pluralist Society*. Ashford Colour Press Ltd.
- Niemandt, N. 2014. *Artisanal cheeses or artisanal Jesus – loving your postal code enough to reflect it in the life and theology of the church*
<http://missionalia.journals.ac.za> <http://dx.doi.org/10.7832/42-1-2-45> Artisanal cheeses or artisanal Jesus 41)
- Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: Lux Verbi BM.
- Niemandt, N. 2013. *Nuwe Leiers vir nuwe Werklikhede*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Niemandt, N. 2015 *Together towards life and mission: A basis for good governance in church and society today*
<http://missionalia.journals.ac.za> <http://dx.doi.org/10.7832/42-1-2-45> 38
 Missionalia 42:1-2 (April/August 2014) 38-54
- Pollock, J. 1985. *The Apostle: A Life of Paul*. Colorado Springs CO: Cook
- Roberts Jr, B. 2006. *Transformation: How Glocal Churches Transform Lives and the World*. Grand Rapids: Zondervan.
- Rogers, G. 2003. *A Basic Introduction to Missions and Missiology*. Mission and Ministry Resources: sl.
- Rossmann, G. B. and Rallis, 2012. *Learning in the Field. An introduction to Qualitative Research*. Los Angeles –London – New Delhi – Singapore – Washington DC: SAGE
- Rouse, R & Van Gelder, C. 2008. *A field Guide for the Missional Congregation: Embarking on a Journey of Transformation*. Minneapolis: Augsburg Fortress.
- Sanders, 1999. *Dynamic Spiritual Leadership: Leading Like Paul*. Grand Rapids: Discovery House.
- Roxburgh, A. J. 2011, *Missional. Joining God in the neighbourhood*. Grand Rapids: Baker. [Kindle].
- Roxburgh, A. J. *Missional Map-Making: Skills for Leading in Times of Transition*. San Francisco, CA: John Wiley & Sons.
- Shenk, W. R. 1999. *Changing Frontiers of Mission*. Maryknoll, Orbis Book.
- Smit, F. 2015. *As die getalle-dolos gegooi word, is die uitslag: Wit bevolking gaan nog skerp afneem*.
- Spears, L. C. (ed). 1995. *Reflections on Leadership*. New York: John Wiley & sons, Inc.
- Strydom, Jaco 2014. *Kerke moet tot bekering kom* Beeld, 2014,
 <<http://www.beeld.com/opinie/2014-04-15-kerke-moet-totbekering-kom/>>
<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/Wit-bevolking-gaan-nog-skerp-afneem-2015100>
- Sweet, L. 2010. Nudge. *Awakening each other to the God who's already there*. Colorado Springs: David Cook
- Sweet, L. 2012. *I am a Follower. The way, truth, and life of following Jesus*. Nashville: Thomas Nelson.
- Swindoll, C. R. 2002. *Paul: A Man of Grace and Grit*. Nashville TN: W Publishing Group.

- Tennent, T. C. 2010. *Invitation to the World Missions. A Trinitarian Missiology for the Twenty-first Century*. Grand Rapids: Kregel.
- Van der Merwe, J.C., 2014, 'n Narratief vir kerk-wees vandag', HTS Teologiese Studies/Theological Studies 70(1), Art. #2699, 13 pages.
<http://dx.doi.org/10.4102/>
- Van der Merwe, J.C., 2013, 'Lense op spiritualiteit en kerkwees: Die pad vorentoe vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)', HTS Teologiese Studies/Theological Studies 69(1), Art. #1988, 16 pages.
<http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.1988>
- Van der Walt, B.W. 2004, *Globalisering: die nuwe gees van die 21ste eeu?* In die Skriflig 38(2) 2004:263-289
- Van Gelder, C. 2009. *The missional church & Leadership Formation*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Van Gelder, C & Zscheile, D. J. 2011. *The Missional Church in Perspective. Mapping Trends and Shaping the Conversation*. Grand Rapids: Baker Academic.
- Van Gelder, C (ed.) 2008. *The Missional Church & Denominations: Helping congregations Develop a Missional Identity*. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company
- Van Niekerk, A. 2014. *The missional congregation in the South African context*. HTS Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: *Die Belydenis van Belhar*. Die volledige teks is onder andere te kry by Johan Botha en Piet Naudé 2010: *Goeie Nuus om te bely*, Wellington: Bybelmedia.
- Teologiese Studies/Theological Studies, 70(1):1–6.
- Wagner, C. P. 2006. *Biblical Government for Biblical Power: Apostles today*. Ventura, California: Regal Books.
- Walls, A.F. 199. *The Missionary Movement in Christian History: Studies in the Transmission of Faith*. Maryknoll, NY: Orbis.
- Walls, A.F. 2009. *Christianity across twenty centuries*, in Johnson, T.M. and Ross, K.R. (eds.) *Atlas of global Christianity 1910-2010*. Edinburg: Edinburgh University Press.
- Wheatley, M. J. 1999. *Leadership and the New Science: Discovering Order in a Chaotic World*. Berrett-Koehler Publishers.
- Wheatley, M. J. 1997. *Leader to Leader*. No.5, Summer.
- Williams, R. P. B. 2006. *Towards a strategic transcultural model of leadership that enhances koinonia in urban South-Africa*. University of Pretoria.
- Winseman, A. L. 2009. *Growing an engaged church*. Gallup Press
- World Council of Churches 10th Assembly Busan. Geneva: WCC Publications.
 Downers Grove, Illinois: IVP Academic
- Wright, C. J. H. 2006. *The Mission of God: Unlocking the Bible's Grand narrative* World Council of Churches, 2013, Resource Book,
- Wright, C. J. H. 2010. *The mission of God's People: A Biblical Theology of Church's Mission*. Downers Grove, Illinois: IVP Academic. Grand Rapids, Michigan: Zondervan
- Zimmermann, J. 2004. *Recovering theological hermeneutics- an incarnational Trinitarian theory of interpretation*. Baker Academic, Grand Rapids.

KERNBEGRIJPE:

- 1 Die *missio Dei* en die *missio ecclesiae*
- 2 Missie en missionaal
- 3 Missionale leierskap
- 4 Inkarnasie
- 5 Apostoliese leierskap
- 6 Kerk
- 7 Onderskeiding
- 8 Chaos-teorie
- 9 Leierskap
- 10 Organisatoriese leierskapstyl
- 11 Inkarnasiemodel
- 12 Straatgeloof
- 13 Doornkloof Familiekerk
- 14 Doringkloof gemeenskap
- 15 Predikant